# VIR DIE KERKJEUG

Openbaringsgeskiedenis en ons Belydenisskrifte
vir die Verbondskind

deur DS. M. J. BOOYENS

www.christelikemedia.org

# Inhoud


WOORD VOORAF VAN DIE SKRYWER ........ 8

BY DIE TWEEDE DRUK ........ 9

BY DIE DERDE DRUK ........ 9

DEEL 1: OPENBARINGSGESKIEDENIS ........ 10

HOOFSTUK 1 ........ 10

WIE HET HIERDIE DINGE GESKAPE? ........ 10

1. Die God van hemel en aarde. ........ 10
2. "In die begin het God die hemel en die aarde geskape". (Gen. 1:1.) ........ 10
3. Die hemel en aarde. ........ 11
4. Die "sesdaagse" skepping. ........ 11
5. God het alles geskape en dit het nie sommer so vanself ontwikkel nie. ........ 11
6. God het alles volgens hulle soorte geskape. ........ 11
7. God het alles "goed" geskape. ........ 11
8. God het op die sewende dag gerus van al sy werk. ........ 12
9. Vrae. ........ 12

HOOFSTUK 2 ........ 13

WERKVERBOND EN PROEFGEBOD ........ 13

1. Openbaringsgeskiedenis wil ons leer om die Bybel te begryp. ........ 13
2. Om te weet wat God, aan ons openbaar moet ons die Bybel ken. ........ 13
3. Die Werkverbond en die Proefgebod ........ 13
4. Wat is 'n verbond? ........ 13
5. Wat beteken dit dat die mens na die beeld van God geskape is? ........ 14
6. God sluit 'n verbond met die mens. ........ 14
7. Waarom noem ons hierdie verbond die werkverbond? ........ 14
8. Die vyand van die verbond. ........ 14
9. Die Proefgebod. ........ 14
10. Vrae. ........ 14

HOOFSTUK 3 ........ 16

WERKVERBOND EN SONDEVAL ........ 16

1. Wees getrou my kind. ........ 16
2. Die slang verskyn op die toneel. Lees Gen. 3:1-3. ........ 16
3. Die duiwel noem God 'n leuenaar. Lees: Gen. 3:4 en 5. ........ 16
4. Die vader van die leuen. ........ 17
6. Jy sal sekerlik sterwe, Gen. 3 :7 en Gen. 2 :16 en 27. ........ 17
7. God verwerp die mens nie geheel nie. ........ 17
8. Die moederbelofte. ........ 17
9. Vrae. ........ 18

HOOFSTUK 4 ........ 19

PARADYS TOT SONDVLOED ........ 19

1. Vyandskap tussen mens en mens. ........ 19
2. Dit openbaar die vyandskap van die duiwel teen God. ........ 19
3. Geloof en ongeloof is ook die verdeling tussen Kain en Set se nageslag. ........ 19
4. Geloof en ongeloof mag nie vermeng nie. ........ 20
5. Die Sondvloed is die oordeel van God oor die boosheid van die mense. ........ 20
6. Aan Noag bewys die Here genade. ........ 20
7. Die Sondvloed word ook later in die Bybel gebruik as voorbeeld van oordeel en genade. ... 20
8. Die natuurverbond. ........ 20
9. Die betekenis van die natuurverbond. ........ 20
10. Die reënboog as verbondsteken. ........ 20
11. Vrae. ........ 21

HOOFSTUK 5 ........ 22

ABRAHAM DIE VADER VAN DIE GELOWIGES ........ 22

1. God verstrooi. 22
2. Een word geroep. Gen. 12. 22
3. Abraham die vader van die gelowiges. 22
4. Abraham die vader van die Christus. 23
5. Abraham en die genadeverbond. 23
6. Die verbondsteken is die besnydenis (Gen. 17). 23
7. Abraham se plek in die Openharingsgeskiedenis. 23
8. Vrae. 23

**HOOFSTUK 6 24**

GOD STEL SY VERBOND IN WERKING 24
1. Abraham maak kennis met die eise van die verbond. 24
2. Verbond en verkiesing. 24
3. Verbond en verkiesing — Ismael en Isak. 24
4. Verbond en verkiesing — Jakob en Esau. 25
5. Die verbond is die bedding waarlangs die stroom van die uitverkiesing vloei. 25
6. Vrae. 26

**HOOFSTUK 7 27**

GOD SE VERBONDSTROU 27
1. Jakob-Israel. 27
2. Betel. . . Pniël. . . El-Betel 27
3. Die Here lei sy volk na Egipte. 28
4. God hou sy hand oor Josef. 28
5. Vrae. 28

**HOOFSTUK 8 30**

UIT EGIPTELAND, UIT DIE SLAWEHUIS, UITGELEI 30
1. Verdrukking in Egipte. 30
2. Die Here sorg ook vir 'n verlosser. 30
3. Verlossing deur bloed. 31
4. Verlossing deur water. 31
5. Die Verbondsgod voorsien. 31
6. Die Here leer sy volk om te loop. 31
7. Die Verbond Sinaï. 31
8. Betekenis van die verbond. 32
9. Vrae: 32

**HOOFSTUK 9 33**

VAN HEMELSE TOT AARDSE KONINGSKAP 33
1. Na veertig jaar tuis. 33
2. 'n. Swak begin. 33
3. Godsregering of Teokrasie. 34
4. Van hemelse tot aardse koningskap. 34
5. Van aardse tot hemelse koningskap. 34
6. Vrae. 35

**HOOFSTUK 10 36**

KONINGS EN VOLK SPEEL MET GOD SE VERBOD 36
1. Salomo se wysheid laat hom in die steek. 36
2. Van kalwerdiens tot verstrooiing. 36
3. Twee soorte konings in Juda. 36
4. Juda in die louteringsvuur te Babel. 37
5. 'n Oorblyfsel sal terugkeer. 37
6. Vrae. 37

**HOOFSTUK 11 38**

DIE PROFETE 38
1. "Moses en die Profete". 38
2. Wat is 'n profeet? 38
3. Hoe het die profete die Godsopenbaring ontvang? 38
4. Die profeet is 'n spreker van God. 39

5. Wat het die profete aan die volk verkondig. .... 39
6. Die profete en die toekoms. .... 39
7. Vrae. .... 39
**HOOFSTUK 12 .... 40**
SKADUWEES EN WERKLIKHEID .... 40
1. Toneel reggeskuif vir koms van die Koninkryk van God. .... 40
2. Ons sien terug na die beloftes. .... 40
3. Ons kyk terug na die afbeeldinge. .... 40
4. Ons kyk terug na die bloed van stiere en bokke. .... 41
5. Vrae. .... 41
**HOOFSTUK 13 .... 42**
DIE KONINKRYK VAN GOD .... 42
1. Die koninkryk van God. .... 42
2. God is Koning oor die ganse skepping. .... 42
3. Die koninkryk van genade. .... 42
4. Die koninkryk sal kom. .... 43
5. Die Koning van die Koninkryk. .... 43
6. Die koninkryk het naby gekom. .... 43
7. "Totdat die volkomenheid van u ryk kom..." .... 44
8. Vrae. .... 44
**HOOFSTUK 14 .... 45**
ONS HOOGSTE PROFEET EN LERAAR .... 45
1. In die begin was die Woord. .... 45
2. Jesus alleen is die Profeet. .... 45
3. Jesus preek deur sy dade. .... 45
4. Jesus preek deur sy woorde. .... 46
5. Hy verkondig dat Hy die Seun van God is. .... 46
6. Hy verkondig dat God ook die Vader is van hulle wat in Hom, Jesus glo. .... 46
7. Hy verkondig die koninkryk van God. .... 46
8. Hy verkondig dat Hy die Seun van die mens is. .... 46
9. Jesus het verkondig dat Hy die Messias is. .... 47
10. Jesus verkondig sy eie dood en opstanding. .... 47
11. Jesus verkondig sy wederkoms. .... 47
12. Vrae. .... 47
**HOOFSTUK 15 .... 48**
ONS ENIGSTE HOËPRIESTER EN SY ENIGE OFFERANDE .... 48
1. Priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. .... 48
2. Die werk van die priesters. .... 48
3. Die betekenis van die offers. .... 48
4. Die Offerlam van ons enigste Hoëpriester. .... 48
5. Op Golgota het ons Hoëpriester Homself geoffer. .... 49
6. Sy offer net eenmaal. .... 49
7. Ons enigste Hoëpriester werk nog steeds. .... 49
8. Vrae. .... 49
**HOOFSTUK 16 .... 50**
DIE VADER EN DIE SEUN EN DIE HEILIGE GEES .... 50
1. Die belydenis van God drie-enig is die hart van die geloof van die Christen. .... 50
2. Die geheimenis word gaandeweg meer en meer geopenbaar. .... 50
3. God drie-enig by die skepping. .... 50
4. God drie-enig by die skepping van die mens. .... 50
5. Die Engel van die HERE. .... 50
6. Ook van die Heilige Gees is sprake in die Ou Testament. .... 51
7. Die Drie-eenheid by Jesus se geboorte. .... 51
8. By Jesus se doop deur Johannes. .... 51
9. Jesus self verkondig dat Hy die Seun van God is en dat Hy een met die Vader is. .... 51
10. Jesus verkondig dat Hy die Heilige Gees van die Vader sál stuur. .... 51
11. Die openbaring van die Drie-eenheid blyk duidelik uit die doopformule. .... 51

12. Vrae. 52
**HOOFSTUK 17** 53
PINKSTER — DIE TROOSTER HET GEKOM OM TE BLY 53
1. Die belofte van die Heilige Gees. 53
2. Die uitstorting van die Heilige Gees. 53
3. Die tekens waarmee die Heilige Gees kom. 53
4. Die geluid van 'n geweldige rukwind. 53
5. Tonge soos van vuur. 54
6. Hulle het begin spreek in ander tale. 54
7. Hulle is almal vervul met die Heilige Gees. 54
8. Vrae. 54
**HOOFSTUK 18** 56
WERKTUIE VAN DIE HEILIGE GEES 56
1. Mense vervul met die Heilige Gees werk met besieling en moed. 56
2. Werktuie van die Heilige Gees verkondig Jesus Christus as die Gekruisigde. 56
3. Werktuie van die Heilige Gees verkondig die Woord van God. 56
4. Werktuie van die Heilige Gees vergader die kerk. 57
5. Die kerk vergader uit die heidene. 57
6. Die kerk gevestig in die wêreld. 57
7. Vrae. 57
**HOOFSTUK 19** 59
APOSTELS EN PROFETE 59
1. Dissipels word apostels. 59
2. Wat is apostels. 59
3. Kentekens van die apostelamp. 59
4. Profete in die Nuwe Testament. 60
5. Vrae. 60
**HOOFSTUK 20** 61
DIAKENS, OUDERLINGE, LEER-OUDERLINGE 61
1. Die "gewone" besondere ampte in die kerk. 61
2. Die amp van die diaken word ingestel. 61
3. Wat is 'n diaken? 61
4. Waar om is daar onderlinge? 61
5. Leer-ouderlinge. 62
6. Vrae. 62
**HOOFSTUK 21** 63
DIE BYBEL OPENBAAR ONS TOEKOMSVERWAGTINGE 63
1. Die lewe ná die dood volgens die Ou Testament. 63
2. Die lewe na die dood volgens die Nuwe Testament. 63
3. Die wederkoms van Christus. 63
4. Die tekens van die tye. 64
5. Die Antichris: 64
6. Die wederkoms en die opstanding van die vlees. 64
7. Na die oordeel ewige heerlikheid en ewige straf 64
8. Vrae. 65
**DEEL II: ONS BELYDENISSE** 66
**HOOFSTUK 22** 66
BELYDENISSKRIFTE 66
1. Wat is ons Belydenisskrifte? 66
2. Is belydenisskrifte nodig? 66
3. Die belydenis is die hand van eenheid tussen die gelowiges. 66
4. Die belydenis is onvolkome, maar vas en seker. 67
5. Die belydenis is die wapen teen dwalinge. 67
6. Vrae. 67
**HOOFSTUK 23** 68

DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS ..... 68
1. Ons oudste belydenisskrif. ..... 68
2. Hoe het die Twaalf Artikels ontstaan? ..... 68
3. Waarom het die belydenis nodig geword? ..... 68
4. Eenheid en waarheid. ..... 68
5. Wie het by die ou Christelike kerk aangesluit ..... 68
6. Die Apostoliese Geloofsbelydenis is van groot waarde. ..... 69
7. Hoofinhoud van die Apostoliese Geloofsbelydenis. ..... 69
8. Vrae: ..... 69
**HOOFSTUK 24 ..... 70**
DIE GELOOPSBELYDENIS VAN NICÉA ..... 70
1. Waarom was 'n belydenisskrif weer nodig? ..... 70
2. Arius die presbiter (ouderling) van Alexandrië. ..... 70
3. Athanasius die diaken. ..... 70
4. Die stryd duur voort. ..... 70
5. Inhoud van hierdie belydenisskrif. ..... 70
6. Onbegryplike belydenis. ..... 70
7. Vrae. ..... 71
**HOOFSTUK 25 ..... 72**
DIE GELOOFSBELYDENIS VAN ATHANASIUS ..... 72
1. Herkoms onseker. ..... 72
2. Die stryd teen patriarg Nestorius. ..... 72
3. 'n Nuwe stryd teen Eutyches. ..... 72
4. Die Belydenis van Athanasius. ..... 72
5. Die Drie-eenheid. ..... 72
6. Vrae. ..... 73
**HOOFSTUK 26 ..... 74**
DIE HERVORMING ..... 74
1. Ontrou aan die Woord. ..... 74
2. Protestantse Kerke ontstaan. ..... 74
3. Nuwe Belydenisskrifte ontstaan. ..... 74
4. Algemene en besondere belydenisskrifte. ..... 74
5. Iets meer oor Roomse dwalinge. ..... 75
6. Vrae. ..... 75
**HOOFSTUK 27 ..... 77**
DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS ..... 77
1. Die grondlegger Johannes Calvyn ..... 77
2. Institusie die eerste "Geref. Belydenisskrif'. ..... 77
3. Die Hervorming in Nederland. ..... 77
4. Die Nederlandse Geloofsbelydenis in bloed gedoop. ..... 77
5. Inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis. ..... 78
6. Slotopmerkinge, ..... 78
7. Vrae. ..... 78
**HOOFSTUK 28 ..... 79**
DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS ..... 79
1. Frederik III van Heidelberg. ..... 79
2. 'n Leerboek nodig. ..... 79
3. Ursinus en Olevianus. ..... 79
4. Hoofinhoud van die Kategismus. ..... 79
5. Die Kategismus 'n belydenisskrif. ..... 80
6. Die groot betekenis van die Heidelbergse Kategismus. ..... 80
7. Vrae. ..... 80
**HOOFSTUK 29 ..... 81**
DIE DORDTSE LEERREËLS ..... 81
1. Ons jongste belydenisskrif. ..... 81
2. Die uitverkiesing 'n ou strydpunt. ..... 81

3. Calvyn en die uitverkiesing. ..... 81
4. Arminius en Gomarus. ..... 81
5. Die Sinode van Dordrecht 1618—19. ..... 81
6. Die Dordtse Leerreëls. ..... 82
7. Waarom is die leer van die uitverkiesing só belangrik? ..... 82
8. Uitverkiesing ons enigste troos, ..... 82
9. Vrae. ..... 82

**DEEL III: KERKREGERING ..... 83**

**HOOFSTUK 30 ..... 83**

KERKREGERING ..... 83
1. Wie regeer oor die kerk? ..... 83
2. Wie gebruik Christus as ampsdraers op aarde? ..... 83
3. Waarom het ons 'n Kerkorde? ..... 83
4. Die plaaslike kerk ons uitgangspunt. ..... 83
5. Jy is lidmaat van die plaaslike kerk. ..... 83
6. Die plaaslike kerke vorm 'n kerkverband. ..... 84
7. Vrae. ..... 84

**HOOFSTUK 31 ..... 85**

MEER OOR DIE KERKREGERING ..... 85
1. Iets oor die kerklike tug. ..... 85
2. Die kerklike tug is 'n liefdesmiddel. ..... 85
3. Iets oor ons kerklike bydraes. ..... 85
4. Belydenis van die geloof. ..... 85
5. Behoort jy aan 'n goeie kerk? ..... 86
6. Is jy 'n goeie lidmaat van die kerk? ..... 86
7. Vrae. ..... 86

**LESROOSTER ..... 87**

**KLAS 6A (15 Jaar) ..... 87**

**KLAS 6B (16 Jaar) ..... 88**

# WOORD VOORAF VAN DIE SKRYWER

*Die* Openbaringsgeskiedenis vir Kinders *is 'n uitvloeisel van die rapport van die Deputate vir Katkisasie wat deur die Sinode van 1967 aanvaar is. "Die Bybelgeskiedenis moet met die opgroei van die kind steeds toenemend behandel word as openbaringsgeskiedenis" (Handelinge p. 545:c (iii)). My bedoeling is dat hierdie boekie moet aansluit by* Laat My Lammers wei *waarin die feite van die Bybelgeskiedenis meer in besonderhede behandel word. Hierin word nou hoofsaaklik op die betekenis van die feite nadruk gelê en dan ook alleen op hoofsake. My oorwoë mening is dat nie van kinders verwag kan word om 'n intensiewe studie van die Openharingsgeskiedenis te maak nie. Ek moes na die beste van my vermoë waak teen al te veel beredenering en eintlik alleen maar openbaringsgedagtes stel met verwysing na kern-Skrifgedeeltes en tekste.*

*My bede is dat dit tot 'n seën mag wees vir die kinders van ons kerk. Selfs ouers en onderwysers mag dit ook nuttig kan gebruik.*

## BY DIE TWEEDE DRUK

*Ek het dit ernstig oorweeg om die Openbaringsgeskiedenis in hierdie boekie breër uit te werk. Eindelik het ek besluit om dit tog maar weer in dieselfde formaat te laat verskyn. Dat die boekie so vinnig uitverkoop is, laat ook by my die indruk dat dit wel, soos dit is, in 'n behoefte voorsien.*

*In hierdie uitgawe voeg ek alleen een hoofstuk by oor die skepping. Daarmee, hoop ek, dat dit meer vrugbaar mag wees, veral aangesien Gen. 1*-3 *deesdae so in gedrang is.*

Die skrywer. Pretoria. April 1970.

## BY DIE DERDE DRUK

*Ek het in hierdie uitgawe hier en daar iets bygewerk. Verder is nou aan die begin van elke hoofstuk 'n "werkopdrag" vir die katkisante. Indien dit noukeurig en skriftelik uitgevoer word, sal dit die selfwerksaamheid van die kinders baie aanmoedig en in hulle kennis en begrip grootliks aanhelp.*

Die skrywer. Pretoria.

1973.

# DEEL 1: OPENBARINGSGESKIEDENIS

## HOOFSTUK 1

## WIE HET HIERDIE DINGE GESKAPE?

*Werkopdrag.* (Beantwoord vrae skriftelik)

i. Wat is die Bybel? Gegewens kan verkry word uit: Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 2-5; 2 Tim. 3: 16, 17; Hebr. 1:1; 2Petr. 1:20, 21.

ii. Wat het die Here Jesus van die Ou Testament gedink?

Gegewens: Luk. 4:1-13; Luk. 4:21; Joh. 10:35; Joh. 15:25; Matt. 11:13; Matt. 22:40.

iii. Lees Gen. 1 en 2 en beantwoord die volgende vrae:

(a) Wanneer het God die hemel en die aarde geskape?

(b) Wat het Hy op elke dag van die eerste tot die sesde dag geskape?

(c) Hoe het God die mens geskape?

(d) Waarom het die mens onder die diere niemand gevind wat by hom pas nie?

### *1. Die God van hemel en aarde.*

Ons ken God deur twee middele. Ons ken Hom uit sy *werke: die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld.* Die Nederlandse Geloofsbelydenis verklaar dat die skepping soos 'n mooi boek is, waarin al die skepsele, groot en klein, die letters is waarmee die Here voor ons oë skrywe (Art. 2). Jesaja sê bv.: "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal ..." Ook Dawid sing daarvan in Ps. 19: "Die hemele vertel die eer van God . . ."

*Verder maak die Here hom nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord. Dit is die Bybel.*

Waar ons nou oor die skepping van alle dinge wil handel is dit goed om dit te weet. Die Bybel maak aan ons bekend dat die Here die hemel en die aarde geskape het. Dit merk ons ook in die natuur self. In die "boek van die natuur" lees ons ook van die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. Die natuurwetenskappe het baie daartoe bygedra om aan ons die werke van God in die skepping bloot te lê.

### *2. "In die begin het God die hemel en die aarde geskape". (Gen. 1:1.)*

So begin die Bybel: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape ..."

Op die vraag: "Wie het alles geskape?" is die antwoord van die Bybel: *"God het alles geskape".* Baie mense glo dit nie meer nie, veral as gevolg van die opvatting van die aanhangers van die ewolusieleer van Charles Darwin. Hulle sê alles het maar op een of ander toevallige manier ontwikkel. Dit het geen mens nog ooit kon bewys nie... Hoe sou 'n mens ook kan bewys wat "in die begin" gebeur het? Wie weet waar lê die begin? God alleen weet en geen mens sal ooit weet nie. En hoe die ongelowige mense ook al spook en spartel, hulle kan die taal van die skepping self nie wegpraat nie. Hoe meer die wetenskap navors en hoe meer ons daaroor nadink, hoe duideliker sien ons die werke van God in die skepping. Wonderlik is die God wat die heelal geskape het en dra deur sy grote krag!

Let daarop dat die Bybel nie aan ons sê *wanneer* die begin van die hemel en aarde was nie. Ons kan derhalwe gerus maar saam met die wetenskap aanvaar dat dit moontlik miljarde jare gelede gebeur het.

Die Bybel sê ook nie aan ons *hoe* God die hemel en die aarde geskape het nie. Een of ander teorie van die wetenskap oor die ontstaan van die heelal mag reg wees, of almal

kan verkeerd wees. Dit kwel ons nie. God het dit nie nodig gevind om dit aan ons te openbaar nie en hoe sou enige mens kan verklaar hoé alles presies ontstaan het aan die verre onbegryplike begin van alle dinge? Ons *weet alleen dat God alles, "deur sy Woord," geskape het.* (Lees hierby: Ps. 33:6; Joh. 1:1-3). "Hy *het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan".* (Ps. 33:9).

### *3. Die hemel en aarde.*

Met "hemel" verstaan die Bybel verskillende dinge.

Dit kan wees: (a) Die wolkehemel, (b) Die sterrehemel, (c) Die woonplek van God en die engele. Dit kan ons die "geestelike" wêreld noem. *Hier in Gen. 1:1 word met "hemel" bedoel die woonplek van God.* Ook die engele is deur God geskape. Wanneer die engele geskape is, word aan ons nie gesê nie. Hulle is geeste wat God dien.

*Met "aarde" word dan bedoel die stoflike wêreld of die sigbare dinge.* Die hemel en aarde hoort bymekaar. Dit sien ons die duidelikste in die mens wat "iets van die hemel" in hom omdra, omdat hy geskape is "na die beeld en gelykenis" van God. (Hieroor meer in hoofstuk 2: paragraaf 5).

### *4. Die "sesdaagse" skepping.*

Vanaf Gen. 1:3 tot 2:1 word nou aan ons verhaal hoe alles op die aarde in ses dae geskape is. Sommige verklaarders meen dat ons hier te doene het met "tydperke" wat soms baie lank geduur het. Dit is derhalwe, volgens hulle opvatting, nie dae van vier-en-twintig uur lank nie. Hierby moet ons twee dinge in gedagte hou: (a) God is die Almagtige en vir Hom is niks onmoontlik nie. Hy het nie meer as een dag nodig nie. (b) Die Bybel is nie 'n "wetenskaplike handboek" nie, maar Godsopenbaring. Daarom moet ons maar oppas om die Bybel te probeer verklaar volgens wat die wetenskap op die oomblik voorgee om te weet.

Wat openbaar die Here nou aan ons in die sesdaagse skepping?

### *5. God het alles geskape en dit het nie sommer so vanself ontwikkel nie.*

Gen. 1 is soos 'n lied gesing tot eer van God die Skepper: "En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig..." "En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees ... En dit was so". So lees ons dwarsdeur die hoofstuk, hoe God alleen maar sê en dit was so.

Op sy Woord kom daar lewe op die aarde... Gras en kruid en bome; visse en voëls; vee, kruipende diere en wilde diere... En dan eindelik die mens, die kroon van God se skepping.

### *6. God het alles volgens hulle soorte geskape.*

Ook uit sy skeppingswerk blyk dat ons 'n God van orde het. In die skepping is ontelbaar baie lewende wesens. Hulle lyk nie eenders nie — elkeen het sy eie fatsoen en aard — en tog pas hulle bymekaar. Hoe kan dit ook anders: almal lewe op dieselfde aarde, asem dieselfde lug in en is deur dieselfde God gemaak! Dat daar ooreenkoms tussen die soorte is, wil nie sê dat die een soort uit die ander "ontwikkel" het nie. 'n Aap het nog nooit 'n mens geword nie en sal ook nooit een word nie. Alleen die mens is geskape na die beeld van God. Dit word ook bewys in ons tyd. Hoe sou 'n aap dit ooit kon regkry om na die maan te reis? Die mens kan dit doen omdat hy met 'n "verstand" geskape is en omdat die Here aan hom die opdrag gegee het om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. [5]n Mens verwonder jou in ons tyd aan die wondergawes wat God aan die mens gegee het, al is die gawes deur die sonde verduister.

### *7. God het alles "goed" geskape.*

In die skeppingslied van Gen. 1 lees ons elke keer: "Toe sien God dat dit goed was". Aan die einde van die sesdaagse skepping lees ons selfs: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en — dit was baie goed". Dit kan ook nie anders nie. Die goeie God se werke kan alleen maar goed wees.

### *8. God het op die sewende dag gerus van al sy werk.*

Die sewende dag het later die Jode se Sabbat geword. In die Tien Gebooie sê die Here dat sy volk op die sewende dag moet rus, omdat Hy ook op die sewende dag van sy skeppingswerk gerus het. Daarom het Hy die sewende dag geseën en dit geheilig. Dit is die "dag van die Here". God het natuurlik nie op die sewende dag niks gedoen nie. Hy het voortgegaan om die skepping te onderhou — en Hy doen dit vandag nog. Daarom sê die Here Jesus: "My Vader werk tot nou toe". Die "rus" beteken maar net dat die Here nou anders besig is — sy *skeppingswerk* is afgedaan. Daarom moet ons nie op die dag van die Here (vir ons is dit Sondag) ledig wees nie, maar besig wees met die dinge van ons hemelse Vader. Sondag is kerkdag omdat dit die dag van die Here is.

### *9. Vrae.*

1. Wat openbaar die Here aan ons in die natuur? (Rom. 1:18-20).
2. Het ons die Bybel nodig om die werke van God in die natuur te sien?
3. Laat die hedendaagse natuurwetenskap ook aan ons die werke van God duideliker sien en verstaan?
4. Wanneer het God die hemel en die aarde geskape?
5. Waardeur het God die hemel en aarde met alles wat daarin is, geskape? (Ps. 33:6).
6. Wat is die hemel waarvan ons in Gen. 1:1 lees?
7. Waarom, dink jy, is daar 'n ooreenkoms tussen die soorte van lewende wesens?
8. Wat beteken dit dat God op die sewende dag gerus het?
9. Wat beteken die rusdag vir ons? (Kategismus Sondag 38).

# HOOFSTUK 2

## WERKVERBOND EN PROEFGEBOD

*Werkopdrag.* (Beantwoord die vrae skriftelik).

i. Wat dink jy van die **stelling:** "Die mens is die kroon van God se skepping?

Gegewens: Gen. 1:26 - 2:25; Ps. 8 (veral vers 7); Laat my lammers wei: Hoofstuk 2.

ii. Lees: Gen. 1:26 — 2:25 en beantwoord die volgende vrae:

(a) Wat beteken dit dat die mens na die beeld van God geskape is? (Raadpleeg ook: Ef. 4:23, 24; Kol. 3:10; 2 Kor. 3:18 en Kategismus Vraag 6 met toeligting hierby in: "Laat my lammers wei.")

(b) Watter riviere het deur die Paradys gevloei?

(c) Waarom het God vir Adam 'n vrou geskape?

### *1. Openbaringsgeskiedenis wil ons leer om die Bybel te begryp.*

Openbaringsgeskiedenis beteken dat God in sy Woord, die Bybel, aan ons bepaalde dinge *openbaar of bekend maak.* Dit is dinge wat ons anders nie sou weet nie. In hoofsaak openbaar die Here *Homself* en sy *werke* in die Bybel. Hoe sou ons Hom kon ken en sy werke kon sien, *indien* ons sy Woord nie gehad het nie?

### *2. Om te weet wat God, aan ons openbaar moet ons die Bybel ken.*

Daarom werk ons in Openbaringsgeskiedenis met die Bybel self. Ons lees vooraf die Bybelgedeelte noukeurig. Om die gang van die geskiedenis te verstaan lees ons ook die bepaalde hoofstukke in "Laat my lammers wei". *Bybelkennis is vir ons kennis van die Woord, van God.* Daaruit leer ons *God ken* — uit sy woorde en werke — en "dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enige waaragtige God... " sê die Here Jesus in Joh. 17:3.

### *3. Die Werkverbond en die Proefgebod*

Die HERE het alles uit niks geskape. Toe Hy die mens uit die stof van die aarde gemaak het, is sy skeppingswerk afgehandel. Maar nou gee Hy aan die mens 'n *werkopdrag* en 'n *waarskuwing.* Dit noem ons gewoonlik die *werkverbond* en die *proefgebod,*

Die *werkopdrag* vind ons in die volgende woorde van die HERE aan Adam: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, *onderwerp dit* en *heers* oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor ai die diere wat op die aarde kruip." (Gen. 1:28). Nadat die HERE die Tuin van Eden of die Paradys aan die mens as woonplek gegee het, lees ons in Gen. 2:15: "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te *bewerk* en te *bewaak."* Die werk van die mens is derhalwe: *Hy moet die aarde onderwerp en daaroor heers en hy moet die tuin van Eden bewerk en bewaak.* Hierdie werkopdrag van die HERE aan Adam noem ons gewoonlik die *Werkverbond.*

Maar dan waarsku die HERE vir Adam: "Van al die bome in die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet sal jy sekerlik sterwe." (Gen. 2:16, 17). Hierdie waarskuwing van die HERE noem ons die *Proefgebod.*

### *4. Wat is 'n verbond?*

'n Verbond is 'n *ooreenkoms of verdrag,* gewoonlik tussen twee mense. Wanneer 'n man en vrou met mekaar trou, dan sluit hulle 'n verbond. Mense wat 'n verbond sluit *belowe* om aan *mekaar getrou te bly* en die voorwaardes van die verbond na te kom. So sluit twee regerings ook soms 'n verbond met mekaar om mekaar te help in tye van oorlog. 'n Mens kan nie 'n verbond sluit met 'n dier of enigiets anders nie. Hulle sou dit nie begryp nie. Die Here sluit daarom sy verbond met die menslike geslag en nie met *redelose diere*

*nie, omdat die mens na sy beeld geskape is.* Adam is die *hoof* van die verbond omdat hy almal se vader is. Sy *nageslag* is egter ook *inbegrepe* by die verbond.

### *5. Wat beteken dit dat die mens na die beeld van God geskape is?*

Lees nou weer Gen. 1:27 en 28 en Gen. 2:7. Daar sien ons dat God self verklaar dat Hy die mens *na sy beeld* geskape het. Ons merk ook dat Hy by die skepping van die mens anders te werk gaan as by die diere. Hy formeer hom uit die stof van die aarde en blaas die asem van die lewe in sy neus. By die skepping van die diere het Hy alleen maar gespreek en hulle was daar. *Wat is nou die beeld van God, in die mens?* Dit is vir ons doel nodig om te weet dat God *die* mens *goed* geskape het en nie as 'n boosdoener of sondaar nie. Daarby het hy bepaalde eienskappe ontvang wat die diere nie besit nie. Hy het 'n *verstand,* m.a.w. hy is 'n redelike wese wat die diere nie is nie. Hy is egter ook 'n *sedelike* wese. Dit beteken dat hy sy *medemens liefhet en aan hom goed doen.* Maar hy is ook 'n wese *wat God, kan dien.* Hy is dus ook 'n godsdienstige wese. Dit is sy hoogste en heerlikste taak om *God te ken, lief te hê en te dien, met hoof, hart en hand.* (Lees hierby ook Sondag 3 van die Heidelbergse Kategismus). Al hierdie eienskappe openbaar dat die mens geskape is na die beeld van God.

### *6. God sluit 'n verbond met die mens.*

Met die mens kan die HERE 'n verbond sluit, omdat Hy 'n redelike-sedelik en godsdienstige wese is. Hy is geskape na die beeld van God. En tog bly ook die verbond in *werklikheid eensydig.* God en mens staan immers nie op gelyke voet met mekaar nie, maar as *Skepper* teenoor skepsel. Die HERE, die Skepper sal gewis altyd sy beloftes uitvoer — *Hy sal getrou bly.* Adam is egter 'n *mens wat kan faal.* (Soos dit ook gebeur het).

### *7. Waarom noem ons hierdie verbond die werkverbond?*

Lees Gen. 1:28-30 en Gen. 2:15. Daarin vind ons dat die Here aan Adam 'n *werkopdrag* gee. Hy moet *heers* oor al die diere en hy moet die tuin van Eden *bewerk en bewaak.* Sy werk is derhalwe om te *heers, te werk en te waak.* Daarom praat ons van die *werkverbond.*

Maar ons noem dit ook 'n *werkverbond,* omdat die HERE Adam volgens sy *werk of verdienste sal beloon.* Doen hy sy werk getrou sal hy altyd in gemeenskap met die HERE lewe en dit beteken vir hom *saligheid,* tot in alle ewigheid.

### *8. Die vyand van die verbond.*

Waarom moes Adam die Tuin van Eden *bewaak?* Omdat daar 'n *vyand,* is wat hom bedreig. Die vyand is die duiwel. Die duiwel was eers 'n engel, maar hy het geval omdat hy in opstand teen die Here gekom het. Saam met hom het 'n menigte ander engele ook geval. Die duiwel en sy volgelinge probeer nou gedurig om die Here kwaad aan te doen. Hulle sou gewis probeer om Adam, *die goeie mens,* aan te val en van hom 'n *slegte mens* te maak. *Daarom moes Adam waak.*

### *9. Die Proefgebod.*

*Lees Gen. 2:16 en 17.* Daar lees ons van *die boom van die kennis van goed en kwaad.* As Adam van sy vrugte eet, sal hy sekerlik sterwe. Dit is wat ons die *proefgebod* noem. Die Here stel Adam en Eva op die proef. Daarmee bedoel Hy nie om hulle in 'n valstrik te lei, sodat hulle tot 'n val sou kom nie. *Nee, Hy wou hulle help om te leer om te sien wat goed en wat verkeerd is.* Hulle moes leer om te *onderskei tussen goed en kwaad.* Deur aan die proefgebod gehoorsaam te wees sou hulle goed doen. Die boom en die proefgebod moes hulle derhalwe help op die weg van ewige geluksaligheid.

### *10. Vrae.*

1. Deur watter twee middele ken ons God? (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 2).
2. Wat is die Bybel? (Nederlandse Geloofsbelydenis art. 3).

3. Wat is Openbaringsgeskiedenis?
4. Wat openbaar God aan ons in sy Woord?
5. Wat is 'n verbond?
6. Waarom sluit God sy verbond met die mens en nie met die diere nie?
7. Wat beteken dit dat die mens na die beeld van God geskape is?
8. Wat is die werkopdrag van die mens in die werkverbond?
9. Wat is die proefgebod?
10. Wat was die betekenis van die boom van die kennis van goed en kwaad vir die mens?

# HOOFSTUK 3

## WERKVERBOND EN SONDEVAL

*Werkopdrag.* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees Gen. 3.

i. Wie het die Bybel in gedagte wanneer op die volgende plekke gepraat word van 'n "slang" of "draak"? Jes. 14:29; Luk. 23:33; 2 Kor. 11:3; Openb. 12:9 en 20:2; Openb. 12:3 en 13:4.

ii. Wat noem Jesus die duiwel in Joh. 8:44?

iii. Vertel kortliks hoe Eva tot sonde verlei is.

iv. Wat beteken die vyandskap tussen die saad van die vrou en die saad van die slang waarvan die Here in Gen. 3:15 praat? (Raadpleeg ook Laat my lammers wei: Hoofstuk 3).

### *1. Wees getrou my kind.*

Die Here het die goeie mens in die Paradys gestel. Alles was mooi en goed en daar was vir die mens 'n rooskleurige toekoms. Hy was toegerus vir sy taak met verstand, hart en werkvermoë. *Hy het God geken en liefgehad en in gehoorsaamheid gedien.* Dit was sy saligheid of geluk. So leef hy sy roeping uit, waarvoor God hom geskape het. Daarom is hy gelukkig of salig. God het hom in die werkverbond gestel nie om dit vir hom moeilik te maak nie, maar ter wille van die eer van die Skepper en sy eie saligheid. Die mens kan alleen waarlik gelukkig wees indien hy vir die Here lewe, omdat die Here hom só gemaak het. "Wees getrou en Ek sal met jou wees", wil die Here te kenne gee. Groter vreugde is daar vir die mens nie te bedink nie...

### *2. Die slang verskyn op die toneel. Lees Gen. 3:1-3.*

Die Here het die mens aangestel om te heers oor die skepping; om dit te bewerk en om daaroor te waak. Ons het in die vorige hoofstuk reeds gesien waarom hy moes waak. Daar het naamlik *gevaar gedreig* — die gevaar dat die duiwel hom sou wou verlei en so van God vervreem en hom sy geluk of saligheid ontroof. En dit gebeur dan ook. Die duiwel kom in die gestalte van die slang by die vrou en sê vir haar: "Is dit ook só dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie... ?" Die duiwel is uitgeslape en listig. Hy weet hoe om op 'n onskuldige manier 'n valstrik vir 'n mens te stel. Hy wil die indruk wek dat dit darem nie reg is dat die mens nie van al die bome in die tuin vrugte mag pluk en eet nie. Dit is mos hulle tuin en hulle bome en waarom mag 'n mens nie jou eie goed vryelik gebruik nie? So sê hy nog vir ons ook dat jy tog met jou eie goed kan maak wat jy wil. "Jy is ook baas oor jou eie liggaam en leef jou begeertes vryelik uit", hoor ons soms. "Dit is nie reg dat jy die goed het en nie kan gebruik nie". *Dit is egter nie Adam se tuin nie, want dit behoort aan die Here.* Ook ons behoort na liggaam en siel aan Hom.

### *3. Die duiwel noem God 'n leuenaar. Lees: Gen. 3:4 en 5.*

Eva se antwoord aan die slang is: "Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe". Waarom maak Eva nou die gebod van die Here dan strenger as wat Hy dit self gestel het? Hy het nie gesê dat hulle dit "nie mag aanroer nie". Eva begin klaar wonder of dit reg was van die Here om hulle die vrugte te belet. Die duiwel merk dit en hy gryp sy kans aan: "Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken", lieg hy.

***4. Die vader van die leuen.***

Die Here Jesus noem *die duiwel: "die vader van die leuen".* Hy het die eerste leuen op die aarde vertel. Daarmee het nie alleen die *liggaamlike* dood in die wêreld gekom nie, maar ook die *geestelike en ewige dood.* Daarom noem Jesus hom ook 'n mensemoordenaar van die begin af. "Julle sal gewis nie sterwe nie," lieg hy. "Julle sal soos God wees om goed en kwaad te ken", gaan hy voort met sy leuen. Só word nog. aan ons deur mense gesê: "Ondersoek alle dinge en behou die goeie..." En dan sê hulle nogal dat dit in die Bybel staan, terwyl ons in 1 Thess. 5:21 lees: *"Beproef* alle dinge; behou die goeie". Dit beteken dat 'n mens *voordat* jy 'n ding doen *tog eers moet seker maak of dit goed is* en dan alleen wat goed is, moet behou of doen. Daarom voeg Paulus dadelik by: "Onthou julle van elke vorm van kwaad" (1 Thess. 5:22). 'n Mens hoef immers nie in modder te rol om te kan sê dat modder vuil is nie. Jy weet dit tog vooraf. *Deur aan die Here gehoorsaam te wees sou die mens wel onderskei tussen goed en kwaad, sonder om eers kwaad te doen.*

***6. Jy sal sekerlik sterwe, Gen. 3 :7 en Gen. 2 :16 en 27.***

Te laat vind Adam en Eva uit dat die duiwel 'n leuen vertel het en dat God die waarheid gepraat het. Vreeslik is die gevolge vir hulle. Hulle is skaam omdat hulle skuldig voel in hulle gewete. Alles wat mooi en goed was, word nou lelik en sondig. Hulle kruip vir God weg, omdat hulle vir Hom bang en skaam is. *Hulle Vader het nou hulle vyand geword, omdat hulle ongehoorsaam was. Daar kom skeiding tussen God en sy kind en dit beteken vir die mens die dood. Ons* onderskei tussen drie vorme van dood:

a. *Die geestelike dood,. Efese 2:1.*

Dit beteken dat die mens *dood is in sonde en misdade,* soos die Bybel ons leer (Ef. 2:1). Die mens kan nou nie meer goed doen nie, tensy hy deur die Gees van God weer gebore word, (Kat. vraag 8).

*b. Die liggaamlike dood. Gen. 3:19.*

Adam en Eva het nie dadelik dood neergeval nie, hoewel die geestelike dood dadelik ingetree het, Liggaamlik sou hulle nog vir 'n tyd op aarde lewe, *maar hulle lewe nou in die dood.* Hulle het sterflik geword en eenmaal gaan hulle na die graf. *"Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer",* sê die Here vir Adam.

c. *Die ewige dood,. Openb. 20:14 en 15.*

*Die ewige dood beteken dat 'n mens vir ewig die straf van God in die het moet verduur.* Dit is die uiteinde van die ongehoorsaamheid.

***7. God verwerp die mens nie geheel nie.***

Die mens was ontrou en tog bly God getrou. Hy het geweet van die sondeval — Hy is immers alwetend — en tog soek Hy hulle nog op/ Hy roep na Adam omdat Hy nog aan hom sy liefde wil bewys. In sy straf oor die slang en Adam en Eva *bewys Hy nog genade* aan die mens. Die Here bly onbegryplik in sy liefde en genade. Sy oordeel gaan nie dadelik heeltemal in vervulling nie, maar Hy stel dit nog uit. Daarom kán die mense nog op aarde ordelik lewe, al is hulle ongehoorsaam aan die Here. Hy stuur Adam en Eva uit die Paradys weg, sodat hulle nie van die boom van die lewe kan eet nie, omdat hulle dan vir ewig op aarde in die groot ellende sou bly lewe. Die gelowige word immers deur die dood verlos uit die aardse ellende en gaan die ewige heerlikheid binne.

***8. Die moederbelofte.***

Die grootste bewys dat die Here die mens nog nie heeltemal verwerp nie lees ons in hierdie woorde: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. *Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal Hom, in die hakskeen byt" Gen. 3*:25. Dit sê die Here aan die slang. Ons moet net onthou dat die duiwel die eintlike verleier was en dat hierdie woorde nou tot die duiwel gerig word. *Eenmaal kom daar dus Iemand uit die geslag van die vrou wat die kop van die slang, die duiwel, sal vermorsel.* Ons

weet dat hierdie Iemand die *Here Jesus Christus* is. Hierdie woorde van die Here noem ons die "moederbelofte". Eva het weer hoop, want uit haar sal die Oorwinnaar gebore word, wat weer sal maak dat die mens met God vrede sou hê en uit die mag van die duiwel en die dood verlos word.

### *9. Vrae.*

1. Waarom word die duiwel die "vader van die leuen" genoem? (Gen. 3:4 en 5).
2. Waarom moes Adam die Tuin van Eden bewaak? (Gen. 2:15; Gen. 3:1-3).
3. Is 'n verkeerde begeerte ook sonde? (Gen. 3:6; Die Tiende Gebod).
4. Wat is sonde? (Gen. 2:16 en 17; Gen. 3:6).
5. Waarom het Adam en Eva hulle vir mekaar geskaam? (Gen. 3:7).
6. Wat bedoel Paulus met die uitspraak in 1 Thess. 5:21: "Beproef alle dinge en behou die goeie?"
7. Wat beteken die geestelike dood? (Ef. 2:1-4).
8. Waarom moes die mens nie eet van die boom van die lewe nie? (Gen. 3:22, 23).
9. Wanneer is die "moederbelofte" vervul? (Gen. 3:15).
10. Waarom moes Jesus die dood sterwe? (Kategismus Sondag 16).

# HOOFSTUK 4

## PARADYS TOT SONDVLOED

*Werkopdrag.* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees Gen. 4-9:

i. Wat het Kain en Abel onderskeidelik vir die Here geoffer?

ii. Waarom het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain? (Hebr. 11:4).

iii. Van wie lees ons die eerste keer in die Bybel dat hy 'n stad gebou het; wie het eerste in tente gewoon en wie het musiekinstrumente uitgevind?

iv. In wie se tyd het die geslag van Set begin om die Naam van die Here aan te roep?

v. Van wie lees ons dat hy met God gewandel het? vi. Waarom het die Here besluit om die mense op die aarde uit te delg?

vii. Wat was die verbond van God met Noag voor die Sondvloed?

viii. Wie was saam met Noag in die ark?

ix. Hoe lank het Noag en sy familie in die ark gebly?

x. Wat was die verbond van God met Noag na die Sondvloed?

xi. Wie uit die geslag van Noag is vervloek?

### *1. Vyandskap tussen mens en mens.*

Hier openbaar die Here aan ons die begin van die droewige verskynsel dat mense mekaar *haat.* Die haat bring skeiding of verwydering tussen mense. Kain slaan vir Abel dood. Die eerste mens wat op aarde gebore is, is 'n moordenaar. Dit is die bewys dat die mens dood is in sonde en misdade, omdat hy vir die duiwel geluister het. *"Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat",* sê ons Kategismus in Sondag 2.

### *2. Dit openbaar die vyandskap van die duiwel teen God.*

Die Here het vir Adam en Eva nie losgelaat nie, maar hulle weer opgesoek. Hy het selfs belowe dat Iemand uit die saad van die vrou die kop van die slang sal vermorsel. Daarom het die duiwel nie alle mense vir hom gewen nie. *Daar het mense oor gebly wat nog in God glo, teenoor hulle wat nie glo nie.* Dit kom duidelik aan die lig in die offer van Kain en Abel. Waarom het die Here Kain se offer nie aangeneem nie, maar Abel s'n wel? Die antwoord vind ons duidelik in Hebr. 11:4: *"Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain*..." *Geloof en ongeloof* is die verdeling tussen Kain en Abel.

### *3. Geloof en ongeloof is ook die verdeling tussen Kain en Set se nageslag.*

Kain word deur die Here vervloek en hy "gaan weg van die aangesig van die Here.. " (Gen. 4:16). Hy keer die rug op die Here en sy diens en weier om hom te bekeer al het die Here hom daartoe geroep (Gen. 4:6 en 7). Ook sy nageslag bly ongelowig. Lameg uit sy geslag, trou met twee vroue: Ada en Silla, en begin só met die sondige veelwywery. Dieselfde Lameg sê: "Voorwaar ek slaan 'n man dood, wat my wond en 'n seun van my kwes ..." (Gen. 4:19-24). By hom is geen sprake van *geloof en liefde nie maar van geweld en haat en wraakgierigheid.*

Aan die ander kant lees ons van die nageslag van Set: "En ook vir Set is 'n seun gebore wat hy Enos genoem het. *Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep"* (Gen. 4: 26). Later word van Henog uit Set se geslag gesê dat hy *"met God gewandel* het (Gen. 5:22). Set se nageslag was anders as die geslag van Kain, omdat hulle geglo het en Kain se geslag ongelowig was.

### *4. Geloof en ongeloof mag nie vermeng nie.*

In Gen. 6 word verhaal van die droewige verval by die geslag van Set. Hulle sien die mooi dogters van die Kainiete en trou met hulle (Gen. 6:1 en 2). Hulle het mooi kinders — selfs reuse — maar dan vergeet hulle ook om die Here te dien (Gen. 6:4 en 5). *Geloof en ongeloof is onversoenbaar.* Die duiwel probeer om só sy doel te bereik. Die gevolge is só vreeslik dat die Here self "berou" het dat Hy die mens gemaak het. Die boosheid was groot en hulle het bedink wat sleg is (Gen. 6:6 en 7).

### *5. Die Sondvloed is die oordeel van God oor die boosheid van die mense.*

In Gen. 6:5-7 sê die HERE uitdruklik dat Hy die mens van die aarde sal *verdelg omdat hulle boos en sondig was:* Dit herhaal die HERE as Hy vir Noag die opdrag gee om die ark te bou (Gen. 6:13). Ons moet die Sondvloed derhalwe nie bloot as 'n natuurramp sien nie, maar as 'n duidelike *oordeel van die HERE* oor die mensdom.

### *6. Aan Noag bewys die Here genade.*

*"Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE".* (8). Hy word verder beskrywe as 'n regverdige en opregte man wat met God gewandel het. (9). Noag het ook elke keer gehoorsaam gedoen wat die Here aan hom opgedra het. Hy bou die ark op droë grond (Gen. 6:22). Hy gaan in die ark toe die HERE hom dit beveel (Gen. 7:5). Hy bly in die ark totdat hy weer op drag ontvang om dit te verlaat (Gen. 8:15-19). Die eerste wat hy doen, nadat hy uit die ark uitgaan is om 'n altaar te bou en vir die HERE brandoffers te bring (Gen. 8:20). So bewys hy sy dankbaarheid omdat die HERE hom en sy gesin in die Sondvloed bewaar het. En tog was Noag nie sonder sonde nie, want hy het later wyn gedrink en dronk geword en nakend in sy tent gelê.

### *7. Die Sondvloed word ook later in die Bybel gebruik as voorbeeld van oordeel en genade.*

Wanneer die Here Jesus vertel van die laaste tye, voor sy wederkoms op die wolke van die hemel, dan noem Hy die boosheid van die mense uit die dae van Noag as voorbeeld van die boosheid van die toekomstige tyd (Matth. 24:37-39; Luk. 17:26, 27). Maar ook die voorbeeld van die gelowige Noag word aan ons voorgehou in Hebr. 11:7; 1 Petr. 3:20, 21; 2 Petr. 2:5; Eseg. 14:12-23.

### *8. Die natuurverbond.*

In Gen. 9:1-17 handel die Woord van die Here oor die *verbond van God met Noag.* Ons noem dit gewoonlik die *"natuurverbond".* Ons moet net altyd onthou dat dit ook maar 'n openbaring van die genade van die Here is. Daarom is dit in werklikheid ook maar 'n genadeverbond. Die Here lê aan die mens *geen verpligting op nie.* Hy bind alleen Homself aan sy belofte en sy teken, naamlik die reënboog.

### *9. Die betekenis van die natuurverbond.*

In Gen. 9:11-17 sê die Here aan Noag wat die betekenis van die natuurverbond is. "En Ek rig my verbond op met julle, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie... " (11). Die lewe op aarde sal voortbestaan totdat die wêreld eenmaal met die wederkoms van die Here, sal vergaan. Dink maar aan die uitspraak in 2 Petr. 3:6, 7: "waardeur die toenmalige wêreld deur water oorstroom is en vergaan het. Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense".

### *10. Die reënboog as verbondsteken.*

By elke verbond het die Here ook 'n verbondsteken gegee. By die werkverbond met Adam was dit die boom van die kennis van goed en kwaad. Hier is dit die *reënboog.* Die Here verduidelik dit self in Gen. 9:12-16. Die reënboog verskyn altyd wanneer die son deur die wolke skyn. Dit is 'n teken van sonskyn na die reën. Hoe 'n mooi gedagte druk

dit vir ons uit. *God se vriendelike aangesig skyn oor die aarde met sy bewoners.*

***11. Vrae.***

1. Hoe blyk die waarheid van die uitspraak dat ons in sonde ontvang en gebore word, uit Gen. 4-9?
2. Waarvoor het Lameg gestry en waarvoor moet 'n gelowige stry? (Gen. 4:19-24 en Luk. 13:24).
3. Waarom het die Here Abel se offer aangeneem? (Hebr. 11:4).
4. Kan geloof en ongeloof meng? (Gen. 6:1-7).
5. Waarom word die doop deur die sondvloed aangedui? (Ons doopsformulier).
6. Uit watter seun van Noag is die Messias gebore? (Gen. 11:10-32).
7. Waaruit blyk Noag se geloof? (Gen. 6-8).
8. Was die natuurverbond ook gegrond op genade van God? (Gen. 9:1-17).
9. Waarom vergelyk Jesus die tyd van Noag met die tyd van sy wederkoms op die wolke van die hemel? (Matth. 24:37-39).
10. Beteken die natuurverbond dat die aarde nooit sal vergaan nie? (Gen. 9:11-17 en 2 Petr. 3:6,7).

# HOOFSTUK 5

## ABRAHAM DIE VADER VAN DIE GELOWIGES

*Werkopdrag.* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees Gen. 11-17.

i. Wie was Abram se vader en wat was sy geboorteland?

ii. Waarheen het Abram se vader met sy familie getrek?

iii. Waarheen het God Abram geroep en wat het Hy aan hom belowe?

iv. Wat bedoel die woorde van die Here aan Abram: "... en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word"? (Gen. 12:3).

v. Waarom het Abram en Lot van mekaar geskei?

vi. Wie was Melgisédek en waarom sê die Bybel dat die Christus "priester vir ewig is volgens die orde van Melgisédek? (Ps. 110:4; Hebr. 7).

vii. Hoeveel kinders het Abraham gehad en wie was die kind van die belofte?

viii. Wat noem ons die verbond van God met Abraham?

ix. Wat was die verbondsteken wat aan die kindertjies bedien moes word?

x. Waarom het ons nie meer dieselfde verbondsteken nie en wat is ons verbondsteken?

(Laat my lammers wei: hoofstuk 6 en 7 kan ook geraadpleeg word).

### *1. God verstrooi.*

Gen. 11:1-9 handel oor die toringbou van Babel. Al die nakomelinge van Noag wou bymekaar bly. Hulle het nog een taal gepraat (Gen. 11: 1). Dan bou hulle 'n stad in die vlakte van Sinear met 'n hoë toring daarin, *wat moes dien as 'n teken van hulle begeerte om bymekaar te bly* (Gen. 11:4). Die Here se opdrag aan Adam en ook aan Noag was om te vermeerder en die aarde te bevolk. Daarom gryp die Here self in en verydel die mense se planne. Hy verwar hulle taal, sodat die een die ander nie kon verstaan nie. Daarom word die plek Babel genoem.

### *2. Een word geroep. Gen. 12.*

Abraham was 'n nakomeling van Sem. Sy vader Tera het in die groot stad Ur, van die Galdeërs, gewoon. Die inwoners van Ur het die naam as hulle godin vereer. *Ook Abraham se voorgeslag was heidene.* Ons lees dit bv. in Jos. 24:2: "Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon — Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, *en hulle het ander gode gedien".*

Tot hierdie Abraham kom nou die roepstem van die Here. En dan gebeur die wonder: *hy glo in die Here.* En dan trek hy weg van sy land en sy familie na Kanaän, soos die Here aan hom bevel gegee het.

### *3. Abraham die vader van die gelowiges.*

"En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam só groot maak, dat jy 'n seën sal wees" (Gen. 12:2), So begin die beloftes van God aan Abraham. 'n Groot volk sal uit hom voortkom. En tog het hy nog geen kind nie. Daarby is hy en sy vrou Sara alreeds oud. Maar hy neem God op sy woord. *"Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken"* (Gen. 15:6 en Rom. 4:3). Hieruit maak Paulus die volgende afleiding: "... *dat hy die vader kan wees van almal wat glo*.., *sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken kan word"* (Rom. 4:11). Daarom is Abraham ook ons vader, omdat ook ons geregverdig word deur die geloof, soos hy. Ook ons is gelowiges, soos Abraham.

### *4. Abraham die vader van die Christus.*

Die beloftes van die Here aan Abraham lui verder: "En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; *en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word".* Wonderlik dat Abraham soveel ontvang, maar dan ook só baie vir die mensdom mag beteken. Die *guns aan hom bewys word ook die deel van al die geslagte van die aarde. Ons weet dat dit só is, omdat Jesus Christus uit sy nageslag gebore is en die Verlosser van al die geslagte van die aarde is. Ook ons word geseën in Abraham.*

### *5. Abraham en die genadeverbond.*

In Gen. 15 word aan ons verhaal hoe *die Here 'n verbond met Abraham sluit.* Die verbond is bevestig deur offers wat hy vir die Here moes bring (Gen. 15:9, 10). Die offerdiere word in twee verdeel en teenoor mekaar neergelê. Teen die aand "gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkel tussen die stukke vleis deur" (Gen. 15:18). So bevestig die Here dat Hy getrou sal wees aan sy verbond met Abraham. Hierdie verbond noem ons die *genadeverbond. God sluit sy verbond hier met 'n sondaar, wat dit nie verdien nie. Hy is immers geregverdig deur die geloof en nie deur die werke nie* (Rom. 4:1-12). Daar om is dit die genadeverbond. Tot hierdie verbond behoort ook ons, omdat ons ook, soos Abraham, deur die geloof geregverdig word.

### *6. Die verbondsteken is die besnydenis (Gen. 17).*

Die besnydenis is 'n bloedige teken wat aan die seuntjies bedien moes word op die ouderdom van agt dae. Die besnydenis is 'n sakrament, 'n teken en seël. Die sigbare teken beeld die onsigbare verhouding tot die Here af. Dit dui aan die *vergewing van die sonde deur die bloed wat vloei.* Hierdie bloed wys heen na die bloed van Christus wat uitgestort sal word vir die sondes (Rom. 4:11). Ten tweede dui dit ook op die *besnydenis van die harte — dit is die wedergeboorte* deur die Heilige Gees. Die volk moet ook gehoorsaam wees aan die Here (Deut. 10; 16; Jer. 4:4).

### *7. Abraham se plek in die Openharingsgeskiedenis.*

Met die roeping van Abraham kom daar 'n keerpunt in die geskiedenis van die Godsopenbaring. Voortaan is die openbaring gebind aan 'n *bepaalde volk.* Die volk word afgesonder om as volk van die Here te lewe tussen al die nasies. Uiteindelik is die bedoeling van die Here egter dat die volk 'n seën moet wees vir al die geslagte van die aarde. *Hulle word gebruik om die Messias of Christus voort te bring.* Toe hulle die Here Jesus verwerp, gaan die genade oor die volksgrense tot alle nasies.

### *8. Vrae.*

1. Het Abraham se voorgeslag in God geglo? (Jos. 24:2).
2. Waarom word Abraham die vader van die gelowiges genoem? (Gen. 15:6; Rom. 4:3).
3. Hoe is die mens regverdig voor God? (Gen. 15:6; Rom. 1:17).
4. Waarom sou Abraham se nageslag 'n seën wees vir alle nasies? (Gen. 12:3).
5. Hoe noem ons die verbond van God met Abraham en waarom noem ons dit so? (Gen. 15).
6. Behoort ons ook aan die verbond met Abraham? (Rom. 4).
7. Waarom is die klein seuntjies uit die geslag van Abraham besny? (Gen. 17).
8. Waarom het ons nie meer die besnydenis nie? (Rom. 4; Gal. 5:2).
9. Waarom doop ons kindertjies?

# HOOFSTUK 6

## GOD STEL SY VERBOND IN WERKING

*Werkopdrag.* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees Gen. 21, 22, 25:19 — 34:27.

i. Waarom moes Abraham vir Hagar met Ismael wegstuur?

ii. Waarom het die Here vir Abraham beveel om vir Isak te offer?

iii. Hoe het die Here vir Homself 'n offer voorsien?

iv. Wie was Isak se vrou, wie was haar vader en waar het haar ouers gewoon?

v. Wie was Isak se kinders?

vi. Hoe het Jakob sy broer Esau bedrieg i.v.m.

(a) sy eersgeboortereg en

(b) eersgeboorteseën?

vii. Wat het God aan Jakob by Lus belowe en waarin het Jakob die plek se naam toe verander ?

viii. Na wie toe het Jakob gevlug vir sy broer en waar het die persoon gewoon?

xi. Met wie is Jakob getroud?

### *1. Abraham maak kennis met die eise van die verbond.*

*Die allereerste eis van die verbond tot die mens is om in God te glo. Abraham; het in God geglo.* Hy het geglo dat vir hom uit Sara 'ii kind gebore sou word, al was sy alreeds oud. Dit lees ons in Gen. 15:1-6. In Gen. 15:6 vind ons die uitspraak: "En hy het die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken". Abraham se geloof is later swaar beproef. Eers bly die geboorte van 'n kind uit. Hy laat hom lei deur sy vrou Sara en neem die slavin Hagar vir hom as vrou. Vir haar word Ismael gebore. Eindelik gaan die belofte van die Here in vervulling en Isak word gebore. Dit was vir Abraham [5]n blye dag. Maar dan lees ons in Gen. 22:1, 2: "Na hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: ...Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet$_3$ Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys".

*Dan bewys Abraham meer dat hy in God glo.* Hy doen wat die Here sê. Die Here voorsien 'n ram as offer in die plek van Isak. Ja, dit is so: "Deur "die geloof het Abraham; toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ... want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek" (Hebr. 11:17, 18). *Tereg word hy die vader van die gelowiges genoem.*

### *2. Verbond en verkiesing.*

Dwarsdeur die Bybel staan ons voor die onbegryplike geheimenis dat *God mense uitverkies en andere verwerp.* Rom. 9 handel uitvoerig hieroor en verwys dan ook na Abraham en sy nageslag. En dan verklaar Paulus selfs: "So hang dit dan nie af van die een wat wil of die een wat loop nie, *maar van God wat barmhartig is...*. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil" (Rom. 9:16, 18). *Ons moet steeds onthou dat die verbond is soos die rivierbedding waarin die stroom van die uitverkiesing vloei.* Dit sien ons ook by Abraham en sy geslag.

### *3. Verbond en verkiesing — Ismael en Isak.*

In Gen. 16 word verhaal hoe Abraham vir Hagar, die slavin van Sara, as vrou neem. Sy word dan die moeder van Ismael. Ismael is Abraham se seun. Hy is in die verbond gebore. Later word ook Isak gebore (Gen. 21). Toe Sara bemerk dat Ismael haar seun

Isak bespot, vra sy dat Abraham vir Hagar en Ismael moet wegstuur. Abraham wou dit nie doen nie, want hy het sy seun Ismael ook liefgehad, maar dan sê die Here aan hom: "Luister; na Sara in alles wat sy van jou verlang, *want deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag genoem word"* (Gen. 21:12). Daarop stuur Abraham vir Hagar en Ismael weg. Hiervan sê Paulus in Rom. 9:7-9: "Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: In Isak sal jou nageslag genoem word. Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar *die kinders van die belofte word gereken as die nageslag* . . . "

Ismael en Isak is altwee in die verbond gebore. Hulle het altwee die verbondsteken, die besnydenis, ontvang. En tog verkies die Here vir Isak bo Ismael, omdat Hy hom aan Abraham belowe het. Die verbond is dus die bedding waarlangs die uitverkiesing vloei.

### *4. Verbond en verkiesing — Jakob en Esau.*

Isak is later getroud met Rebekka, die dogter van Betuel en suster van Laban. Vir hulle is twee seuns gebore: Esau en Jakob. Esau was die oudste, maar alreeds voor hulle geboorte sê die HERE aan Rebekka, die moeder van Esau en Jakob: "...die oudste sal die jongste dien" (Gen. 25:23). En hoewel Jakob in sy optrede openbaar dat hy nie altyd eerlik en opreg handel nie, lees ons: "Is Esau nie die broer van Jakob nie? sê die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat" (Mal. 1:1, 2).

Ja, die HERE het Jakob uitverkies as hoof van die verbondsgeslag omdat Hy hom op onverklaarbare wyse liefgehad het en nie omdat Jakob so 'n goeie mens was nie. Jakob het op 'n sluwe manier sy broer se eersgeboortereg geruil vir 'n pot lensiesop. Hy het gebruik gemaak van sy broer se nood. Later het hy met sy moeder meegewerk om sy blinde ou vader te bedrieg. Isak het naamlik aan Esau opdrag gegee om vir hom 'n wildsbokkie te gaan jag en dit gaar te maak en vir hom te bring, sodat hy hom (Esau) kon seën. Terwyl Esau, die jagter, weg is na die veld, maak Rebekka gou twee boklammers van die kudde gaar en draai van die velletjies om Jakob se nek en hande — sy trek selfs van Esau se klere vir hom aan... Hy gaan toe na sy blinde ou vader met die vleis en stel homself voor as Esau ... Daarop ontvang hy die eersgeboorteseën wat Esau toekom. (Gen. 27).

Droewig is die sonde van Rebekka en Jakob en tog bly die verkiesing van Jakob staan. Waarom? *Omdat die Here vir Jakob liefgehad het, maar vir Esau het Hy gehaat.*

### *5. Die verbond is die bedding waarlangs die stroom van die uitverkiesing vloei.*

Die Here het sy verbond gesluit met Abraham en sy nageslag. "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en jou nageslag ná jou" (Gen. 17:7). En die Here is getrou. Hy bedoel dit ernstig met sy verbond met Abraham en sy nageslag. *Die gewone manier waarop mense tot die geloof in God kom, is dat hulle in die verbond uit gelowige ouers gebore word.* Dit is selfs in ons tyd nog só. Daarom ontvang kindertjies die verbondsteken. Vir Abraham was dit die besnydenis — vir ons die doop. Die stroom vloei normaalweg in die bedding van die verbond. En tog is die uitsonderings daar. Selfs in die Ou Testament kry ons voorbeelde van mense buite die verbond, wat geroep word en gelowig word. Dink maar aan Ragab van Jerigo; aan Rut die Moabitiese vrou; aan Naäman die Siriër. Maar die mense word in die verbond ingeskakel. Hulle voeg hulle by die verbond en hulle nageslag word in die verbond gebore.

*Maar die droewige keersy is ook waar. Daar is vele wat in die verbond gebore word en die verbondsteken ontvang, wat tog maar verlore gaan.* Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy in Rom. 9:6 sê: "hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie". Alle gebore Israeliete word nie salig nie, omdat almal nie uitverkies is nie. Net so word almal wat in die kerk gebore is, nie salig nie. Almal is nie uitverkies nie en is daarom nie ware gelowiges nie.

***6. Vrae.***

1. Wat is die eerste eis van die verbond aan die mens? (Gen. 15:-6).
2. Waarom beproef die Here 'n mens se geloof? (Gen. 22:1, 2; Sag. 13:9).
3. Sou dit onregverdig wees indien alle mense verlore gaan? (Rom. 3:19, 23; Rom. 6:23; Dordtse Leerreëls Hfst. 1:1).
4. Waarom was Isak die hoof van die verbondsgeslag en nie Ismael nie? (Gen. 21: 12; Rom. 9:7-9).
5. Het alle mense wat besny is, salig geword? (Rom. 9:6).
6. Word alle mense wat gedoop is, salig? (1 Kor. 10 :1-13).,
7. Het die Here Jakob uitverkies omdat hy, menslik beskou, 'n beter mens as Esau was? (Mal. 1:1, 2; Rom. 9:10-13)
8. Waaraan weet 'n mens dat jy 'n uitverkorene van die Here is? (Matth. 12:33-37)

# HOOFSTUK 7

## GOD SE VERBONDSTROU

*Werkopdrag,* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees Gen. 28, 32, 34, 37, 41.

i. Hoelank het Jakob in Haran by Laban gebly?

ii. Waar kom die pleknaam Mahanaim vandaan?

iii. Wat het aanleiding gegee tot die pleknaam Pniël?

iv. Waarom het Jakob Betel verdoop na El-Betel?

v. Waarom het Josef se broers hom gehaat?

vi. Wat het Josef se broers met hom gedoen toe sy vader hom na hulle gestuur het?

vii. Aan wie is Josef in Egipte as slaaf verkoop?

viii. Watter drome het Josef in die gevangenis uitgelê?

ix. Waarom het Farao vir Josef onderkoning van Egipte gemaak?

x. Waar het Jakob en sy gesin in Egipteland gewoon?

xi. Waarom het die Israeliete nie met die Egiptenaars vermeng nie?

(Laat my lammers wei: hoofstuk 7—11 kan ook geraadpleeg word).

### *1. Jakob-Israel.*

In die Bybel word dikwels 'n bepaalde naam met 'n besondere betekenis aan iemand gegee, omdat die Here daarmee iets wil openbaar. *Die naam Jakob beteken: "listige" of "bedrieër".* Dit is 'n naam wat nogal by sy geaardheid pas. Hy het sy broer Esau se eersgeboortereg van hom afgerokkel deur van sy nood gebruik te maak. Toe Esau honger is, ruil hy sy eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop. Later bedrieg hy en sy moeder vir Isak om die eersgeboorteseën te verkry (Gen. 27).

Hy is egter die een wat die Here verkies het om verbondshoof te wees. Daarom werk die Here met hom. Dit tree dan só treffend aan die lig hoe die Here in sy verbondstrou met sy kind werk in die verdere verloop van sy geskiedenis. Die naam *Jakob* word uiteindelik vervang met die naam *Israel* wat beteken: *"stryder van God"* (Gen. 32:28). So het die Here die "listige" of "bedrieër" verander tot 'n "stryder van God".

### *2. Betel. . . Pniël. . . El-Betel*

Die drie name hierbo staan soos uitstaande bakens in Jakob se lewe. By *Betel* ontmoet ons Jakob, die bedrieër, wat vir sy broer Esau vlug op pad na sy oom Laban in Haran (Gen. 28). Bekommerd en verlate raak hy aan die slaap in die oop veld by Lus. Hy vlug omdat hy kwaad gedoen het. Hy sou wonder of die Here nog aan hom dink en verwag nie dat Hy met hom, die bedrieër sou meegaan nie. Dan openbaar die Here Homself aan Jakob in die droom van die leer wat tot by die hemel reik (Gen. 28:12-22), Die Here belowe aan hom dat hy Kanaän as erfdeel vir sy nageslag sou kry. Verder sê die Here: *"Ek is met jou . . . Ek sal met jou gaan . . . Ek sal jou terugbring in hierdie land* . . . " Toe Jakob wakker word noem hy die plek: *Betel* wat *beteken: "Huis van God".*

Hy gaan dan na die verre Haran in Mesopotámië. Daar werk hy vir sy oom Laban. Laban bedrieg hom met sy beloning, deur bv. vir Lea i.p.v. Ragel aan hom as vrou te gee. Eindelik is hy met die twee susters Lea en Ragel getroud. Daarna werk hy vir 'n deel van aanteel van die kleinvee. Ook hiermee probeer hy en Laban mekaar uitoorlê. Eindelik sê die Here aan hom na twintig jaar: "Gaan terug na die land van jou vaders en jou familie; *ek Ek sal met jou wees"* (Gen. 31:3).

Op weg terug na Kanaän kom hy met sy trek by die Jabbokrivier, oos van die Jordaan.

Hy is baie bang want sy broer Esau kom hom tegemoet met 400 manskappe by hom. Hy stuur vir Esau geskenke voor uit en tref verdere voorsorg om sy mense teen Esau te beveilig. *En die nag worstel 'n "Man" met hom. Die "Man" was die Engel van die Here"* — in werklikheid die Here self (Gen. 32:24-32). Eindelik seën die Here hom en verander sy naam tot Israel. Dan noem Jakob die plek *"Pniël"* wat beteken: *"Aangesig van God".* Jakob se moeilikhede, sy worsteling met God en die mense, gebruik die Here om hom te seën. Daarom word sy naam verander — hy stry nie meer vir homself nie, maar vir God.

Nadat hy met Esau versoen is, trek Jakob oor die Jordaan na Kanaän, Eindelik kom hy weer by Betel, nadat die Here aan hom gesê het: "Trek op na Betel en woon daar; en bou daar 'n altaar vir die God wat aan jou verskyn het toe jy op die vlug was vir jou broer Esau" (Gen. 35:1). By Betel aangekom, bou Jakob die altaar en noem die plek *El-Betel.* Dit beteken: *Die God van Betel".* So het die Here Jakob opgevoed. Hy is nie meer Jakob die bedrieër nie, maar die Israel, die stryder van God. *En op sy pad staan die drie name as bewys van God se verbondstrou; Betel, Pniël en EL-Betel.*

### *3. Die Here lei sy volk na Egipte.*

Die verbondsgeslag, wat volgens die belofte van God, uit Abraham gebore is, was nou Jakob met sy twaalf seuns en hulle gesinne. Sy seuns het, toe hulle groot was, met Kanaänitiese vroue getrou. Ons kan begryp dat die gesin van Jakob nie tussen die mense kan bly woon en 'n aparte volk word nie. Die één familie sou verdwyn in die volk wat in Kanaän woon. Daarom *beskik die Here* dit so dat Josef deur sy broers verkoop word en as slaaf na Egipte geneem word (Gen. 37). Hy moes dien as wegbereider vir sy vader met sy gesin. *In Egipte sou hulle afgesonderd in die land Gosen gaan woon.* So sou hulle kon uitgroei tot 'n volk. Die Egiptenaars sou ook nie só maklik met hulle ondertrou nie, omdat Israel Semiete was en die Egiptenaars Gammiete.

### *4. God hou sy hand oor Josef.*

Vanaf Gen. 39-50 word verhaal wat met Josef en Israel in Egipte gebeur het. Uit die geskiedenis van Josef blyk die besondere *verbondstrou* van die Here. Hoe maklik kon die jong man, as slaaf van Potifar en later as gevangene in die tronk, van God vervreem het en vir die verbondsgeslag verlore gegaan het. *Die Here bewaar egter die enkele verbondskind van hom tussen die vreemde afgodedienaars.* Deur sy besondere sorg bestier die Here sy weë só dat hy opklim tot 'n magsposisie In Egipte. Omdat hy die drome van die bakker en skinker van Farao uitlê, word hy later deur die koning self uit die gevangenis gehaal om sy eie drome uit te lê. Dan word hy onderkoning van Egipte.

Wanneer droogte en hongersnood oor die wêreld kom, sien ons ook daarin weer *die hand van die Here.* Sy volk moet weg uit Kanaän en hy dryf hulle as't ware deur die honger daar weg, na Egipte toe. So gebeur vir die volk van die Here niks by toeval nie. *"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is"* (Rom.8:28).

Eindelik woon Jakob en sy geslag in Egipte. Daar sou hulle vir 400 jaar bly om uit te groei tot 'n volk. Dan eers word hulle teruggelei na die beloofde land.

### *5. Vrae.*

1. Wat beteken die name Jakob en Israel?
2. Wat beteken die name Betel, Pniël en El-Betel?
3. Wat het dit vir Jakob beteken dat God hom teëgekom het by Betel en Pniël.
4. Uit hoeveel stamme het die volk Israel bestaan?
5. Uit watter stam is die Messias gebore? (Gen. 49:10).
6. Watter stam was die priesterstam (Ex. 32:26-29).
7. Uit watter seun van Jakob se geslag het twee stamme ontstaan? (Gen. 48).

8. Waarom wou Josef nie in Egipte begrawe wees nie? (Gen. 50:25, 26; Hebr. 11:22).

# HOOFSTUK 8

## UIT EGIPTELAND, UIT DIE SLAWEHUIS, UITGELEI

*Werkopdrag:* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees Ex. 1, 2, 3, 12, 19, 20; Laat my lammers wei: Hoofst. 16, 17.

i. Waarom het Farao die volk Israel verdruk?

ii. Hoe het hy hulle verdruk en hulle volksgroei probeer inkort?

iii. Wie was Moses se ouers en uit watter stam was hulle?

iv. Hoe het dit gekom dat Moses in die huis van Farao opgegroei het?

v. Wat lees ons in Hebr. 11 van Moses se keuse vir sy eie volk?

vi. Waarheen het Moses gevlug en by wie het hy daar gewoon? Hoe lank?

vii. By watter berg het die Here Moses geroep?

viii. Watter verskonings het Moses aangevoer om sy roeping te ontkom? (Lees dit in Ex. 3, 4).

ix. Waarom het die Here die tien plae oor Egipte gebring? Kyk ook wat sê Paulus in Rom. 9 hieroor?

x. Waarom het die Here die Pasga laat instel?

xi. Wat het by ons in die plek van die Pasga gekom?

xii. Noem kortliks die struikelblokke waarmee die volk te doene gehad het op hulle reis vanaf Egipte tot by die berg Sinaï. (Lammers, hoofstuk 16).

xiii. Noem kortliks die "heilige plekke, persone, handelinge en tye" wat vereis word volgens God se verbond by Sinaï. (Lammers 17).

***1. Verdrukking in Egipte.***

Ex. 1, 2 verhaal van die swaar verdrukking wat die nakomelinge van Jakob, wat nou die volk Israel geword het, in Egipte moes verduur. Sedert die tyd van Josef het ongeveer 400 jaar verloop. "Toe staan daar *'n nuwe koning* oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie" (Ex. 1:8). Hierdie nuwe koning was waarskynlik die hoof van 'n nuwe koningshuis wat 'n vreemde geslag konings, die sg. Hyksos uit Egipte verdryf het. Die Hyksos was ook Semiete soos Israel en ons kan dus begryp dat die nuwe koning ook nie lief vir Israel sou wees nie. Hy was ook bevrees dat hulle by sy vyande in geval van oorlog sou aansluit. Hy besluit dan om hulle te verdruk deur hulle *slawearbeid* te laat doen en hulle pasgebore *seuntjies* om die lewe te bring. *Min het Farao besef dat die Here hom gebruik. Die verdrukking in Egipte gebruik Hy om sy volk te berei om te verlang na die beloofde land, Kanaän.*

***2. Die Here sorg ook vir 'n verlosser.***

Moses word *gebore* en wonderlik *bewaar* van die waterdood in die Nyl, wat sy deel as seuntjie moes wees. Hy groei selfs in die huis van Farao op, waar hy opgevoed word in *die wysheid van die Egiptenaars. Hy word toegerus as leier. Hy kies vir sy volk, omdat hy in die God van Israel glo* (Hebr. 11:24-26). Hy vlug vir sy lewe en word verder *voorberei in die woestyn* vir die harde woestyntaak wat op hom wag (Ex. 3). Toe hy tagtig jaar oud is, *roep die Here hom om sy volk uit Egipte te verlos.* Moses was uit die *stam van Levi,* die latere *priesterstam,* wat die offers vir die Here moes bring. Hy tree op as leier van sy volk en vervul só die werk wat 'n *koning* gewoonlik doen — hy *regeer.* Maar hy was ook 'n *profeet.* Aan die einde van sy lewe sê Moses vir sy volk: *'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek: na Hom moet julle luister"* (Deut. 18:15). Moses was derhalwe 'n treffende *voorbeeld of "tipe"*

van die ware *Verlosser,* die Here Jesus Christus. Hy is immers ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning (Kat. Sondag 12).

### *3. Verlossing deur bloed.*

Israel word eindelik uit die slawehuis uitgelei, nadat die Here dit vir Farao deur die tien plae só moeilik gemaak het dat hy dit nie meer kon weier nie. Die tiende plaag, die dood van die eersgeborenes, het al sy weerstand gebreek (Ex. 11). *Israel se eersgeborenes word nie getref nie, omdat die bloed van die paaslam aan hulle deurkosyne gesmeer is* (Ex 12). Omdat hulle ook sondaars was. moes hulle eintlik ook deur die toorn van die Here getref word. Dit is alleen maar die bloed wat hulle beskerm het, Hierna moes die uittog elke jaar herdenk word deur die Paasfees. *Treffend word die profesie van die Paasfees vervul toe Jesus op die Paasfees in Jerusalem aan die kruis sterwe. Deur sy bloed word die toorn van die Here van ons afgewend.* Hy is die Lam van God wat vir ons sondeskuld geslag is (Joh. 1:29; Jes. 53; Openb. 5:6 en baie ander plekke).

### *4. Verlossing deur water.*

Moses en sy volk stuit teen die Skelfsee, met Farao se leërmag agter hulle (Ex. 14). Die Here lei hulle egter droogvoets daardeur, terwyl Farao en sy manskappe verdrink. "Daardeur word die doop aangedui..." (Ons Doopsformulier). Ook Paulus sê dat die hele volk gedoop is in die see (1 Kor. 10:1, 2). *Ook hierdeur is die verlossing deur die bloed van Jesus aangedui.* Sommige gedooptes word gered en andere gaan verlore, soos Farao en sy manskappe. Die meeste sterf selfs later in die woestyn, sê Paulus in 1 Kor. 10. 'n Mens se doop moet bevestig word deur 'n godsalige lewe, anders dien dit vir die gedoopte tot 'n oordeel.

### *5. Die Verbondsgod voorsien.*

Die woestynreis openbaar die volk as ontevredenes, ongehoorsames en opstandiges. Die Here tugtig hulle, maar Hy verwerp hulle nie. Hy voorsien in hulle behoeftes deur water uit die rots, deur manna en kwartels. *Ook dit profeteer van Christus. "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink"* sê Hy in John. 7:37. Wanneer Hy verwys na die *manna* in die woestyn sê Hy: *"Ek is die brood van die lewe...*" (Joh. 6:35 — lees vanaf vers 31). Die besondere sorg van die Here spreek so duidelik uit die Wolkkolom en Vuurkolom. Hy beskerm hulle teen die son en verlig hulle pad in die nag. Die Bybel sien tereg die woestynreis as 'n voorbeeld of tipe van die pelgrimstog van die gelowige op aarde (1 Kor. 10;Hebr. 4).

### *6. Die Here leer sy volk om te loop.*

Die woestynreis moes die volk leer om selfstandig te word. Hulle was slawe van Farao, maar hulle moes leer om te groei tot kinders van die Here. Daartoe was die *leerskool van die woestyn nodig.* Maar die Here gee nog veel meer as dit. Hy gee aan hulle sy *Wet en die offerdiens.* In Ex. 20 is die aanhef van die Wet: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het". Die volk is *verlos* om die Here te *dien* volgens sy Wet. *Dit moet hulle doen uit dankbaarheid vir die verlossing uit Egipte.* Maar hulle sal weer struikel, soos hulle só dikwels in die woestyn gedoen het. Daarom ontvang hulle ook die *offerdiens. Die bloed van die diere moes die toorn van die Here teen hulle sonde afwend.* Ons moet alleen maar onthou dat die dierebloed heenwys na die bloed van Christus, wat alleen vir ons sondes kan betaal.

### *7. Die Verbond Sinaï.*

By die berg Sinaï of Horeb in die woestyn van Midian het die Here sy verbond met Israel gesluit. Dit was nie 'n nuwe verbond nie, maar dieselfde genadeverbond wat Hy met Abraham opgerig het. Die Here het die verbond aan Moses op die berg bekend gemaak. Hy het alles in 'n boek opgeskrywe wat die Bondsboek genoem is. Daarna het hy aan die voet van die berg 'n altaar opgerig, waaromheen hy twaalf groot klippe geplaas het, wat die twaalf stamme van Israel voorstel. Hy slag toe 'n paar jong hulle. Die helfte van die bloed sprinkel hy op die altaar en lees dan die Bondsboek aan die volk voor. Hierop

antwoord die volk: "Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen en daarna luister". Moses neem toe die ander helfte van die bloed en sprinkel dit op die volk met die woorde: "Dit is die bloed van die verbond wat die Here met julle gesluit het".

### *8. Betekenis van die verbond.*

Die Here het nou aan die nageslag van Abraham getoon dat Hy sy verbond met Abraham nie vergeet het nie. Soos Hy Abraham liefgehad het en uitverkies het tot sy kind, het hy nou aan Abraham se nageslag bewys dat Hy hulle ook liefhet en uitverkies het tot sy kinders. Soos by Abraham is ook hierdie verbond met bloed beseël. Ook die bloed wys vooruit na die bloed van Christus, die Lam van God, wat vir ons sondeskuld geslag is. Ook Israel is alleen ter wille van die verdienste van Christus tot kinders van God aangeneem.

### *9. Vrae:*

1. Is ons ook uit die "slawehuis" uitgelei?
2. Van wie is Moses, 'n treffende tipe of voorbeeld? Waarom sê jy dit?
3. Waarvan profeteer die bloed van die paaslam? (Ex. 12; Joh. 1:29).
4. Wat beteken dit wanneer Paulus sê dat die volk "gedoop" is in die see? (1 Kor. 1:2).
5. Waarvan was die manna in die woestyn 'n afbeelding? (Joh. 6:31-33).
6. Waarom gee die Here aan sy volk die offerdiens saam met die Wet?
7. Kon die volk die Wet ten volle onderhou?
8. Waarvan was die bloed van die offerdiere 'n afbeelding?

# HOOFSTUK 9

## VAN HEMELSE TOT AARDSE KONINGSKAP

*Werkopdrag:* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees Josua 1-6; Rigters 1, 2; 1 Sam. 8, 9, 16; Laat my lammers wei: Hoofstuk 18-28.

i. Toon kortliks aan hoe die Here vir sy volk gestry het by die intog in en verowering van Kanaän.

ii. In die boek Rigters sien ons duidelik die sondigheid van die volk en die genade van God. Noem kortliks vyf voorbeelde daarvan.

iii. Watter sondes het gelei tot die dood van Eli en sy seuns?

iv. Waarom was Samuel 'n besondere gawe uit die hand van die Here vir sy moeder en sy volk?

v. Wie was die eerste koning van Israel en waarom het die Here hom verwerp?

vi. Uit watter stam van Israel was Dawid en waar het sy ouers gewoon?

vii. Watter volk, wat reeds uit die tyd van die rigters, Israel se grootste vyand was, is deur Dawid geheel oorwin?

viii. Noem twee voorbeelde om aan te toon dat Dawid ook 'n sondaar was?

ix. Waarom word die Here Jesus "Seun van Dawid" genoem?

### *1. Na veertig jaar tuis.*

Die volk Israel se swerftog van 40 jaar in die woestyn is agter die rug. Hulle het nou laer opgeslaan in die velde van Moab, oos van die Jordaanrivier. Balak die koning van Moab, is bang dat Israel hom sou aanval en verslaan, soos ander volke alreeds verslaan is. Hy stuur dan na Mesopotamië om 'n bekende besweerder Bileam te laat kom om Israel te vervloek. Ondanks die waarskuwing van die Here kom Bileam. Die Here laat hom egter nie toe om die volk te vervloek nie, maar hy seën hulle en profeteer selfs dat die Messias uit die volk sou voortkom. Op sy advies word die volk verlei tot afgodery wat dan tog lei tot 'n veldslag waarin die Moabiete verslaan en Bileam self gedood is.

Aan Moses word nou vanaf die top van Berg Nebo 'n uitsig oor die land Kanaän gegun, waarna hy sterwe.

Sy opvolger Josua maak hom gereed om oor die Jordaan te trek en die land te verower. Vooraf stuur hy spioene na Jerigo. Hulle word weggesteek deur die vrou Ragab. (Sy en haar huis is later gespaar toe Jerigo verwoes is). Hierna lei die Here sy volk droogvoets deur die Jordaan, deurdat die water op wonderbare wyse opgedam is. Jerigo se mure tuimel op wonderbare wyse ineen en die volk verslaan al die inwoners. By Ai ondervind die volk 'n neerlaag omdat Agan van die "bangoed" in Jerigo gesteel het. Agab word gestenig op bevel van die Here. Dan gaan die veroweringsveldtog voort. By Gibeon word vyf konings se leërs verslaan, waarby die Here kragtig meewerk deur 'n groot haelweer en deur die son te laat stilstaan op Josua se gebed. By die waters van Merom word ook die noordelike konings verslaan. Eindelik kon die land dan verdeel word onder die twaalf stamme van Israel.

Hierna roep Josua die volk byeen waar die verbond van die Here met sy volk hernu word.

### *2. 'n. Swak begin.*

Israel het nie behoorlik huis skoongemaak toe hulle die land in besit geneem het nie. Hulle het groepe van die oorspronklike heidene wat in Kanaän gewoon het, nie uitgeroei nie. Sommige het hulle toe maar aan hulleself dienspligtig gemaak (Rigters 1). Dan verskyn die Engel van die HERE aan hulle te Bogim en kondig sy oordeel aan; *"Ek sal*

*hulle nie voor julle uit verdrywe nie, sodat hulle vyande vir julle sal wees, en hulle gode 'n strik vir julle"* (Rigt. 2:3). So was dit dan ook in die Rigtertyd. *Die volk is verlei deur die afgode van die Kanaäniete wat tussen hulle gewoon het.* Die Here gebruik dan dieselfde Kanaäniete en ander heidense volke, wat rondom hulle woon, as 'n tugroede. Hulle moes dikwels buk onder die heerskappy van die heidene. Wanneer hulle dan tot die Here roep, stuur Hy 'n rigter om hulle te verlos . . . Die Rigtertyd, wat eintlik Israel se bruidstyd moes wees, word 'n droewige tyd in Israel se geskiedenis, *Maar tog is hulle nie verwerp nie. Dit is 'n tyd van sonde en genade.* Die Here het altyd weer verlos en hulle geseën met leiers wat Hom vrees soos Gideon en Samuel.

### *3. Godsregering of Teokrasie.*

*In Kanaän aangekom word Israel die ,,koninkryk van die Here op aarde".* Eintlik moes hulle voorberei word tot die heerskappy van die Messias-Koning. Aan die begin, na Josua se dood, was daar geen vaste aardse regeerder nie. *Die Here self was hulle Koning. Hy regeer deur sy Woord, waarin sy Wet vervat is.* Dink aan die wette wat Moses hulle gegee het. Daartoe gebruik die Here die priesters en Leviete, wat die erediens in stand hou, die wette verklaar en regspreek oor die volk. Verder was daar die oudstes om te lei. Die droewige Rigtertyd openbaar egter dat die volk nie aan die Here gehoorsaam gebly het nie. In Rigt. 2 vind ons 'n treffende beskrywing van die algemene toestand in die tyd. (Lees dit). Die *rigters* was persone wat die Here gebruik het om die volk te bevry van hulle onderdrukkers. Hulle het dan gewoonlik oor die volk geregeer solank hulle geleef het. Daarna was daar maar weer nie 'n vaste regeerder nie. Die *bekende rigters was die volgende:* Debora, 'n profetes, wat saam met Barak opgetree het. Barak het die volk verlos van die heerskappy van Jabin, die koning van Hasor. Gideon het met die hulp van die Here die groot leërs van die Midianiete met 300 man verslaan. Jefta het die landstreek van Gibeon verlos van die Ammoniete. As gevolg van 'n belofte moes hy sy enigste dogter aan die Here wy as offer. Simson was die rigter wat deur die Gees van die Here toegerus is met groot liggaamskrag, waardeur hy die Filistyne telkemale eiehandig verslaan het. Die laaste rigter was Samuel. Hy was ook die eerste van 'n reeks profete wat voortaan die volk in die Naam van die Here tot bekering sou roep.

### *4. Van hemelse tot aardse koningskap.*

Samuel was die laaste rigter. In hom vind die rigterskap 'n hoogtepunt. *Onder die rigters was hy die mees tipiese voorbeeld van wat die Messias sou wees.* Hy was 'n profeet, wat alreeds as kind deur die HERE geroep is (1 Sam. 3). Hy was uit die stam van Levi (1 Kron. 6:22-27). Omdat hy uit die priesterstam was, kon hy vir die Here offer. Daarby was hy 'n rigter wat oor Israel regeer het. Hy beklee aldrie die ampte van die Messias: profeet, priester en koning. En tog vra die volk juis in sy tyd na 'n koning (1 Sam. 8). "Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, en Samuel het tot die HERE gebid. Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, *want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie"* (1 Sam 8:6,7).

### *5. Van aardse tot hemelse koningskap.*

Ons moet altyd in gedagte hou dat *die Here die God van die verbond is.* Hy bly getrou aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob. *Daarby hou Hy sy belofte van die Messias wat eenmaal sal kom. Wanneer Hy kom, kom die koninkryk van God* (Matth. 3:2; 4:17). Daarom gebruik die Here die sondige begeerte van die volk om 'n koning te hê, om hulle voor te berei vir die koms van die koninkryk van die hemele. Saul, die eerste koning, word verwerp omdat hy ongehoorsaam aan die Here is (1 Sam. 15:19-23). Dawid, uit die stam van Juda, word die tweede koning. Hy word genoem die man na Gods hart. Die belofte aan Juda gaan in vervulling: *"Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom, sal die volke gehoorsaam wees"* (Gen. 49:10). Maar die belofte is net gedeeltelik vervul, want "Silo", die Messias, moet nog kom. Dawid ontvang egter die belofte: *"Jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid"* (2 Sam.

7:16). Hierna word dikwels na *die Messias,* "die Koning van die Jode", verwys as die *"Seun van Dawid'*[9]*.* Só gebruik die Here die aardse koningskap om sy volk te leer om die hemelse koningskap van die Messias te verstaan. Die verwagting op Hom word ryp gemaak.

Dawid was vir Israel die ideale koning. Latere konings is altyd gemeet aan Dawid. Ons lees telkemale van een of ander koning van Juda: "Hy het gewandel in die weë van sy vader Dawid" of: "Hy het afgewyk van die weë van sy vader Dawid".

### *6. Vrae.*

1. Waarom het die meeste van die Israeliete wat uit Egipte gelei is, Kanaän nie binnegegaan nie? Hebr. 3:16-19).
2. Waarom is Ragab in Jerigo gespaar? (Hebr. 11:31)
3. Waarom moes Israel al die heidene in Kanaän uitroei? (Rigt. 2:3).
4. Wie het in werklikheid oor Israel geregeer in die tyd van die Rigters?
5. Waarom het die volk 'n koning begeer? (1 Sam. 8).
6. Waarom het die Here wel aan die volk se begeerte om 'n koning te hê, voldoen?
7. Toon aan die betekenis van Dawid in die voorbereiding tot die koms van die koninkryk van die hemele.

# HOOFSTUK 10

## KONINGS EN VOLK SPEEL MET GOD SE VERBOD

*Werkopdrag:* (Beantwoord die vrae skriftelik).

Lees 1 Kon. 11, 18; 2 Kon. 17, 25 en Laat my lammers wei: Hoofstuk 29-37.

i. Noem kortliks Salomo se dade van Godsvrug tot eer van die Here, maar ook sy sonde wat tot die verdeling van sy ryk gelei het.

ii. Die noordelike ryk, bekend as Israel, wat uit tien stamme bestaan het, het vinnig in afgodery verval. Toon kortliks aan hoe veral hulle eerste koning, Jerobeam, en koning Agab daartoe bygedra het?

iii. Waarin het die volgende konings van Juda ooreenkoms getoon: Josafat, Hiskia en Josia?

iv. Watter twee profete het opgetree in Babel tydens die ballingskap?

### *1. Salomo se wysheid laat hom in die steek.*

Tot die mag en aansien van Dawid het geen koning van Israel ooit weer gekom nie. Sy opvolger was Salomo, die wyse. Hy het mooi dinge gedoen. Die tempel is deur hom gebou en groot rykdomme versamel. Bekend is die Salomiese geskrifte: Spreuke en Hooglied. Maar in sy ouderdom kom sy swakheid tot openbaring. Die groot rykdom en sy baie vroue was vir hom te magtig.

Hy bou nie alleen afgodsaltare nie, maar gaan ook sover om vir die afgode offers te bring (1 Kon. 11:1-13). Daarom word 'n deel van die koningskap van sy seun Rehabeam weggeneem. Alleen die stam Juda bly nog onderhorig aan konings uit Dawid se nageslag *"ter wille van my kneg Dawid",* sê die Here (1 Kon. 11:13). So ontstaan die twee ryke bekend as Juda en Israel.

### *2. Van kalwerdiens tot verstrooiing.*

Ter wille van politieke oorwegings meng Jerobeam, die eerste koning van die tien stamme, bekend as Israel, hom in met die godsdiens. *Hy wou sy onderdane weghou van die tempeldiens te Jerusalem en rig twee goue kalwers op in Dan en Betel,* Só verlei hy die volk van die Here omdat hy bang was dat hulle weer van hom afvallig sou word, indien hulle gereeld in Jerusalem kom vir die godsdienstige feeste (1 Kon. 12:26-33).

Onder inspirasie van sy vrou Isebel, *gaan koning Agab veel verder as Jerobeam. Hy hou altare vir Baal en Astarte, stel priesters en priesteresse aan en roei die profete van die Here uit* (1 Kon. 16:29-33). Dat die Here selfs vir Israel nog nie vergeet nie, blyk daaruit dat die profete hulle nog altyd tot bekering roep. In die tyd van Agab tree Elia op in die Naam van die Here (1 Kon. 17-19, 21). *Agab se opvolgers gaan voort op sy weg.* Die volk Israel verval meer en meer tot afgodery, ondanks die werk van profete soos Hosea en Amos.

In Kon. 17 word dan verhaal hoe die tien stamme deur die Assiriërs weggevoer word na Assirië ... In die hoofstuk word nader ingegaan op die redes waarom die tien stamme deur die Here verwerp is. Hulle het nie weer teruggekeer na Kanaän nie, maar onder die nasies verstrooid geraak en as volk verdwyn.

### *3. Twee soorte konings in Juda.*

In Jerusalem, die hoofstad van Juda, was daar deurgaans *iemand uit die geslag van Dawid op die troon,* Ongelukkig het hulle nie almal in die voetspore van hulle vader Dawid gewandel nie. Daar was getroues, maar daar was ook verbondsbrekers en afgodedienaars. *Onder die getroues dink ons veral aan die volgende:* Asa (1 Kon. 15:9-24), Josafat (1 Kon. 22 :41-54), Joas — die eerste jare van sy regering toe die hoëpriester Jójada nog gelewe het (2 Kon. 12), Ussia of Asárja (2 Kon. 15:1-7), Hiskia

(2 Kon. 18, 19 en 20) en Josia (2 Kon. 22, 23). Aan die ander kant was daar die ontroues, wat bv. die afgodediens op die hoogtes laat bly voortbestaan het, terwyl hulle aan die ander kant ook die Here w[7]ou dien, *Onder die ontroues was konings soos* Joram (2 Kon. 8:16-29), wat getroud was met die goddelose Atalia, die dogter van Agab. Verder is in besonder bekend die goddelose Manasse, die seun van die vrome Hiskia (2 Kon. 21). Ook die laaste paar konings van Juda: Joahas, Jojakim, Jojagin en Sedekia (2 Kon. 23 :31 — 2 Kon. 25), was soos strooihalms wat deur elke wind van verandering meegevoer is.

### *4. Juda in die louteringsvuur te Babel.*

Eindelik gee die Here in sy toorn ook vir Juda oor aan die magtige koning van Babel nl. Nebukadnésar. Die hele volk word weggevoer in ballingskap. As hoofoorsaak van hulle ondergang hou die profete aan hulle voor: *die sonde van owerspel met die afgode.* Omdat die Here met hulle 'n verbond gesluit het, was Hy sy volk se wettige man. Deur agter vreemde gode aan te loop, handel hulle soos 'n ontroue vrou wat vreemde mans agternaloop. Die Here het Hom nie onbetuig gelaat nie. Sy profete soos Jeremia en Esegiël het tot op die laaste oomblik gewaarsku en geroep tot bekering. Omdat Jeremia steeds gewaarsku het is hy selfs in die gevangenis gewerp en 'n keer neergelaat in 'n modderput (Jer. 37, 38), In 2 Konings 25 word die wegvoering na die ballingskap in Babel verhaal.

### *5. 'n Oorblyfsel sal terugkeer.*

*Juda se ballingskap in Babel is nie 'n onherroeplike oordeel nie.* Die tien stamme, Israel, is verstrooi en onder die volke opgeneem. *By Juda is egter* 'n *oorblyfsel behou.* Die Here het nog iets voor met Juda. *Die Messias is immers nog nie gebore nie.* Hy sou gebore word uit die stam van Juda (Gen. 49:8-10) en uit die geslag van Dawid (2 Sam, 7:16). Daarom profeteer alreeds Jesaja, wat meer as honderd jaar voor die ballingskap geleef het, van die terugkeer uit die ballingskap (Jes. 48:20; 49:8-13; 45:13). Ook Jeremia spreek van die terugkeer en kondig selfs aan dat die ballingskap 70 jaar sou duur (Jer. 25:11, 12; 29:10). Die Here bly getrou, ondanks die ontrou van sy volk. Maar dan word ook alleen 'n oorblyfsel behou. Die grootste deel van die volk het in Babel tuisgeraak en daar agtergebly.

### *6. Vrae.*

1. Waarom is die koninkryk van Israel in twee geskeur? (1 Kon. 11:1-13).
2. Waarom het Jerobeam goue kalwers opgerig in Dan en Betel? (1 Kon. 12:26-33).
3. Wat was die bydrae van Agab tot die ondergang van Israel? (1 Kon. 16:29-33).
4. Om watter rede het die Here Israel verwerp? (2 Kon. 17).
5. Waarom dink jy kon die vroom konings van Juda en die profete nie daarin slaag om die volk tot gehoorsaamheid aan die Here te bring nie? (Lees Jes. 1 en toon dit daaruit aan).
6. Waarom het die Here Juda oorgegee in die hand van die koning van Babel? (2 Kon. 25).
7. Het die Here sy volk, deur die wegvoering na Babel, geheel verwerp? (Jes. 48:20; Jer. 25:11, 12).
8. Om watter rede is 'n oorblyfsel van die volk behou?

# HOOFSTUK 11

## DIE PROFETE

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

Lees Jes. 6; Jer. 1; Eseg. 2, 3, 33; Dan. 1-8; Laat my lammers wei, Hoofstuk 39, 44).

i. Vertel kortliks hoe die Here die volgende profete geroep het: Jesaja, Jeremia en Esegiël.

ii. Hoe het die Here Daniël aan die hof van die konings van Babel en Persië gebruik?

iii. Toon aan hoe die profete die Messias of Christus gesien het as Koning; hoe sy geboorte aangekondig is; van sy lyding geprofeteer is en of hulle ook geweet het van sy wederkoms op die wolke van die hemel om te oordeel die lewende en die dode. (Lammers 44).

### *1. "Moses en die Profete".*

In die Nuwe Testament word dikwels verwys na *"Moses en die Profete"* (Luk. 16:29, 31). *Daarmee word die hele Ou Testament bedoel.* Dit was die hele Bybel wat destyds bestaan het. Die "Profete" is 'n versamelnaam om al die Bybelboeke, behalwe die eerste 5 boeke van Moses en gewoonlik ook Josua, aan te dui. Daarby is ingesluit *geskiedkundige boeke* soos Rigters, Samuel, Konings, Kronieke, Esra, Nehemia, Ester. Verder is hierby ook begrepe die *wysheidsboeke* soos Job, Spreuke en Prediker. Daar is nog *liedere* ook soos die Psalms en Hooglied. Ten slotte val onder hierdie groep ook die boeke van die *profete in enger sin* wat ons verdeel in twee groepe: Die *"groot" profete;* Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël en die *"klein" profete:* Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Hábakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleági. Ons gaan nie die Godsopenbaring in al hierdie boeke naspeur nie, maar hoofsaaklik let op wat die Here deur sy profete in enger sin aan ons wil sê.

### *2. Wat is 'n profeet?*

In die Skrifgedeeltes hierbo aangegee vind ons 'n duidelike aanduiding van wat 'n profeet is. Die Here sê bv. aan Jeremia toe Hy hom roep om 'n profeet te wees: "Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak. Toe het ek gesê: Ag, Here HERE, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk. Maar die HERE het vir my gesê: Moenie sê; Ek is jonk nie; *want na wie* Ek *jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek" (Jer. 1:5*-7). Die profeet is dus geroepe of aangestel deur God en het 'n besondere opdrag gehad om uit te voer. *Die opdrag van die profeet is om op te tree as spreker van die Woord van God.* Hy ontvang Goddelike openbaringe wat hy weer aan andere moet verkondig of bekend maak in die Naam van die HERE.

### *3. Hoe het die profete die Godsopenbaring ontvang?*

Een ding is duidelik: *die profete het geweet dat die*

*HERE self sy Woord aan hulle bekend gemaak het.* Dink daaraan hoe dikwels hulle verklaar: *"So sê die HERE* ..." Soms word duidelik verhaal dat die HERE in 'n visioen aan hulle verskyn en met hulle gepraat het. Dink aan die roeping van Moses, toe die HERE aan hom in die brandende doringbos verskyn het. Ook Jesaja (Jes. 6) en Esegiël (Eseg. 1, 2) sien wonderlike verskyninge en hoor hoe die HERE tot hulle spreek. Meestal word egter nie so duidelik aan ons gesê hoe die HERE sy openbaring aan hulle gegee het nie, maar *dit is tog duidelik dat hulle deurgaans die Woord van die HERE wat deur hulle gespreek moet word onderskei van hulle eie menslike opvattings.* (Lees hiervoor na in Jer. 14:14; Eseg. 13:2, 17). Soms het hulle dit selfs moeilik om as mense die boodskap van die HERE aan die volk te bring. Daarvan is Jeremia so 'n treffende voorbeeld. God verbied hom selfs om vir sy volk te bid (Jer. 14:11; 15:1).

### *4. Die profeet is 'n spreker van God.*

Die profete was in die eerste plek redenaars of sprekers wat aan die volk vertel het wat die wil van die HERE is. *Hulle het die Woord van God met die mond verkondig.* Hulle het egter ook dikwels *die Woord verkondig deur dinge wat hulle gedoen het.* In Eseg. 4 lees ons hoe die profeet eers vir 'n aantal dae op sy linkersy en dan weer op sy regtersy lê om voor te stel hoe die HERE vir dieselfde aantal jare sy volk sal verdruk. Die profeet Hosea word selfs deur die HERE beveel om met 'n slegte vrou te trou, om daardeur af te beeld hoe die HERE getroud is met 'n afvallige volk (Hos. 1:2). *So spreek die profete dikwels deur simboliese handelinge.*

### *5. Wat het die profete aan die volk verkondig.*

*Die profete het altyd gestaan op die grondslag van die wette van Moses.* Moses self was immers ook 'n profeet van die HERE (Deut. 34:10; Deut. 18:15, 18). Die volk wou nie na Moses luister nie. Spoedig na Josua se dood het hulle begin afwyk en afgode begin dien. *Die profete het die volk dan bestraf en teruggeroep na die Wet van Moses.* Hulle het ook aangekondig dat die HERE se oordele oor hulle sal kom, indien hulle hul nie bekeer nie. Die oordele het dan ook gekom soos die profete aangekondig het. Dit het bv. gebeur in die ballingskap waarin die volk weggevoer is deur die Assiriëers en Babiloniërs. In Eseg. 33 (lees dit verseker!) word duidelik deur die HERE gesê dat die profeet sy volk moet waarsku, anders sal die HERE sy volk se bloed van die profeet eis.

### *6. Die profete en die toekoms.*

Die profete toon duidelik dat die HERE in sy oordele oor die volk se sondes nog genadig is. Hy wil sy volk genees van hulle sondes. En dan word deurgaans deur die profete 'n mooi toekoms gesien: Die volk sal weer verlos word uit die ballingskap, maar ook van hulle sondes. *In die verlossing neem die profesieë van die komende Messias 'n sentrale plek in.* Hy sal kom en sy volk verlos. Hy sal egter nie alleen sy eie volk nie, maar ook die volke van die wêreld verlos. Van Hom sê Jesaja bv.:)3Ek, *die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies"* (Jes. 42:6). Ook die nasies van die wêreld sal deel in die genade wat die Messias sal bring.

### *7. Vrae.*

1. Wat bedoel die Bybel met die uitdrukking: "Moses en die Profete?" (Luk. 16:29, 31).
2. Watter Bybelboeke is "die profete" in enger betekenis?
3. Wat is die werk van 'n profeet?
4. Is daar nog profete in die hedendaagse kerk?
5. Hoe het die profete die Godsopenbaring ontvang?
6. Waarom sê die profete so dikwels: "so sê die HERE"?
7. Het die profete ook deur wat hulle gedoen het, die wil van die Here bekend gemaak?
8. Beteken 'n profesie alleen om die toekoms bekend te maak?
9. Het die profete ook gespreek oor die Messias wat sou kom?

# HOOFSTUK 12

## SKADUWEES EN WERKLIKHEID

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

i. Gaan aan die hand van die volgende tekste die geslagsregister van Jesus na: Gen. 3:15; Gen. 4:25: Gen. 5:29; Gen. 9:26; Gen. 12:3; Gen. 21:12; Gen. 49:10; Jes. 11:1.

ii. Het die profete die Christus ook verwag as God? Jes. 9:5; Ps. 2:7.

iii. Is sy geboorteplek aangekondig? Miga 5:1.

iv. Het die profete ook geweet van sy lyding en dood? Jes. 53.

### *1. Toneel reggeskuif vir koms van die Koninkryk van God.*

Serubbabel keer terug na Juda met 42 000 ballinge. Later kom nog groepies terug uit Babel en vestig hulle in Juda. Verreweg die meeste Jode het egter in Babel agtergebly. Sommige het verdwyn onder die heidene. Andere het aan die geloof van die vaders vasgehou. Oral in die Oosterse stede het groepe Jode gewoon, wat hulle eie sinagoges gebou het, waar hulle op die Sabbat vergader het om na Moses en die profete te luister en te aanbid. Ook tuis in Juda het die Joodse erediens meer en meer in sinagoges op die Sabbat plaasgevind. Teen 400v.C. sluit die Ou Testamentiese Openbaring af met die boek van die profeet Maleagi. *Vir laas hoor ons die belofte en versugting om die koms van die Messias: "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat my weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na Wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare"* (Mal. 3:1). (Lees verseker: "Laat my lammers wei" hfst. 42),

### *2. Ons sien terug na die beloftes.*

Ons herhaal nie alles wat in hoofstuk 44 van: "Laat my lammers wei" alreeds breedvoerig gegee is nie. Ons stip dit net aan. Lees dit self na in "Laat my lammers wei" of soek die gedeeltes op in die Bybel. *Dwarsdeur die Bybel loop die goue draad van die beloftes dat daar 'n Verlosser kom. Hy word soms geteken as koning, soms as profeet of leraar en soms as priester.* Soms is Hy 'n Persoon wat aldrie die ampte vervul. *Hy word ook gesien as Seun van die mens, maar tog ook as 'n Goddelike wese. Hy rig 'n koninkryk op, maar ly ook soos 'n skaap wat na die slagplek gelei word.*

Soek die volgende Skrifgedeeltes op en kyk wat julle daaruit aflei: Gen. 3:15; Gen. 12:3; Gen. 49:8-10; Num. 24:17; Deut. 18:15; 2 Sam. 7:16; Jes. 7:14; Jes. 9:5, 6; Miga 5:1; Amos 9:12; Jer. 23:5, 6; Ps. 45:7, 8; Ps. 110:1, 4; Sag. 9:9; Ps. 22:2; Jes. 53; Dan. 7:13, 14. Al hierdie Skrifgedeeltes en nog veel meer spreek van die Messias wat sal kom. In "Laat my lammers wei" is heelwat besonderhede hieroor (Hfst. 44).

### *3. Ons kyk terug na die afbeeldinge.*

In die Ou Testament kry 'n mens te doen met baie seremonies en allerlei reëls en vereistes wat nougeset nagekom moes word. Dit is vir ons vreemd om bv. in die boek Levitikus te lees van al die wette. Daar is wette wat handel oor die offers, die kleredrag van priesters en selfs van gewone mans en vroue, reiniging, melaatsheid, huweliksake en kuisheid. Dit lyk waarlik na reël op reël en gebod op gebod — die sonde waarvan die Here Jesus later die Fariseërs beskuldig. En terwyl ons tog nie meer al die wette en reëls gehoorsaam nie, waar om het ons dit dan nog nodig? Hierop is die antwoord dat die Here daarmee 'n doel gehad het. *Hy wou sy volk opvoed om die volmaakte heiligheid van die Messias af te beeld. Dit is maar skadubeelde van die werklikheid wat kom. Die werklikheid gaan in vervulling wanneer Jesus gebore word en volkome heilig lewe.*

### *4. Ons kyk terug na die bloed van stiere en bokke.*

Besonder treffend is die betekenis van die offers van die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament. Baie diere se bloed het deur die eeue gevloei om die toorn van die Here teen die sonde van sy volk af te wend. Dink aan die treffende voorbeeld van die bloed van die paaslam aan die deurkosyne van die huise van Israel in Egipte wat wys op die bloed van die ware Paaslam. Dink aan die bloed wat een keer per jaar op die versoendeksel van die verbondsark gesprinkel is deur die hoëpriester. *En tog kon die bloed van stiere en bokke nie betaal vir die sonde van die mens nie.*

*Dit het maar verwys na die bloed van Een, die Lam van God. Hy is Hoëpriester en offerlam tegelyk: "Want só 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir die van die volk nie. Want dit het Hy net eenmaal gedoen toe Hy Homself geoffer het"* (Hebr. 7:26, 27).

Die Ou Testament wys derhalwe treffend heen na die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament gaan die beloftes en skadubeelde oor in die werklikheid. Die koninkryk van God het gekom omdat die Koning, Jesus Christus, onse Here, gekom het.

### *5. Vrae.*

By hierdie hoofstuk volstaan ons met die opdrag om al die teksverwysinge in paragraaf 2 na te gaan en daarop te let hoe die beloftes vervul is in die koms van die Here Jesus.

# HOOFSTUK 13

## DIE KONINKRYK VAN GOD

*Werkopdrag.* (Beantwoord skriftelik).

Lees Matt. 1-4; Luk. 1, 2; Laat my lammers wei: Hoofstuk 45-48 en beantwoord dan die volgende vrae:

i. Sê kortliks wat jy daaronder verstaan dat Paulus in Gal. 4:4 sê: "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur..." Toon dit aan onder die volgende hoofpunte:

   (a) Die Jode onder die Romeinse heerskappy.

   (b) Die Jode godsdienstig onder die sware juk van die Fariseërs en Skrifgeleerdes.

   (c) Die toestande van die heidense afgodediens.

   (d) Watter invloed die Romeinse ryk en die een bekende wêreldtaal op die verspreiding van die Christelike godsdiens gehad het.

ii. Wat sê die Bybel op die volgende plekke van die koninkryk van God of die hemele en die Koning van die ryk? Matt. 1:1; 2:1-6; 3:2; 4:17; Luk. 1:31-33; 67-74.

### *1. Die koninkryk van God.*

Die gelowiges in die Ou Testament het uitgesien na die koms van 'n "Koning" en 'n "koninkryk". Treffend lees ons dit in Jes. 9:5, 6: "Want 'n kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en *die heerskappy* is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, ewige Vader, Vredevors — tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die *troon van Dawid en oor sy koninkryk..*."

Hier is sprake van 'n Koning en sy koninkryk; van heerskappy en van 'n troon. Die verwagte Koning word ook die "Messias" genoem. Dit beteken Hy is die Gesalf-de van die HERE, wat afgesonder en geroep en bekwaam gemaak is om as koning te regeer. Daarom sê die engel Gabriël aan Maria toe hy die geboorte van die Here Jesus aankondig: "En kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom *die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie".* (Luk. 1:31-33).

Volgens die Nuwe Testament is die Here Jesus derhalwe die verwagte Messias of Koning van die koninkryk van God.

### *2. God is Koning oor die ganse skepping.*

God die Here is die Almagtige. Daarom regeer Hy oor alle dinge. *"Die HERE is Koning..."* (Ps. 93:1), Verder sing die digter in Ps. 95:3-5: "Want die HERE is 'n grote God, ja 'n groot Koning bo al die gode. In wie se hand die diepste plekke van die aarde is, en die toppe van die berge is syne. Aan wie die see behoort wat Hy self gemaak het, en die droë land wat sy hande geformeer het". *Hierdie koningskap van die HERE is 'n koningskap van mag of heerskappy oor alles wat Hy gemaak het.* Dit gaan oor alles en almal: mens en dier, selfs oor engele en duiwels, oor wolke en winde — ja, oor die ganse heelal. Oor alles regeer en beskik Hy elke oomblik.

### *3. Die koninkryk van genade.*

Die HERE is egter op 'n besondere wyse Koning oor die gelowiges. *Dit is die koninkryk van genade waar Hy in sy liefde regeer oor die mense wat in Hom glo en Hom liefhet. Hier gaan dit om sy Verbond* waar Hy regeer deur sy Woord en Gees. Hy het immers 'n genadeverbond gesluit met Abraham en sy nageslag — ja, met sy kerk van alle eeue. In die koninkryk van genade dien sy volk Hom in geloofsgehoorsaamheid omdat hulle Hom

liefhet. Hy is hulle Koning wat oor hulle regeer en hulle beskerm omdat Hy hulle liefhet. In die Paradys was die koninkryk alreeds aanwesig. Adam is só geskape dat hy die Here in gehoorsaamheid gedien het voor die sondeval. Deur die sondeval het die mens egter van God afvallig geword. As gevolg daarvan het die koninkryk van God "opgehou" om op die aarde te bestaan. Daarom word dit die "koninkryk van die hemel" genoem, omdat die HERE alleen in die hemel nog volmaaktelik gehoorsaam word deur die engele en die gelowiges wat alreeds gesterwe het en nou in die hemel is. Die HERE laat die mens op aarde egter nie los nie, maar rig met sy gelowiges 'n koninkryk van genade op. Ook dit word genoem die koninkryk van God of van die hemele.

***4. Die koninkryk sal kom.***

Reeds in die Ou Testament word al verkondig dat die koninkryk gekom het, want alreeds daar word gespreek van God as Koning. En tog sien die gelowiges in die Ou Testament nog uit na die koms van die koninkryk — *dit sal kom*... Dit moet ons verstaan i.v.m. al *die beloftes van die Messias-Koning wat nog moes ver-vul word.* Jakob sê in Gen. 49:10 aan Juda dat "Silo" uit hom sal kom (Silo is die Messias-Koning uit Juda die koningstam). Veral na Dawid se koningskap sien die profete uit na die tyd dat die Koning, wat Messias sal wees, uit sy geslag sou kom. Die profesieë is vol van voorseggingе van die koms van die koninkryk (Jes. 9:5, 6; 11:1, 2, 10; Jer. 23:5; 30:9; 33:17, 20; Eseg. 34:23, 24 en nog baie ander plekke). *Die Messias sou derhalwe kom en as Koning sy ryk op aarde stig. Dit is 'n ryk wat alle nasies sal omvat.* Dan sal in vervulling gaan die belofte aan Abraham: in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word (Gen. 12:3).

***5. Die Koning van die Koninkryk.***

Die kindjie Jesus is in Betlehem gebore. In Jerusa-lem kom die wyse manne uit die Ooste en vra vir Herodes: *"Waar is die Koning van die Jode wat gebore is?* Want ons het sy ster in die Ooste gesien..." Herodes vra vir die owerpriesters en skrifgeleerdes "waar die Christus gebore sou word..." (Matth. 2:1-5). Die naam "Christus" is die Griekse vorm van die Hebreeuse naam "Messias". Herodes en die Jode weet dus dat die Koning van die Jode die verwagte Messias of Christus moet wees... Nog mooier sien ons die vervulling van die belofte van die koms van die Koning en sy koninkryk toe die engel sy geboorte aankondig: Hy sê vir Maria: "Jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; *en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie"* (Luk. 1:31-33).

***6. Die koninkryk het naby gekom.***

Toe Jesus haas moet optree en die Evangelie begin verkondig, hoor die volk uit die mond van Johannes die Doper: *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom"* (Matth. 3:2). Ag, die Jode sou vreemd opkyk. Hulle het geglo dat die Christus sou kom as die Koning van die Jode en dat Hy hulle sou verlos van die juk van die Romeine. Hulle gedagte was dat Hy 'n aardse koninkryk sou oprig en dat *alle Jode* daaraan sou behoort. Hulle sou nie begryp waarom 'n mens jou dan moet bekeer om aan die koninkryk van die hemele te behoort nie. Wanneer die Here Jesus begin optree is sy boodskap dieselfde as die van Johannes: *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matth. 4:17).* Ja, in Hom het die Koning uit die geslag van Dawid gekom en Hy gaan nou sy koninkryk oprig. En dan gaan Hy voort om te verduidelik hoedanig sy koninkryk sal wees, Hy sê bv. "Salig is die wat arm van gees is, *want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele"* (Matth. 5:3). Aan sy koninkryk behoort *sondaars wie se sondes vergewe is. Dit is koninkryk van genade* (Matth. 18:3; Joh. 3:3). Om in sy koninkryk te kom het 'n mens die *wedergeboorte nodig.* Nie alleen Jode sal hieraan behoort nie, *maar dit omspan die hele wêreld:* "Maar Ek sê vir julle *dat baie sal kom van ooste en weste* en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die *koninkryk van die hemele"* (Matth. 8:11).

### *7. "Totdat die volkomenheid van u ryk kom..."*

(Kat. Sondag 48).

Die Here leer ons om te bid: *"Laat u koninkryk kom"* in die Onse Vader. Let daarop hoe mooi verklaar ons Kategismus hierdie bede: "Regeer ons só deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp..." Daarmee bid ons *dat ons tog aan ons Koning gehoorsaam moet wees.* Sy koninkryk moet kom in ons eie harte. *Bewaar en vermeerder u kerk*... So bid ons dat die koninkryk van die Here op die aarde moet bly voortbestaan en groei. "Vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word". *Hier bid ons dat die Here sy en ons vyande moet oorwin.* Hulle is immers die vyande van sy koninkryk. "...totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles sal wees in almal..." Hoe mooi is die "totdat...." Verseker sy ryk kom tot volkomenheid, wanneer ons Koning kom op die wolke van die hemel. Dan rig Hy sy ryk op. Dan *eers is sy ryk volmaak gevestig op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Sy koninkryk het gekom, toe ons Koning, Jesus Christus, gekom het, maar sy koninkryk sal kom, wanneer Hy meer kom. Dan kom dit in sy volmaakte heerlikheid.*

### *8. Vrae.*

1. Wat beteken dit as ons sê dat God Koning van mag of heerskappy is?
2. Regeer God ook oor die ongelowiges?
3. Hoe regeer Hy oor die gelowiges?
4. Waarom spreek die Bybel van die koninkryk van die *hemele?* Regeer die Here dan nie ook op die aarde nie?
5. Wanneer het die koninkryk van die hemele op aarde gekom?
6. Wie is die Koning wat gekom het?
7. Hoe regeer die Koning oor sy koninkryk?
8. Wat beteken dit dat die koninkryk al gekom het en tog weer sal kom?
9. Wie is die burgers van die koninkryk van die hemele?

# HOOFSTUK 14

## ONS HOOGSTE PROFEET EN LERAAR

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

Lees Matt. 5-7; Matt. 13; Matt. 24 en 25. Sien hierby: Laat my lammers wei: hoofst. 52, 54, 69.

i. Die Bergpredikasie:

   (a) Wie word salig gespreek?

   (b) Vertolk die Here Jesus die Wet van die Here moeiliker of makliker as die Skrifgeleerdes: Matt. 5:21—48.

   (c) Wat sê Jesus van ons verhouding tot ons besittings.

ii. Van watter gelykenisse lees ons in Matt. 13? iii. Verklaar die gelykenis van die saaier.

iv. Waaroor handel Matt. 24 en 25?

v. Noem die vernaamste tekens wat die wederkoms van die Here op die wolke voorafgaan.

### *1. In die begin was die Woord.*

*"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God* . . . *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid"* (Joh. 1:1, 14). Dit is duidelik Wie die Woord is. Hy is die Eniggeborene wat van die Vader kom. Dit is Jesus Christus onse Here. En nou weet ons alreeds dat die werk van 'n *profeet is om die Woord van God te spreek.* In Hom is vervul wat Moses gesê het: 'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister" (Deut. 18:15). Hy het gekom om die Woord te verkondig. Hy openbaar die Vader aan ons: " ... ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar" (Matth. 11:27).

### *2. Jesus alleen is die Profeet.*

Die Here Jesus is die hoogste profeet. *Hy is die Profeet en elke ander profeet is in werklikheid maar 'n hulpprofeet.* Hulle staan in sy diens en tree in sy Naam op. In sy profetiese amp is Hy enig en geheel bo elke ander profeet verhewe. Die ander profete staan nie naas Hom as sy gelykes nie, maar Hy gebruik hulle maar om sy werk te doen. Hy werk maar deur hulle as sy werktuie. In die Ou Testament het Hy as hoogste Profeet vanuit die hemel die profete as sy werktuie of mondstukke gebruik. Toe kom Hyself en spreek tot die mense deur sy eie mond. Tans is Hy weer in die hemel, maar spreek nog deur sy profete of leraars wat sy Woord verkondig. Hy sê vir sy apostels in Hand. 1:8: "... julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde".

### *3. Jesus preek deur sy dade.*

Jesus doen sy eerste wonder te Kana in Galilea, toe Hy die water in wyn verander. Daarvan verklaar die Bybel: *"En Hy het sy heerlikheid geopenhaar, en sy dissipels het in Hom geglo"* (Joh. 2:11). *Hy openbaar of maak Homself bekend in die wonders wat Hy doen. Maar nie alleen in sy wonders nie — in sy hele optrede.* Die ganse tyd van sy lewe op aarde, vanaf sy geboorte, is Hy besig om die Vaderliefde aan ons bekend te maak en om te toon dat Hy die Seun van God is, wat gekom het om sondaars te verlos. Toe die ou Simeon in die tempel die Kindjie Jesus sien, het hy geweet dat Hy die Messias is en die Here daarvoor geloof (Luk. 2:25-32). Dink ook maar aan die gebeure in die tempel toe Hy twaalf jaar oud was (Luk, 2:41-52). Selfs die ongelowige mense sien in Hom iets besonders, maar sy dissipels kom daartoe om in Hom te glo. *"Hy wat My gesien het, het*

*die Vader gesien,* sê Hy vir Thomas in Joh. 14:9. *So openbaar Hy in sy optrede, in wat Hy doen en selfs in wat met Hom gebeur, die evangelie. Ook sy lyde aan die kruis is 'n sprake van Hom.* Daarin openbaar Hy self dat Hy die Lam van God is, wat vir ons sondeskuld geslag is. Dink daaraan hoe Hy na sy opstanding sy heerlikheid openbaar in sy verskyninge.

### *4. Jesus preek deur sy woorde.*

Jesus ons hoogste Profeet het vanselfsprekend ook self gepreek. Hy begin sy prediking met die woorde: "Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom" (Matth. 4:17). So neem hy Johannes die Doper se prediking oor en sluit Hy aan by die profete uit die Ou Testament. Ook hulle het immers verkondig dat die Koning sal kom en sy koninkryk sal oprig. Baie mense wat Hom gehoor en gesien het, het nie geglo dat Hy die Messias was nie, maar hulle het tog erken dat Hy 'n Profeet was. Hy vra een keer aan sy dissipels: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: *Sommige Johannes die Doper, en sommige Elia, en ander Jeremia of een van die profete"* (Matth. 16:13, 14).

Sy openbaring in sy prediking het indruk gemaak. Die mense het daarin iets besonders gesien. Die skare was verslae oor sy leer, *"want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie"* (Matth. 7:29). *Wat verkondig ons hoogste Profeet, Jesus aan ons?*

### *5. Hy verkondig dat Hy die Seun van God is.*

Toe Hy twaalf jaar oud is, sê Hy dit alreeds aan sy moeder Maria toe sy Hom in die tempel te midde van die leraars vind: ,,Waarom het u My gesoek. Het u nie geweet dat Ek in die dinge van *my Vader* moet wees nie" (Luk. 2:49). Dit is die eerste woorde deur Homself uitgespreek wat vir ons opgeteken is in die Bybel. Sy laaste woorde aan die kruis was: "Vader in u hande gee Ek my gees oor" (Luk. 23:46). En na sy opstanding sê Hy aan Maria Magdalena om aan sy dissipels die boodskap oor te dra: *"Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God"* (Joh. 20:17). Dat hy die Seun van God is en dat God sy Vader is, het Hy deurgaans verkondig. Dit was só duidelik sy boodskap aan die mense dat Hy juis daarom deur die Jode veroordeel is. *Hy is skuldig gevind aan Godslastering, omdat Hy Homself die Seun van God genoem het* (Luk. 22:70,71).

### *6. Hy verkondig dat God ook die Vader is van hulle wat in Hom, Jesus glo.*

In die vier Evangelies is daar 150 plekke waarin die Here Jesus na God verwys as "Vader". (Ons noem 'n paar daarvan: Luk. 10:21, 22; Luk. 20:41-44; Matth. 11:25-27; Matth. 15:13; Mark. 8:38; Joh. 3:18, 22, 23, 35, ens.). Maar dan praat Hy gewoonlik van *"My Vader"* en *"julle Vader".* Wanneer Hy aan die woord is, praat Hy nooit van "ons Vader", waardeur Hy Homself aan ons gelykstel as 'n kind van God nie. Sy *verhouding tot die Vader is anders as ons s'n. Hy is die eniggebore Seun en ons is om sy ontwil aangeneem tot kinders van die Vader.* Maar Hy leer tog baie nadruklik dat ons 'n liefdevolle Vader in die hemel het en dat ons sy geliefde kinders is. *"As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid"* (Matth. 7.11).

### *7. Hy verkondig die koninkryk van God.*

Daarmee begin sy prediking in die openbaar: *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom"* (Matth. 4:17). So begin sy groot bergpredikasie: "Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort *die koninkryk van die hemele"* (Matth. 5:3). Baie van sy gelykenisse, wat 'n belangrike deel van sy leer is, begin ook met die woorde: *"Die koninkryk van die hemele is soos* . . ." (Lees Matth. 13).

### *8. Hy verkondig dat Hy die Seun van die mens is.*

Die Here Jesus praat gedurig van Homself as die

Seun van die mens. Daarin sluit Hy aan by wat die profeet Daniël van die Messias gesê

het: "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het *Een gekom soos die Seun van 'n mens,* en Hy het gekom tot by die Oue van dae[5] en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en tale en nasies het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie ver-nietig sal word nie" (Dan. 7:13, 14). Dink maar aan die uitspraak van die Here Jesus in Mark. 16:62: "En u almal sal *die Seun van die mens* aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel". *Wanneer Hy Homself die Seun van die mens noem, wil Jesus daarmee duidelik aan ons sê dat Hy die verwagte Messias is.*

### *9. Jesus het verkondig dat Hy die Messias is.*

Nadat Petrus bely dat Hy die Christus (Messias) die Seun van die lewende God is, lees ons in Matth. 16:20: "Daarop het Hy sy dissipels bevel gegee dat hulle vir niemand moes sê dat *Hy Jesus die Christus* is nie". Daarom laat Hy toe dat die skare Hom toejuig toe Hy Jerusalem binnery op 'n esel: "Hosanna vir die Seun van Dawid, geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matth. 21:9). Hy sê selfs dat die klippe dit sal uitroep indien die mense sou swyg.

### *10. Jesus verkondig sy eie dood en opstanding.*

Hy het voor sy dood herhaaldelik gesê dat Hy sou ly en sterwe. *"Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly en gedood en op die derde dag opgewek word"* (Matth. 16:21). (Lees ook: Mark. 8:31; 9:31; 10:33, 34; Luk. 22:37; Joh. 6:51 ens.).

### *11. Jesus verkondig sy wederkoms.*

Sy kerk het 'n toekoms want dit is gebou op die geloof in Hom. Daar sal egter groot verdrukking en nood wees en dan sal Hy eindelik kom op die wolke van die hemel. (Lees Matth. 24).

### *12. Vrae.*

1. Waarom word Christus die "Woord" genoem? (Joh. 1:1, 14).
2. Wat het Hy as ons hoogste Profeet aan ons geopenbaar? (Sondag 12, Heid. Kategismus).
3. Was Christus reeds Profeet in die Ou Testament?
4. Hoe spreek God tot ons volgens Hebr. 1:1?
5. Was Jesus sy ganse lewe op aarde werksaam as Profeet?
6. Wat het die mense van Hom gedink? (Matth. 16:13, 14).
7. Noem in hoofsaak wat Jesus aan ons verkondig?

# HOOFSTUK 15

## ONS ENIGSTE HOËPRIESTER EN SY ENIGE OFFERANDE

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

i. Priesterlike werk is liefdesdiens. Noem tien voorbeelde uit die Nuwe Testament waar die Here Jesus liefdeswerk gedoen het.

ii. Die priesters in die Ou Testament het in die tempel diens verrig. Noem twee besondere priesterdienste.

iii. Beskryf kortliks die lydensweg van Jesus soos ons dit vind in Matt. 26 en 27.

### *1. Priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.*

Die Messias of Christus word alreeds in die Ou Testament geteken as 'n priester. Die duidelikste word dit gesê in Ps. 110:4: *"Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie; U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek".* Van Melgisédek lees ons in Gen. 14. Daar word verhaal hoe Melgisédek 'n *priester van God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde"* vir Abraham geseën het en hoe Abraham aan hom 'n tiende gegee het. Verder word niks van hom gesê nie.

Van sy afkoms weet ons niks; van sy geboorte en sterwe word niks vertel nie. Hy was 'n priester en tog nie uit die latere priestergeslag van Aaron nie. Só was Jesus ook 'n priester, nie uit die geslag van Aaron wat sy vader en moeder moes aandui en sy lewensjare moes vertel om as priester te kan dien nie. In Hebr. 7 word breedvoerig verduidelik wat dit beteken dat Jesus priester was volgens die orde van Melgisédek.

### *2. Die werk van die priesters.*

Die taak van die priesters in die Ou Testament was om die *offers vir die HERE te bring.* Aaron was die eerste hoëpriester. In Num. 16 word bv. verhaal hoe Korag, Datan en Abiram ook die priesteramp begeer. Hulle 250 aanhangers het toe op bevel van Moses ook vuurpanne gereed gemaak om vir die HERE te offer, saam met Aaron. Die HERE het hom egter só vertoorn oor die aanmatiging van hierdie oproermakers, wat ook die priesteramp begeer het, dat die aarde onder Korag, Datan en Abiram oopgegaan en hulle lewend ingesluk het. Hulle twee-honderd-en-vyftig aanhangers is met hulle vuurpanne en al deur vuur uit die hemel verteer. Niemand behalwe 'n nakomeling van Aaron mag dus die offers vir die HERE bring nie. Dit was ook later Saul se sonde waarom die HERE hom verwerp het. (Dit lees ons in 1 Sam. 13). *Die priester se werk was om te offer en hulle alleen kon dit doen — niemand anders nie.*

### *3. Die betekenis van die offers.*

In die wette van Moses is die offers noukeurig beskrywe. Alleen rein diere en ook die diere sonder gebrek moes geoffer word. *Die HERE eis die allerkosbaarste as offer.* Daar was hoofsaaklik drie soorte offers: soenoffers, sondoffers en dankoffers. Die diere moes geslag en gewoonlik op die altaar verbrand word. By die soen- en skuldoffers was die bedoeling dan dat die toorn van die HERE teen die sonde van sy volk afgewend word deur die bloed van die diere. *Die dier "sterf" dan in die plek van die sondaar wat deur sy sonde die dood verdien.* In Lev. 16 word beskrywe hoe die groot Versoendag gevier moet word. Dan neem die hoëpriester die bloed van die offerdier in die allerheiligste van die tabernakel of tempel en sprinkel dit op die versoendeksel van die verbondsark om "versoening te doen vir die sondes van die volk".

### *4. Die Offerlam van ons enigste Hoëpriester.*

Jesaja 53 is 'n aangrypende hoofstuk. Die Jood kon dit nog nooit begryp nie, omdat daarin sprake is van 'n mens, "die *Kneg van die HERE, wat soos 'n Lam na die slagplek gelei word, om geoffer te word.* En waarom is Hy geoffer? Luister maar: *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid is Hy verbrysel; die*

*straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom".* In die lig van die *Nuwe Testament begryp ons dit egter.* Toe Jesus kom, kom Hy as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Toe die hofdienaar van Ethiopië (van wie ons lees in Hand. 8:26-40) uit Jes. 53 lees en dit nie begryp nie, verklaar Filippus aan hom die evangelie van Jesus wat vir ons sondes geslag is. Die hofdienaar het geglo en, nadat hy gedoop is, met blydskap sy reis voortgesit. Mooi word hierdie lyn deurgetrek wanneer ons Hom weer sien in Openb. 5 waar Hy voor die troon van God staan: *"'n Lam asof Hy geslag is".*

### *5. Op Golgota het ons Hoëpriester Homself geoffer.*

Nou begryp ons waarom daar 'n Golgota moes wees. Daar moes 'n offer gebring word, want kalwers en bokke kan nie vir ons sondes betaal nie. Sy lyding en dood moes Hy in ons plek ondergaan om vir ons versoening te bring. *Hy was nie uit die geslag van Aäron nie en tog is Hy ons "enigste" hoëpriester. Aäron en sy geslag was maar voorbeelde wat heengewys het na Hom, Net so was die bloed van die offerdiere maar soveel tekens van sy bloed wat eenmaal sou vloei om waarlik te betaal vir ons sonde. Hy is hoëpriester en Offerlam tegelyk.*

### *6. Sy offer net eenmaal.*

"Christus het ingegaan in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn; ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, want dan moes Hy dikwels gely het... *Maar nou het Hy eenmaal verskyn om die sonde deur sy offer weg te neem.*.." (Hebr. 8:24-28). Hy het eenmaal gekom; Hy het eenmaal sy offer gebring, die offer van sy eie liggaam en nou is geen offer meer nodig nie. Daar om het ons nie meer bloedige offers vir die Here nie. Daarom word ons nie meer besny nie. *Alle bloedige tekens is in Hom vervul.*

### *7. Ons enigste Hoëpriester werk nog steeds.*

Na sy offer op Golgota het Hy opgestaan en opgevaar na die hemel. *Sy offer is afgedaan, maar sy priesterwerk gaan voort.* Hy tree nog vir ons in met sy voorbidding by die Vader. Ook dit is priesterwerk. "Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree" (Rom. 8:34). "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde" (Hebr. 4:15).

### *8. Vrae.*

1. Waarom word Jesus 'n priester volgens die orde
2. van Melgisédek genoem? (Ps. 110:4; Hebr. 7).
3. Wat was die priesters in die Ou Testament se werk?
4. Wie doen die priesterlike werk in die hedendaagse kerk?
5. Waarom moes diere-offers in die Ou Testament gebring word?
6. Wie is die ware Offerlam van God? (Jes. 53).
7. Wie is die Hoëpriester wat die ware offer gebring het?
8. Is die Roomse Kerk reg om, soos hulle sê, Christus daagliks onbloedig te offer, wanneer die Mis bedien word? (Hebr. 7:27).
9. Word die werk van ons Hoëpriester vandag nog deur Hom voortgesit in die hemel? (Rom. 8:34).

# HOOFSTUK 16

## DIE VADER EN DIE SEUN EN DIE HEILIGE GEES

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

i. Is daar by die geboorte van die Here Jesus sprake van die Vader, die Seun en die Heilige Gees? (Matt. 1:18-25;Luk. 1:26-38).

ii. Het die Here Jesus verkondig dat Hy en die Vader *een* is? (Joh. 1:14; 5:19; 5:21-30; 8:30; 10:38; 14:9 16:15, 28; 17:21 — skryf die bewysplekke neer in jou antwoord op die vraag).

Iii Wat sê die Here Jesus op die volgende plekke van die Heilige Gees? (Joh. 14:16; 14:26; 15:26).

iv. Is daar sprake van die Vader, die Seun en die Heilige Gees by die doop van Jesus? (Luk. 3:31, 22).

v. Is daar 'n verband tussen die Twaalf Artikels en die belydenis van die Drie-eenheid in Matt. 28:19 en 2 Kor. 13:13? (Sondag 8 Heid. Kat; Vir die Kerkjeug hoofst. 23).

### *1. Die belydenis van God drie-enig is die hart van die geloof van die Christen.*

*God openbaar Homself in sy heilige Woord, in die drie onderskeie Persone: die Vader, die Seun en die Heilige Gees, as die enige waaragtige en ewige God.* Dit is die hart van die belydenis van die Christen. In die openbaring van die Drie-eenheid is God onbegryplik maar tog kan ons Hom juis daarom ken en liefhê en aanbid.

### *2. Die geheimenis word gaandeweg meer en meer geopenbaar.*

In die Ou Testament is die openbaring van die Drie-eenheid nog onduidelik. Tog *sien ons reeds vanaf die begin van die Godsopenbaring iets daarvan. Eers in die Nuwe Testament breek die volle lig deur.* Dink maar aan die bekende uitspraak van die Here Jesus in Matth. 28:29: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies, *en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees".* So doop die kerk tot vandag toe.

### *3. God drie-enig by die skepping.*

Gen. 1:1-3: "In die begin het God *die hemel en die aarde geskape.* En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en *die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê:* Laat daar lig wees! en daar was lig". Hier is sprake *van God en* van die *Gees van God.* Verder staan hier dat God *"gespreek" het.* In Ps. 33:6 lees ons: *"Deur die Woord van* die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy *mond hulle hele leër"* En sien ons nou Joh. 1:1-3 hierby, dan verstaan ons dat aldrie Persone in die Drie-eenheid reeds by die skepping van die hemel en die aard werksaam was; *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie*" En ons weet alreeds uit hoofstuk 14 dat die vleesgeworde Woord (Joh. 1:14) die Seun van God, Jesus Christus, is. *God "spreek" immers deur die "Woord"* — d.i. deur die Seun, Jesus Christus.

### *4. God drie-enig by die skepping van die mens.*

"En God het gesê: Laat ons *mense maak na ons beeld, en ons gelykenis...* En God het die mens geskape na sy beeld" (Gen. 1:26, 27). Dit is tog darem wonderlik dat die God hier met Homself raadpleeg en dan spreek van "Ons". Ook daarin sien ons 'n aanduiding van die Drie-eenheid.

### *5. Die Engel van die HERE.*

Op baie plekke in die Ou Testament kry ons te doen met die verskyning van die *"Engel van die HERE"* of die *"Engel van die Verbond".* Aan Hom word *Goddelike mag en*

*eienskappe* toegeskrywe, *Soms spreek Hy van Homself as God.* In Gen. 16 word verhaal hoe die Engel van die HERE aan Hagar verskyn, toe sy wegvlug van Sara af. Hy sê o.a. vir haar: "Ek sal jou nageslag grootliks vermeerder..." (Gen. 16:10). Hagar beskou Hom as God self. "Toe noem sy *die Naam van die Here wat met haar gespreek het:* U is 'n God wat sien" (Gen. 16:13), Ook in Ex. 3 lees ons hoe die Engel van die HERE aan Moses in 'n vuurvlam uit 'n doringbos verskyn het. Dan lees ons verder van Hom: *"Toe die HERE sien* dat hy nuuskierig naderkom, roep God na hom uit die doringbos..." (Ex. 3:4). Later vra Moses na sy Naam en dan sê dieselfde Engel van die HERE: "En God sê vir Moses: *EK IS WAT EK IS.* Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur" (Ex. 3:14). Hier het ons die verskyning van die Seun in die Ou Testament. Hy verskyn om aan die mense genade en liefde te betoon. Reeds in die Ou Testament is Hy die Verlosser.

### *6. Ook van die Heilige Gees is sprake in die Ou Testament.*

*Die Heilige Gees tree ook in die Ou Testament na vore,* veral om die Woord van God te openbaar en om te verlos. Hy sal ook die verwagte Messias toerus vir sy werk. "Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isaï, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die *Gees van die HERE rus,* die Gees van wysheid en verstand..." (Jes. 11:1, 2). Die profeet Joël kondig aan: "En daarna sal *Ek my Gees uitgiet op alle vlees,* en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien" (Joël 2:16-18).

### *7. Die Drie-eenheid by Jesus se geboorte.*

In die Nuwe Testament word dit duideliker. Wanneer die engel Gabriël Jesus se geboorte aankondig, sê hy vir Maria: *"Die Heilige Gees sal* oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, *Seun van God genoem word"* (Luk. 1:35). Hier is sprake van aldrie: God (die Vader), Seun en Heilige Gees.

### *8. By Jesus se doop deur Johannes.*

"En toe die hele volk gedoop *en Jesus* ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan: en *die Heilige Gees* het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; *en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae" (Luk. 3:21, 22).* Hier is weer sprake van al drie. Die Seun is gedoop; die Heilige Gees daal neer in die gedaante van 'n duif en die stem van die Vader kom uit die hemel.

### *9. Jesus self verkondig dat Hy die Seun van God is en dat Hy een met die Vader is.*

(Sien ook hoofstuk 15:15a).

*"Ek en die Vader is een*... As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet julle My nie glo nie; maar as Ek dit doen, al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo *dat die Vader in My is en Ek in Hom"* (Joh. 10:30, 37,38).

### *10. Jesus verkondig dat Hy die Heilige Gees van die Vader sál stuur.*

*"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster* gee om by julle te bly tot in ewigheid: *die Gees van die waarheid"* (Joh. 14:16, 17). (Verder Hand. 1:4; Joh. 16:7-13).

### *11. Die openbaring van die Drie-eenheid blyk duidelik uit die doopformule.*

*"Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees"* (Matth. 28: 19). Die Woord van die HERE openbaar duidelik dat die drie onderskeie Per-sone die enige Goddelike Wese is. Daarom glo ons só in Hom.

***12. Vrae.***

1. Hoe weet ons dat God die Vader en die Seun en die Heilige Gees die enige, waaragtige en ewige God is?
2. Waar in die Bybel is die eerste keer sprake van die Drie-eenheid?
3. Wie is die Engel van die HERE of die Engel van die Verbond?
4. Wat beteken dit dat ons bely dat die Here Jesus ontvang is van die Heilige Gees? (Luk. 1:35).
5. Noem uit die Nuwe Testament bewysplekke vir die Drie-eenheid?

# HOOFSTUK 17

## PINKSTER — DIE TROOSTER HET GEKOM OM TE BLY

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

i. Toon aan uit die Ou Testament hoe die Heilige Gees werksaam is:

   (a) In die skepping: Gen. 1:2; 2:7; Ps. 33:6.

   (b) Om mense toe te rus vir diens: Ex. 31:3; Rigt. 3:10; Rigt. 14:6.

   (c) Om profete te inspireer: Amos 7:14, 15, Num. 11:29; Jes. 59:21; Eseg. 2:2; 3:24.

ii. Met watter Joodse fees is die Heilige Gees uitgestort? (Hand. 2).

iii. Het die Heilige Gees iets te doene met die wedergeboorte van 'n mens? (Joh. 3:1-8).

iv. Waar kom ons geloof vandaan? (Kategismus Sondag 25).

### *1. Die belofte van die Heilige Gees.*

*Die Heilige Gees is die derde Persoon in die Drie-eenheid.* God die Vader is in die Godsopenbaring eintlik die onbereikbare of ontoeganklike God. *Hy kom tot die mens deur die Woord* en veral dan verstaan as *die Woord wat vlees geword het.* Dit is die Seun, Jesus Christus. Hy word ook genoem Immanuel, wat beteken "God met ons" (Matth. 1:23). Hy, die Here Jesus, het onder ons gewoon (Joh. 1:14). Maar in die koms van die Heilige Gees kom God Drie-enig nog nader aan ons. *Hy woon in ons harte deur die Heilige Gees.* Die belofte van sy koms kry ons bv. in Joël 2:28-30: "En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees . . ." Van die Here Jesus self lees ons dikwels dat die Heilige Gees met Hom was en in en deur Hom gewerk het. Maar Hyself belowe ook dat die Heilige Gees sal kom en by sy dissipels bly. *" .,. maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het"* (Joh. 14:26). Die belofte herhaal die Here ook op ander plekke soos: Joh. 16:7-11; Hand. 1:4 ens.

### *2. Die uitstorting van die Heilige Gees.*

In Hand, 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees. Dan gaan die beloftes van Christus in vervulling. *Die Trooster het gekom en bly ewig by ons* (Joh. 14:16, 17). Só word die woord van Johannes die Doper bewaarheid: "Ek doop julle wel met water; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. *Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"* (Matth. 3:11). Dit gebeur op die Pinksterfees, vyftig dae na die Paasfees (toe Jesus gekruisig is), en tien dae na sy hemelvaart. Die dissipels was êrens eendragtig bymekaar, want hulle het gewag op die koms van die Heilige Gees, soos Jesus hulle by sy hemelvaart beveel het (Hand. 1:3, 5).

### *3. Die tekens waarmee die Heilige Gees kom.*

Die uitstorting van die Heilige Gees gaan gepaard met bepaalde uitwendige tekens. Die inwendige verandering by die apostels is egter veel merkwaardiger. "En daar kom skielik uit die hemel *'n geluid soos 'n geweldige rukwind,* en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. *Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur,* wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. *En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale,* soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek" (Hand. 2:2-4). Die drie tekens waarmee die Gees gekom het, was: die geluid van 'n geweldige rukwind; tonge soos van vuur en dat die apostels in ander tale gespreek het.

### *4. Die geluid van 'n geweldige rukwind.*

Die tekens van die koms van die Heilige Gees wil iets aan ons tuisbring van die Gees en sy werking. Wat beteken dit vir ons dat hier sprake is van die geluid van 'n geweldige

rukwind? Opmerklik is dat die tekens eers gehoor en gesien is en daarna sê die skrywer dat hulle vervul is met die Heilige Gees. Die tekens was opvallend en duidelik. *Die Heilige Gees is in sy tekens, sy werke, duidelik, maar die Gees self kan nie waargeneem word met ons sintuie nie.* Waar die Here Jesus spreek van die groot werk van die Heilige Gees in ons harte, die wedergeboorte, sê hy: "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, *maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie.* Só is elkeen wat uit *die Gees gebore is"* (Joh. 3:8). Hier hoor die mense alleen die geluid wat uit die hemel van God af kom, soos van 'n wind. Dit was nie 'n werklike wind nie, alleen maar 'n geluid soos van 'n wind. Dit moes 'n baie sterk geluid wees, soos van 'n orkaan. Dadelik dink 'n mens aan *die groot krag* van 'n orkaan wat alles voor hom platvee. Die Heilige Gees werk nie alleen in stilte nie, maar is ook sterker as alles op aarde. Hy is immers die Gees van God. Geen krag of geweld is teen die krag van die Gees bestand nie (Sag. 4:6; *"Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here..").*

### *5. Tonge soos van vuur.*

Wonderlik: hulle hoor 'n wind, *maar hulle sien vuur.* Ons dink dadelik aan die woord van Johannes die Doper: "Hy sal julle doop met die *Heilige Gees en met vuur"* (Matth. 3:11). Dit laat by ons die gedagte ontstaan dat die *Heilige Gees soos 'n vuur brand* en verbrand. So is dit ook: die Heilige Gees brand die onheilige en sondige in ons lewe weg. *In die vuur van die Heilige Gees word die mens gelouter en geheilig.* Maar die vuur was ook in die Bybelse tyd die *bron van lig.* Dan dink ons ook aan die uitspraak van die Here Jesus: *"Julle is die lig van die wêreld . . . Laat julle lig só skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik"* (Matth. 5:14, 16).

### *6. Hulle het begin spreek in ander tale.*

"*En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek"* (Hand. 2:4). Die eerste gevolg daarvan dat almal vervul is met die Heilige Gees, was dat hulle begin *spreek van die groot dade van God* (vers. 11). Dit kan nie anders nie. Mense vervul met die Heilige Gees se woorde getuig daarvan. Hulle verheerlik die Naam van die Here in wat hulle sê. Dit op sigself is alreeds 'n wonder. Dit is die vrug van die wedergeboorte en die geloof. Maar nou kom hier nog iets by nl. *die talewonder. Hulle spreek in ander tale.* Dit is duidelik 'n wonder. *Die taalgrens tussen volk en volk word oorbrug.* Dit bly egter 'n verstaanbare taal, sodat ander mense kon verstaan wat hulle sê. Vir ons is dit hoofsaaklik nodig om te weet dat die Heilige Gees in sy werk deur geen taalgrens gestuit kan word nie. Die Gees hoef nie altyd op hierdie buitengewone wyse taalgrense te oorkom nie. 'n Mens kan ook deur studie en Bybelvertaling ander volke in hulle eie tale bereik. So is dit ook deur die eeue heen gedoen, Een ding is egter seker: die groot dade van God word inderdaad in hulle eie taal aan baie nasies van die aarde verkondig.

### *7. Hulle is almal vervul met die Heilige Gees.*

*Die hoofsaak is dat almal vervul is met die Heilige Gees. Die Gees woon in hulle; Hy vervul hulle; Hy maak hulle diensbaar; Hy laat hulle spreek; Hy maak van hulle belyders van Christus en verkondigers van sy Woord. Só maak God woning by die mense.* "Of weet julle nie dat *julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees* wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie. Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Kor. 6:19, 20).

### *8. Vrae.*

1. Is die Heilige Gees 'n Persoon of alleen maar die "gees van God"? (Soos elke mens ook maar 'n "gees" het) (Joh. 14:26; Matth. 28:19).
2. Wat beteken dit dat die Here Jesus "gesalf is met die Heilige Gees"? (Luk. 3:21, 22).
3. Wat was die tekens wat die uitstorting van die Heilige Gees vergesel het?

4. Wat het die Here aan ons geopenbaar in die besondere tekens?
5. Is elke ware gelowige vervul met die Heilige Gees?

# HOOFSTUK 18

## WERKTUIE VAN DIE HEILIGE GEES

*Werkopdrag:*

Noem die plekke wat Paulus op sy drie sendingreise besoek het? (Hand. 13 en 14 eerste reis; Tweede reis: Hand. 16, 17, 18; Derde reis: Hand. 19, 20, 21; Lammers wei: Hoofst. 82-85).

### *1. Mense vervul met die Heilige Gees werk met besieling en moed.*

*"En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek . . .* Ons hoor hulle is ons eie taal oor die groot dade van God spreek" (Hand. 2:4, 11). So *begin die bedeling van die Heilige Gees. Hy maak mense se tonge los. Hy gee hulle vrymoedigheid om te praat. Hy gee ook aan hulle moed. Mensevrees verdwyn.* Petrus het vroeër die Here Jesus drie keer verloën. Nou staan hy op en praat (lees vers 14-36). Hy het selfs die moed om aan die Jode te sê, toe hy praat van die dood van Jesus: "Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, *het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring".* Wat 'n verandering in die man, wat nou reguit vir die Jode sê dat hulle Jesus laat doodmaak het! Toe dieselfde Joodse Raad, wat Jesus tot die dood veroordeel het, vir Petrus en Johannes later verbied om nog die Naam van Jesus te verkondig, lees ons in Hand. 4:19: "Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om *julle meer gehoorsaam te wees as God,* moet julle self beslis, want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie". Dieselfde moed sien ons ook by die andere. Stefanus sterf gewillig as martelaar (lees Hand. 7:51-0). Paulus reis na Jerusalem, hoewel hy vooraf weet dat boeie en verdrukking op hom wag (Hand. 21). So kan ons nog baie voorbeelde noem van hoe die Heilige Gees mense besiel tot heldemoed en onvermoeide werkywer in sy diens.

### *2. Werktuie van die Heilige Gees verkondig Jesus Christus as die Gekruisigde.*

Toe Petrus, nadat die Heilige Gees uitgestort is, opstaan en praat, sê hy maar 'n paar woorde om te verklaar wat die uitstorting van die Heilige Gees beteken. Maar dan begin hy om te spreek van *Jesus die Nasarener,* 'n man deur God vir hulle aangewys met kragte en wonders en tekens. Hy is oorgelewer en gekruisig. Hy is opgewek uit die dode. "Laat dan die hele huis van Israel weet dat God *Hom Here en Christus gemaak het, hier-die Jesus wat julle gekruisig het"* (Hand. 2:36).

Dit doen die apostels deurgaans. Die Heilige Gees gebruik hulle om Jesus die Gekruisigde te verkondig. Dink aan Paulus se gevleuelde uitspraak toe hy skrywe aan die gemeente in Korinthe: *"want ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as die gekruisigde"* (1 Kor. 2:2). 'n Prediker besiel met die Heilige Gees kan en mag niks anders as dit verkondig nie. Ons het immers reeds gesien dat die hele Woord van die Here, Ou- en Nuwe Testament, spreek van Hom, die Lam van God wat vir ons sondeskuld geslag is.

### *3. Werktuie van die Heilige Gees verkondig die Woord van God.*

*Die Heilige Gees en die Woord of Heilige Skrif is nooit los van mekaar nie. Die Gees is immers die Gewer van die Woord. "Deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek"* (2 Petr. 1: 21). Daarom verkondig sy werktuie, apostels, profete, leraars, *die Woord alleen.* Paulus sê selfs: "As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees" (Gal. 1:8, 9). Hierdie *evangelie is die hele Bybel.* Stefanus begin sy toespraak voor die Joodse Raad in Hand. 7 by Abraham. Paulus toon deurgaans aan dat die verskyning van Jesus 'n vervulling is van die Ou Testament. In die brief aan die Hebreërs word mooi en duidelik aangetoon hoe die afbeeldinge en profesieë van die Ou Testament in Christus vervul is. *So verkondig die apostels dwarsdeur die Nuwe Testament die Goddelike gesag en eenheid*

*van die hele Bybel.*

### *4. Werktuie van die Heilige Gees vergader die kerk.*

Reeds in Hand. 2 lees ons hoe op die dag van die uitstorting van die Heilige Gees, 'n *gemeente of 'n kerk gestig is.* Op die prediking van Petrus kom mense tot geloof. "Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; *en daar is op die dag omtrent drie duisend siele toegebring" (Hand. 2:41).* Dwarsdeur die boek Handelinge lees ons verder hoe die kerk uitgebrei het. Aan die begin het hoofsaaklik Jode by die kerk aangesluit. Die Joodse Raad het egter begin om die Christene te vervolg. Stéfanus is doodgemaak (Hand. 7), Dit lei tot die verstrooiing van die gemeente. *"En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig"* (Hand. 8:4). Hulle het selfs sover as Antiochië en Sirië die evangelie verkondig (Hand. 11:19). "En die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem" (Hand. 11:26).

### *5. Die kerk vergader uit die heidene.*

In Hand. 9 lees ons van die bekering van Saulus (Paulus) op pad na Damaskus. Hierdie ywerige Fariseër word deur die Heilige Gees verander tot 'n uitverkore werktuig van die Here. *" ...hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel"* (Hand. 9:15). Die gawes van die bekwame en ywerige Paulus word dan deur die Gees gebruik om die *kerk uit te brei na die heidendom.* Ook ander apostels en evangeliste het alreeds die evangelie verkondig aan heidene. Dit was egter hoofsaaklik huisgesinne of enkelinge. Filippus kry uitdruklik opdrag van 'n engel van die Here om die evangelie te verkondig aan die hof dienaar uit Ethiopië — uit Afrika. Petrus word deur die Here self deur 'n gesig as 't ware gedwing om aan die Romeinse hoofman Cornelius van Cesarea die evangelie te bring (Hand. 10). Die Heilige Gees bevestig hierdie verkondiging van Petrus. "En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het" (Hand. 10:44). Maar dit was veral Paulus wat die eerste keer uitgestuur is deur die gemeente van Antiochië om die evangelie aan die heidene te bring. Hyself verklaar later: "Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes (Jode), het my ook bekragtig met die oog op die heidene" (Gal. 2:8).

### *6. Die kerk gevestig in die wêreld.*

In Hand. 16 kom treffend aan die lig hoe die Heilige Gees doelbewus die uitbreiding van die kerk na Europa wend. Paulus en Silas is saam op die tweede sendingreis. Sy plan was om na die Ooste te reis. "En toe hulle by Misië kom, het hulle probeer om na Bithinië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie" (Hand. 16:7). Daarna kom hulle in Troas. "En Paulus het 'n gesig in die nag gesien — daar staan 'n Macedoniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedonië en help ons" (Hand. 16:9). Hy en Silas gaan toe oor na Macedonië in Griekeland. So begin gemeentes ontstaan in Europa: Filippi, Thessalonika, Berea, Athene, Korinthe. Toe Paulus aan die einde van die boek Handelinge in Rome aankom, was gemeentes gevestig in feitlik die hele gebied rondom die Middellandse See. So het die Heilige Gees die apostels gebruik om die kerk in die wêreld te vestig.

### *7. Vrae.*

1. Wat was die eerste gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees wat die apostels aanbetref ? (Hand. 2).
2. Wie is in die eerste plek deur die Heilige Gees verkondig in Hand. 2?
3. Werk die Heilige Gees los en sonder die Woord van God?
4. Wie vergader die kerk?
5. Wie bewaar die kerk?
6. Wie word deur die Here gebruik as werktuie om die kerk te vergader en te bewaar?

7. Toon aan hoe die Heilige Gees dit opsetlik bewerkstellig het dat die evangelie in Europa verkondig is?

# HOOFSTUK 19

## APOSTELS EN PROFETE

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

i. Wie was die twaalf apostels? (Mark. 3 :13-19).

ii. Wat sou jy sê is die tweërlei opdrag van die apostels volgens bg. gedeelte?

iii. Watter opdrag het die Here nog meer aan hulle gegee na sy dood en opstanding? (Hand. 1:22; 2:32; 3: 15; 13:31).

iv. Beskryf kortliks wat ons in die boek Handelinge lees oor die apostel Petrus. (Hand. 2, 3, 4, 5; 8:1-25; 9 :32-11: 18).

### *1. Dissipels word apostels.*

Die Here Jesus het die twaalf dissipels geroep om Hom te volg. In Joh. 1:35-52 lees ons bv. hoe die eerste dissipels geroep is. Hierdie twaalf het Hom oral gevolg. *'n Dissipel is dan ook 'n volgeling of leerling van Jesus.* In Matth. 10 word verhaal hoe Hy hulle uitgestuur het om die evangelie te verkondig aan die verlore skape van Israel. Hierdie sending kan ons 'n "proeftyd" vir die dissipels noem. Later het Hy Hom teruggetrek en hoofsaaklik aandag aan die twaalf gegee om hulle te leer. (Lees daarvan in die hoofstukke oor sy "Omswerwinge" in "Laat my lammers wei" — 57-64). *Na sy opstanding moes die ontredderde dissipels weer tot die belydenis van die geloof in Hom as die gekruisigde en verheerlikte Messias gebring word.* Daarom verskyn Hy twee keer aan hulle, terwyl hulle saam was in een of ander vertrek (Joh. 20:19-31). By die eerste geleentheid was Thomas afwesig. Daarom kom Hy 'n tweede keer, want ook Thomas moes glo en bely: "My Here en my God!" (Joh. 20:28). *Almal moes glo in sy opstanding om apostels te kon word.* Hierdie aanstelling vind plaas by die eerste verskyning. (Thomas is na sy belydenis daarby inbegrepe). *"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"* En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees (Hand. 20:21, 22). Hier ontvang hulle die Heilige Gees om hulle bekwaam te maak vir die amp as apostels. Later in Hand. 2 word die Gees uitgestort op die hele gemeente. *So word die dissipels aangestel as apostels. Voortaan is hulle nie meer dissipels nie, maar moet hulle dissipels maak vir Jesus* (Matth. 28:19).

### *2. Wat is apostels.*

Nadat Judas die Here verraai het en selfmoord gepleeg het, is Matthias in sy plek gekies (Hand. 2:26). Later het ook Paulus bygekom as apostel. Hy is in besonder afgesonder as apostel van die heidene (Gal. 1:1 en 2:7, 8). *'n Apostel is 'n gesant met die besondere opdrag. Hulle is aangestel en uitgestuur deur Jesus om in sy Naam sy evangelie te verkondig en dissipels van ander mense te maak. Daarom moes hulle getuies wees van sy opstanding.* Toe die apostels Matthias kies, sê hulle: "van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding" (Hand. 1:21, 22).

### *3. Kentekens van die apostelamp.*

In die Christelike kerk was daar net eenmaal mense wat "apostels" genoem kan word, soos die Bybel dit verstaan. Hulle het besondere kentekens gehad. Daarom noem ons die apostelamp 'n *"buitengewone"* amp, teenoor byvoorbeeld die ampte van ouderlinge, diakens en leraars, wat ons *"gewone"* ampte noem. Hulle besondere merktekens was:

a. *Hulle is direk deur Christus self verkies, geroep en uit gestuur* (Joh. 6:70; 13:18; 15:16,19; Gal. 1:1).

b. *Hulle is deur Jesus self opgelei om hulle taak te vervul en hulle was oog- en oorgetuie van sy woorde en dade* (Hand. 1:8, 22; 1 Kor. 9:1; 15:8; Gal. 1:12; Ef. 3:2-8; 1 Joh. 1:3).

c. *Hulle het in besondere mate die Heilige Gees ontvang om hulle "onfeilbaar" in die*

*waarheid te lei.* As mense was hulle nie sonder foute nie, maar hulle het "onfeilbaar" die Woord van Christus aan ons oorgelewer (Matth. 10:20; Joh. 14:26; 15:26; 16:7, 13, 14; 20:22; 1 Kor. 2:10-13; 7:40).

d. Hulle was met die Gees toegerus en het *openlik as getuies van Jesus opgetree, veral van sy opstanding.* Hulle was betroubare getuies en het die Woord van God verkondig (Hand. 1:8, 21, 22; 2:32; 3:15; Joh. 19:35; 21:24; 1 Kor. 7:25; 2 Petr. 1:16; Hebr. 2:3 ens.).

e. *God het hulle getuienis beseël met tekens en wonders* (Matth. 10:1, 8; Mark. 16:20; Hand. 2:43; 5:12-16 ens.).

f. *Die kerk van alle eeue is gebind aan die woord en getuienis van die apostels* (Joh. 17:20; 1 Joh. 1:3). Hulle en hulle woord word selfs die fondament van die kerk genoem (Matth. 16:18; 1 Kor. 3:10; Ef. 2:20; Openb. 21:14).

g. Hulle was nie alleen verbind aan een of ander plaaslike kerk nie, *maar hulle gesag het gegeld oor al die gemeentes.* Hulle amp en gesag het algemeen gegeld om die grondslag van die kerk te lê, om dit te stig en die organisasie van die kerk te reël. *Van die begin af is hulle gesag in die kerk ook oral erken.*

### *4. Profete in die Nuwe Testament.*

In die Nuwe Testament tref ons ook persone aan wat profete genoem word. Dikwels word vanselfsprekend met die benaming profeet verwys na die profete van die Ou Testament en hulle woord. (Hieroor het ons reeds gehandel in hoofstuk 11). Ons lees egter ook van Nuwe Testamentiese profete. *Hulle was mense wat met besondere gawes deur die Heilige Gees toegerus is. Ons noem dit ook 'n "buitengewone" amp.* (Hand. 13:1; 19:6; 21:9; Rom. 12:6; 1 Kor. 12:10; 13:2; 14:1; Ef. 3:5; 4:11; 1 Thess. 5:20). Ons moet onthou dat die Nuwe Testament in die tyd nog nie opgeskrywe was nie. *Die profete het dan opgetree om in bepaalde gevalle die wil van die Here aan die gemeentes bekend te maak.* Daar is maar enkele uitsprake van hierdie profete vir ons bewaar in die Bybel (Hand. 11:28; Hand. 15:32; Hand. 21:10 e.v.).

In die Nuwe Testament neem die boek Openbaringe van Johannes 'n besondere plek in. Dit is net soos die boeke van die profete in die Ou Testament *'n profetiese boek.*

### *5. Vrae.*

1. Wat is 'n dissipel?
2. Wat is 'n apostel?
3. Waarvoor het Jesus sy dissipels in besonder opgelei?
4. Wat is die kentekens van die apostels?
5. Is daar vandag nog apostels in die kerk?
6. Is daar vandag nog "profete" in die kerk, soos in die Nuwe Testament?

# HOOFSTUK 20

## DIAKENS, OUDERLINGE, LEER-OUDERLINGE

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

i. Lees die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens en toon kortliks aan wat die bewyse uit die Bybel is dat ouderlinge oor die kerk moet regeer en diakens die armes moet versorg.

ii. Lees die formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord en toon kortliks aan hoe hulle amp uit die Skrif verantwoord word.

### *1. Die "gewone" besondere ampte in die kerk.*

Elke Christen staan in *die amp van die gelowiges.* Hy is *as profeet* geroepe om die Naam van die Here te bely. As *priester* moet hy homself as 'n lewende dankoffer aan God toewy. En as *koning* moet hy met 'n goeie gewete teen die duiwel en die sonde stry (Kat. Sondag 12). Daar is egter in die kerk ook die *besondere ampte* nl. *leraars, ouderlinge en diakens.* Hulle is die werktuie waardeur die Here sy kerk regeer en versorg. Ons wil nou bepaal waar hierdie besondere ampte vandaan kom. Dit moet immers uit die Bybel wees, anders het hulle geen bestaansreg in die kerk nie.

### *2. Die amp van die diaken word ingestel.*

In Hand. 6 lees ons van die ontstaan van die diakenamp in die kerk. "En in die dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. En die twaalf (apostels) het die menigte van dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die Woord van God nalaat *om die tafels te bedien nie.* Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel" (Hand. 6:1-3). Sedertdien was daar altyd diakens in die kerk.

### *3. Wat is 'n diaken?*

Diaken beteken eintlik maar*:"iemand wat dien".* Alleen op twee plekke word die naam diaken duidelik gebruik om 'n ampsdraer in die kerk aan te dui. Dit is Filipp. 1:1 en 1 Tim. 3:3. *Die amp van die diaken is om die armes te versorg.* Hulle moet gawes vir die armes insamel; die gawes uitdeel aan die armes; hulle besoek en vertroos. Dit noem ons die *priesterlike* amp. Dit staan i.v.m. liefde en offers — die werk van die priester. Ons moet net onthou dat dit in hierdie geval gaan om dankoffers. Ons gee gawes aan die armes uit dankbaarheid vir die goeie sorg van ons hemelse Vader.

### *4. Waar om is daar onderlinge?*

In 1 Kor. 14:40 sê Paulus: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan". Dit is die amp van die ouderlinge om daarvoor te sorg. *Hulle regeer oor die gemeente.* Die woord ouderling of oudste is die aanduiding van 'ii persoon wat onder die Jode in 'n amp van regering gestaan het. Daar was saam met die owerpriesters en skrifgeleerdes ook ouderlinge in die Sanhedrin of Joodse Raad wat Jesus veroordeel het. "En toe dit dag geword het, het al die owerpriesters en die *ouderlinge* van die volk saam raad gehou teen Jesus om Hom dood te maak" (Matth. 27:1). *So was die ouderlinge ook belas met die opsig en tug in die kerk van Christus.* Waarskynlik is hulle spoedig na die stigting van die eerste gemeente in Jerusalem gekies en al gou tref ons hulle ook aan in die ander gemeentes. *Op hulle eerste sendingreis het Paulus en Barnabas alreeds ouderlinge laat kies* (Hand. 14:23; 20; Jak. 5:14; 1 Petr. 5:1). *Hulle word ook opsieners en herders en voorgangers genoem* (Hand. 20:17; Ef. 4:11; Hebr. 13:7). Ouderlinge moes aan besondere vereistes voldoen. (Lees dit na in 1 Tim. 3:1-7 en Titus 1: 5-9). Hulle werk is om in die Naam van Christus oor sy kerk te regeer- Die oorspronklike Griekse woord om 'n ouderling aan te dui was "presbiter". Omdat ons nog steeds glo dat die ouderlinge in ons kerk moet

regeer oor die gemeente, noem ons ons kerk-regeringstelsel *'n "presbiteriale"* stelsel.

### *5. Leer-ouderlinge.*

Toe die Christelike kerk na Pinkster gestig is, was die apostels die amptelike verkondigers van die evangelie. Ons het alreeds gesien dat hulle diakens laat kies het, "maar ons sal volhard in die gebed en in die bediening van die Woord", sê hulle (Hand. 6:4). Toe ouderlinge gekies is, was hulle werk om oor die gemeente te regeer. Daar was die apostels en profete en evangeliste wat die evangelie bedien het. *Die kerk brei egter later só uit dat die "buitengewone" ampte nie alles kan behartig nie.* Dit word nodig om in elke gemeente iemand te hê wat blywend kon optree in die "leer". *Dit is persone wat die evangelie verkondig.* Dit blyk duidelik uit wat Paulus skrywe in 1 Tim. 5:17, 18: "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, *veral die wat arbei in woord en leer.* Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie; en: die arbeider is sy loon werd". Alle ouderlinge kon nie arbei in die woord en leer nie, *omdat hierdie leer-ouderlinge opgelei moes word.* Dit sê Paulus o.a. in 2 Tim. 2:1-2: "Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is; en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, *vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer". Timotheüs moes* manne oplei om andere te leer. Dit is duidelik dat hierdie amp van die leer-ouderling uit die Bybel kom. *Hulle moes ook deur die gemeente onderhou word, omdat hulle voltyds hulle kragte in diens van die gemeente moes stel* (1 Tim. 5:18). Dit is die hedendaagse amp van die leraar of predikant in die gemeente.

### *6. Vrae.*

1. Wat verstaan ons onder "buitengewone" en "gewone" ampte in die kerk?
2. Van watter buitengewone en gewone ampte weet jy?
3. Wat is die amp van die gelowiges?
4. Wat is die werk van die diakens?
5. Waartoe word ouderlinge in die kerk geroep?
6. Wat is die verskil tussen 'n ouderling en 'n leer-ouderling?
7. Waarom sê ons dat die Gereformeerde Kerk 'n "presbiteriale" kerkregeringstelsel het?

# HOOFSTUK 21

## DIE BYBEL OPENBAAR ONS TOEKOMSVERWAGTINGE

*Werkopdrag:* (Beantwoord skriftelik).

i. Die Here Jesus noem in Matt. 24 en 25 bepaalde dinge wat sal gebeur, voordat Hy weer kom op die wolke van die hemel. Noem dit kortliks.

ii. Wat lees ons in 2 Thess. 2 en Openb. 13 van die Antichris of die "ongeregtige"?

iii. Beskryf kortliks die "laaste oordeel" soos dit saamgevat word in die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 37.

### *1. Die lewe ná die dood volgens die Ou Testament.*

Die Bybel leer dat daar 'n lewe ná die dood sal wees. Wanneer die mens se liggaam sterwe, *dan sal die siel voortlewe.* Selfs in die Ou Testament kry ons al bewyse hiervoor: "Want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie"; sing Dawid in Ps. 16:10. Asaf sê in Ps. 73:24: "U sal my lei deur u raad *en my daarna in heerlikheid opneem".* In Job 19 kry ons selfs 'n aanduiding dat hy die opstanding van die vlees bely: "Maar ek, ek weet: my Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat hulle só my vel afgeskeur het, sal *ek nogtans uit my vlees God aanskou"* (Job 19:25, 26). (Lees verder: Ps. 17:14, 15; Ps. 22:27; Ps. 49:8-16). Treffend kry ons by Dan. 12:2 'n bewys dat ook die liggaam eenmaal opgewek sal word: *"En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik".*

### *2. Die lewe na die dood volgens die Nuwe Testament.*

In die Nuwe Testament kom dikwels die uitdrukking *"doderyk"* voor, soos ook in die Ou Testament. Dit beteken dat die mense na hulle dood in 'n toestand of plek verkeer waar hulle voortlewe (Openb. 20:13, 14; Openb. 6:8). *Sommige is in die "doderyk" in smarte en ander in die heerlikheid.* In Luk. 16:19-31 vertel die Here Jesus die gelykenis van Lasarus en die ryk man. *Na sy afsterwe verkeer Lasarus in die heerlikheid aan die boesem van Abraham en die ryk man is in smarte.* Die Here sê ook vir die moordenaar aan die kruis: "Voorwaar, Ek sê vir jou, *vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"* (Luk. 23:43). Die Paradys is hier die benaming van die hemelse heerlikheid (2 Kor. 13:2, 4; Openb. 2:7). Na die dood is daar derhalwe 'n toestand van heerlikheid vir die siel van die afgestorwe gelowiges in die hemel en die siel van die' ongelowiges' verduur smarte in die hel (Luk. 16:23; Joh. 3:36). Die hel word ook genoem die plek waar die vuur nie uitgeblus word en die wurm nie sterf nie (Mark. 9:44).

Die gesaligdes in die hemel is altyd by Jesus (Filipp. 1:23). Hulle staan voor die troon van God en die Lam (die Here Jesus). (Openb. 7:9-15). Hulle roep' en bid en loof en dien die Here (Openb. 6:10; 7:10, 15; 22:17). Hulle dien God dus dag en nag.

### *3. Die wederkoms van Christus.*

Reeds in die Ou Testament is daar dikwels sprake van die *"Dag van die Here",* Dit het dikwels bloot die betekenis dat daar 'n dag van oordeel sal kom. Daarmee is soms bedoel die oordeel van die Here oor sy volk toe hulle weggevoer is in ballingskap. Die straf sou egter nie vir altyd duur nie, maar die Here sal Hom weer ontferm oor sy volk. Eindelik sal die Messias kom uit die huis van Dawid om die seën van die Here te bring oor sy volk en oor alle nasies. Daarna sal die "dag van die Here" kom aan die einde van die eeue. *"Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie"* (Jes. 65:17). Ná die koms van Christus word dit steeds duideliker dat Hy "weer sal "kom". Hy self sê dit dikwels. En *dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.* En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en

hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, en van die einde van die hemel af tot die ander einde daarvan" (Matth. 24:30-31). Dit sê die engel ook aan die apostels na sy hemelvaart in Hand. 1:11. Die apostels leer dit ook deurgaans in hulle prediking en briewe.

### *4. Die tekens van die tye.*

Die wederkoms van die Here Jesus op die wolke van die hemel word *voorafgegaan deur allerlei tekens. Dit noem Hy die tekens van die tye.* Die groot nood van die mense is egter dat hulle nie sal let op die tekens van die tye nie. Soos in die dae van Noag en Lot sal hulle gewoonweg eet en drink, trou en in die huwelik uitgee, koop en verkoop. "Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word" (Luk. 17:26-30). *Onverwags is sy koms, soos 'n dief in die nag, hoewel sy voetstappe tog duidelik gehoor kan word in wat in die wêreldgeskiedenis gebeur. In Matth. 24 gee Hyself 'n treffende opsomming van die tekens van die tye.* Hy noem bv. oorloë en gerugte van oorloë; natuurrampe soos aardbewings; die vermeerdering van sonde en ongeregtigheid en die liefde wat verkoel; die valse profete en valse christusse wat die *mense sal* verlei; die evangelie *moet* eers verkondig word aan alle nasies; die koms van die Antichris of die mens van die sonde. Van al hierdie dinge sê Hy: "En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. *So weet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur* (Matth. 24:32, 33). (Lees hieroor ook 2 Thess. 2).

### *5. Die Antichris:*

Paulus skryf: Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want *eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word,* die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word, of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is (2. Thess. 2:3, en 4). Hier het ons te doene met die mens wat ons die *Antichris* noem. *Hy is die messias uit die aarde.* Duidelik word hy geteken in Openb. 12:18 — 13:10. Hy word daar gesien as 'n magtige dier uit die see. Die see moet ons hier verstaan as die volkeresee — hy kom op uit die volkere. Hy is so magtig dat niemand kan koop en verkoop wat nie sy merkteken op hulle voorhoof en regterhand het nie. In Openb. 13:11-18 word sy magtige profeet, die dier uit die aarde, vir ons beskrywe. Die prestasie en wonders van die wetenskap sal hy inspan om alle mense aan die heerskappy van die Antichris te onderwerp. *Hy sal heers totdat Christus* op die wolke van die hemel verskyn en hom met sy *ryk vir ewig oorwin en vernietig* (Openb. 19:11-21).

### *6. Die wederkoms en die opstanding van die vlees.*

Nie alleen ons siel word, na ons sterwe, dadelik tot Christus ons Hoof opgeneem nie, *maar ook ons vlees staan eenmaal op uit die graf om met ons siel verenig te word.* Uiteindelik sal ons dan na liggaam en siel woon op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. 1 Kor. 15 handel breedvoerig oor die opstanding. Mooi stel Paulus dit in 1 Thess. 4:13-18: "Maar broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie . . . (dat) ons wat in die lewe oorbly tot by die, wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie voor sal wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en *die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees".*

### *7. Na die oordeel ewige heerlikheid en ewige straf*

Veral die laaste hoofstukke van Openbaringe werp lig op wat tydens en na die wederkoms van die Here sal plaasvind. In Openb. 20:11-15 word aan ons die oordeel beskrywe. "En ek het al die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. *En die dode is geoordeel* na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En as dit bevind is dat iemand nie

opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp" (Openb. 20:12, 15).

In Openb. 21 word die nuwe hemel en die nuwe aarde beskrywe. God maak woning by die gesaligdes op die nuwe aarde. Die nuwe Jerusalem wat beskrywe word in Openb. 21:9 — 22:5 moet ons verstaan as 'n beskrywing van die wyse waarop die gelowige toeberei is as 'n woning vir God of as die bruid van Christus.

### *8. Vrae.*

1. Is in die Ou. Testament ook bewyse van die onsterflikheid van die siel en die opstanding van die vlees?
2. Wat word van die gelowige en ongelowige se siel na die dood?
3. Wanneer kom Jesus op die wolke van die hemel?
4. Watter tekens gaan sy koms vooraf ?
5. Wat leer die Bybel van die Antichris?
6. Waar sal die gesaligdes uiteindelik woon? 7. Wat is die tweede dood? (Openb. 20:14, 15).

# DEEL II: ONS BELYDENISSE

## HOOFSTUK 22

## BELYDENISSKRIFTE

### *1. Wat is ons Belydenisskrifte?*

Ons kry hulle agter in ons Psalmboek. Ons noem hulle die "Drie Formuliere van Eenheid". Dit is maar 'n ou klein boekie van 100 bladsye, maar is vir ons baie kosbaar. Dit is vir ons nie so kosbaar as die Bybel nie, wat alleen die onfeilbare Woord van God is. Ons Belydenisskrifte is egter juis só belangrik omdat dit die Bybel onvoorwaardelik aanvaar en bely as die Woord van God. Daarin is immers die waarhede uit die Woord van God saamgevat en uiteengesit.

Die drie Formuliere van Eenheid is:

a. Die Nederlandse Geloofsbelydenis.

b. Die Heidelbergse Kategismus.

c. Die Dordtse Leerreëls.

Dit noem ons die "besondere" Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerk.

By hierdie drie is drie ander veel ouer Belydenisskrifte ingesluit Hulle is die "algemene" Belydenisskrifte.

a. Die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels).

b. Die Geloofsbelydenis van Nicéa.

c. Die Geloofsbelydenis van Athanasius.

Ons gaan nou iets vertel van hierdie Belydenisskrifte. Ons hoop dat dit daartoe sal bydra dat julle ook sal besef hoe kosbaar en belangrik hulle is.

### *2. Is belydenisskrifte nodig?*

Sommige rigtinge verwerp alle belydenisskrifte.

Hulle sê die Bybel is genoeg. Andere sê weer dat ons Gereformeerdes te veel waarde heg aan die belydenisskrifte. Hulle noem dit 'n "papierpous" en sê dat ons dit hoër stel as die Bybel. Dit is egter opmerklik dat mense en strominge wat fout vind met die Bybel self, ook nie die belydenisskrifte verdra nie. Die groot, rede daarvoor is juis omdat ons belydenis dit só sterk bely dat die Bybel die Woord van God is. Ons vertrou ons belydenisskrifte en onderwerp ons heelhartig aan hulle gesag. Die jongste van hulle bestaan al vir meer as 350 jaar, en die oudste is al 1500 jaar of meer in gebruik en deur al die eeue heen het nog niemand uit die Bybel bewys dat hulle foute of dwalinge bevat nie. Laat die mense eers met die bewyse kom dat hulle verkeerd is, dan kan ons gesels. Intussen dank ons die Here vir hierdie kosbare erfenis.

### *3. Die belydenis is die hand van eenheid tussen die gelowiges.*

Ons moet bely wat ons glo: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is". Dit sê die Here Jesus in Matth. 10:32. In ons belydenis verklaar ons dat ons aan die Here behoort. Ons is sy "getuies" op aarde. Jy lê rekenskap af van wat jy glo. Jy bely die Christus van die Skrifte. Jy bely ook sy toekoms — naamlik dat Hy alle mag in hemel en op aarde besit en weer sal kom op die wolke van die hemel. Dit is die belydenis van die kerk van alle eeue en jy word opgeroep om saam met die kerk te bely. Jy doen dit in gemeenskap met die kerk, omdat die belofte van die Heilige Gees aan die kerk gegee is. Die kerk druk sy belydenis uit in belydenisskrifte wat jy dan moet ken en saam bely omdat jy deel van die kerk van Christus is. *Daarom sê ons dat die belydenis die hand van eenheid tussen die gelowiges* is. (Formuliere van

eenheid).

### *4. Die belydenis is onvolkome, maar vas en seker.*

Paulus sê in 1 Kor. 13 dat ons ten dele ken en nou deur 'n spieël in 'n raaisel sien. Dit wil egter nie sê dat ons belydenis onseker Is nie. Dieselfde Paulus verklaar Immers ook in Rom. 8:38, 39: "Want ek is *versekerd* dat geen dood of lewe... ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie". Daarom bely ons van harte saam met die kerk en trek nie die kerk se belydenis in twyfel voordat uit die Bybel bewys is dat die kerk dwaal in sy belydenis nie.

### *5. Die belydenis is die wapen teen dwalinge.*

Paulus het In sy tyd alreeds te kampe gehad met dwaalleraars. Hulle het ook met die Bybel (die Ou Testament) gekom en tekste aangehaal. Teenoor hul sê Paulus: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees" (Gal. 1:8).

Ons het 'n spreekwoord wat sê: "Elke ketter het sy letter". Dit beteken dat Bybeltekste misbruik kan word om die Bybelse waarheid te verdraai. Daarom dien die belydenisskrifte as 'n wapen teen die "valse evangelie" wat dikwels aan ons opgedis word.

### *6. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

i. Wat sê die Bybel van ons "belydenis" op die volgende plekke: Matt 10:32; Luk. 12:8; Joh. 9:22; Rom. 10:9, 10; Filipp. 2:11; 1 Tim. 2:10; Titus 1:16; 1 Joh. 4:2; Hebr. 4:14.

ii. Wat bely jy wanneer jy belydenis van geloof aflê? (Sien belydenisvrae agter in Psalmboek).

iii. In Hand. 15 word gehandel oor 'n vergadering van ten minste twee kerke: Jerusalem en Antiochië. Waaroor het die vergadering besluit? Sou jy sê dat die gesamentlike uitspraak alreeds 'n "band van eenheid" is, soos ons belydenisskrifte later geword het? (Lees veral Hand. 15:23-29).

iv. Wat is ons "algemene" en wat ons "besondere" belydenisskrifte?

v. Waarom is belydenisskrifte nodig?

vi. Is belydenisskrifte net só gesagvol soos die Bybel?

# HOOFSTUK 23

## DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

### *1. Ons oudste belydenisskrif.*

Spoedig na die dood van die apostels het in die kerk 'n behoefte ontstaan aan 'n belydenis. Hoe kan dit ook anders? Deur die Heilige Gees het ons deel aan die amp as profete sodat ons sy Naam kan bely (Kategismus Sondag 12). Die kerk bely die Naam van' die Here deur Hom aan te roep in ons gebede.; deur te juig saam met die Psalmdigter; deur te vertel van die wondere van God. Hierdie belydenis word ook gemeenskaplik uitgedruk, omdat ons leef in die gemeenskap van die heiliges. Daarom groei uit die ou kerk die Apostoliese Geloofsbelydenis. Die belydenis het stuksgewyse gegroei. Reeds 100-150 n.C. het die begin ontstaan en teen ongeveer 500 was dit voltooi. In die agtste eeu het die kerk dit aanvaar as amptelike belydenisskrif en tot vandag toe word dit nog bely deur die Christelike kerke.

### *2. Hoe het die Twaalf Artikels ontstaan?*

Die Apostoliese Geloofsbelydenis of Twaalf Artikels het gegroei uit die belydenisse in die Bybel. Dink aan die volgende: "Jesus die Here..." (1 Kor. 12:3); "Jesus die *Seun van God*..." (1 Joh. 4:15). Dit kom ook voort uit die nadere beskrywing van *sy ampte* (Profeet, Priester en Koning — Sondag 12 Kat.) en ook sy staat van vernedering en verhoging (Rom. 1:3, 4; Fil. 2:5-11). Die belydenis het egter in besonder gegroei uit die doopbevel en apostoliese seën. Die doopbevel is: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die *Vader* en die *Seun en* die *Heilige Gees"* (Matth. 28:19).

Die apostoliese seën is: "Die genade van die *Here Jesus Christus* en die liefde van *God* en die gemeenskap van die *Heilige Gees* sy met julle almal"' (2 Kor. 13:13). In altwee hierdie uitsprake gaan dit om die belydenis van die Drie-enige God: Die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Rondom die belydenis van die Drie-eenheid het die Apostoliese Geloofsbelydenis ontstaan (Kat. Sondag 8). Die kerk het net meer besonderhede gegee oor *wat* hy glo van die *Vader,* die *Seun* en die *Heilige Gees.*

### *3. Waarom het die belydenis nodig geword?*

In die ontstaan van hierdie belydenis sien ons baie duidelik hoe die Heilige Gees die kerk van die Here Jesus gelei het, sodat die kerk in eenheid bewaar kon bly en teen al die dwalinge die suiwere leer van die Bybel kon handhaaf. Dit is immers die twee hoofredes waarom 'n belydenis vir die kerk noodsaaklik is: Dit is die *hand van die eenheid* en dit is die *belydenis van die waarheid teenoor die dwalinge.*

### *4. Eenheid en waarheid.*

Ons glo dat die kerk van die Here 'n *eenheid* is, maar dit is 'n "onsigbare" eenheid. Dit is die eenheid in Christus ons Hoof — die kerk is sy liggaam. Vanaf die vroegste tyd was dit 'n stryd vir die kerk om *een* te bly. Die moeilikheid is dat' almal wat aan die kerk behoort nie altyd eners dink nie. Dit is begryplik en sou geen probleem wees as dit nie soms gegaan het om 'ernstige sake nie. Daarom is dit só nodig dat die kerk 'n belydenis van die waarheid het, sodat almal wat die belydenis aanvaar *een* kan 'bly, maar dan op die grondslag van die *waarheid.* Dit was reeds noodsaaklik in die ou Christelike kerk.

### *5. Wie het by die ou Christelike kerk aangesluit*

Die gelowiges van die eerste Christelike gemeentes het gekom uit twee hoofgroepe van mense, naamlik Jode en heidene. Dit is normaalweg mense wat vroeër op godsdienstige gebied hemelsbreed verskil het. Die Jode het die heidene selfs as onrein beskou en glad nie in hulle huise gekom nie. Toe die twee groepe saamkom in die Christelike kerk, is dit begryplik dat hulle sou verskil en soms selfs teen mekaar stry. So moes Paulus hard veg teen die dwalinge van die sogenaamde *Judaïste.* Hulle was gelowiges uit die Jode wat

nog bly vashou het aan die Joodse wette en seremonies — veral die besnydenis. Daarom het hulle geëis dat die gelowiges uit die heidene ook besny moet word. Aan die ander kant het die gelowiges uit die heidene nie alleen opgegroei met allerlei bygelowe en heidense gebruike nie, maar daar was onder hulle mense wat baie sterk onder die indruk was van die leer van die ou Griekse "wysgere". Hierdie mense het veral die "wete" of verstand benadruk en selfs die geloof in die Here as van minder belang beskou. Onder hulle is bekend veral die mense wat "Gnostici" genoem is (dit beteken eintlik: "hulle wat weet"). Die apostel Johannes moes hierdie dwaling alreeds bestry in sy evangelie en briewe. Daarom is dit só goed dat die Here dit beskik het dat die belydenis so spoedig ontstaan het. Nou het almal wat by die kerk aansluit presies geweet wat die groot waarhede is wat die Christelike kerk bely.

### *6. Die Apostoliese Geloofsbelydenis is van groot waarde.*

Dr. B. Wielenga noem hierdie belydenis: "'n Belydeniswonder, waaroor ons ons nie genoeg kan verbaas en verbly nie". Dit word nou in die wêreld die "simbool" (vaandel of vlag) of onderskeidingsteken vir die Christelike kerk. Dit sluit die mense uit wat afdwaal uit die kerk, maar bind ook die kerk saam in 'n kragtige eenheid. Elke ware gelowige kon nou onomwonde vir homself en die wêreld duidelik sê wat hy bely.

### *7. Hoofinhoud van die Apostoliese Geloofsbelydenis.*

Pragtig word die hoofinhoud van hierdie kort maar kosbare belydenis saamgevat deur ons Kategismus in Sondag 8: "Hierdie artikels word verdeel in drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede, oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking". Die Kategismus gaan dan voort om verder die artikels een-vir-een te verklaar.

### *8. Vrae:*

(Beantwoord skriftelik).

i. Wat is ons oudste belydenisskrif ?

ii. Rondom watter twee Bybeluitsprake het, die belydenis in besonder gegroei?

iii. Noem twee redes waarom die Apostoliese Geloofsbelydenis nodig was om dwalinge te bestry?

iv. Hoe word die belydenis verdeel? (Kategismus Sondag 8).

v. Waarom lees ons die belydenis elke Sondag in die kerk?

vi. Sou daar 'n bepaalde rede wees waarom ons opstaan wanneer die belydenis gelees word?

vii. Sou dit gepas wees om in 'n "gebedshouding" (bv. met geslote. oë) te staan wanneer die belydenis gelees word?

# HOOFSTUK 24

## DIE GELOOPSBELYDENIS VAN NICÉA

### *1. Waarom was 'n belydenisskrif weer nodig?*

Ons sal telkens sien dat die belydenisskrif te ontstaan uit stryd in die boesem van die kerk. Die kerk bestaan immers uit onvolmaakte mense wat in hulle opvattings kan afdwaal van die Bybelse waarheid. Daarby 'moet ons nie vergeet dat die duiwel nie slaap nie, maar rondgaan soos 'n brullende leeu. Paulus het alreeds gesê: "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Ef. 6:12). Hierdie worstelstryd teen die bose geeste word dwarsdeur die geskiedenis van die kerk duidelik gesien, Die belydenisskrif te is telkens die antwoord'van die kerk, deur die leiding van die Heilige Gees, teenoor die dwaalgeeste. So is die belofte van die Here Jesus bewaarheid: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei" (Joh. 16:13).

### *2. Arius die presbiter (ouderling) van Alexandrië.*

Arius was vanaf 313 n.C. presbiter in die gemeente van Alexandrië in Egipte. Hy was 'n ernstige man en het probeer om die verhouding tussen God die Vader en God die Seun só te verstaan dat die Seun ondergeskik is aan die Vader en nie van ewigheid af gegenereer is nie. Daar was 'n tyd toe die Seun nie daar was nie, beweer hy. Hy sê dat die Seun eintlik maar die eerste skepsel van die Vader was. Op die Sinode van Alex-andrië in 321 word Arius skuldig bevind aan dwaling en afgesit as presbiter. Ná die sinode gaan die stryd egter voort en baie lidmate en selfs biskoppe kies kant vir Arius. Dit lei tot die sinode van Nicéa in 325 n.C.

### *3. Athanasius die diaken.*

Athanasius was 'n diaken, ook in Alexandrië. Hy was 'n jong man met groot talente. Hy verskyn ook op die Sinode van Nicéa in 325 n.C. Hier het hy as jong en onbekende diaken die stryd aangeknoop teen die dwaal-leer van Arius en sy ondersteuners. Die sinode veroordeel Arius en sy dwalinge en spreek dit uit dat "die Seun uit die Wese van die Vader gebore was en dus nie geskape is nie, en dat Hy in wese gelyk is aan die Vader". Dit word uitgedruk in die "Belydenis van Nicéa".

### *4. Die stryd duur voort.*

Na die Sinode van Nicéa het die stryd oor die leer nog voortgeduur. Die belydenis van Nicéa is selfs deur ander Sinodes verwerp en daar was groot verwarring en stryd in die kerk. Athanasius, wat intussen biskop geword het, is 'n paar keer deur die keiser afgesit en weer herstel. In 336 is Arius oorlede en Athanasius in 373. Eers na Athanasius se dood op die Sinode van Konstantinopel in 381 word die Belydenis van Nicéa bekragtig en as kerklike belydenisskrif aanvaar. Dit is ook tans nog een van die belydenisskrifte van ons kerk.

### *5. Inhoud van hierdie belydenisskrif.*

Hierdie belydenis se inhoud is wesenlik dieselfde as die van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Dit gee alleen 'n duideliker omskrywing van die verhouding tussen God die Vader en die Seun. Luister hoe mooi is dit: "Ek glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge. En in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle eeue; God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader, deur wie alle dinge gemaak is...".

### *6. Onbegryplike belydenis.*

Die Sinode van Nicéa sê hier dinge wat ons nie begryp nie. Dit is egter nie vir ons 'n

probleem nie. Die groot saak is of die belydenis ooreenkom met die waarhede van die Bybel. En dan moet ons dit beaam dat hier duidelik saamgevat is wat die Bybel aan ons sê oor God die Vader en die Seun. Ook wanneer ons Kategismus in Sondag 8 handel oor die Drie-eenheid word dit nie nader verklaar nie, maar alleen bely "omdat God dit só in sy Woord geopenbaar het". Ons glo immers in die Bybel as die onfeilbare Woord van God en ons bely dat God onsienlik en onbegryplik is (Art. 1 N.G.B.).

***7. Vrae.***

(Beantwoord skriftelik).

i. Wat het die Here Jesus belowe i.v.m. die leiding van die Heilige Gees?

ii. Waarom was daar v/eer 'n belydenisskrif nodig?

iii. Wie was Arius en wat was sy dwaling?

iv. Op watter sinode is Arius skuldig gevind aan dwaling en as presbiter afgesit?

v. Wie was Athanasius en wat was sy rol op die sinode van Nicéa? Wanneer is die sinode gehou?

vi. Op watter sinode en wanneer is die belydenis finaal aanvaar?

vii. Hoe verklaar die belydenis die verhouding tussen God die Vader en die Seun?

viii. Begryp jy hierdie belydenis?

# HOOFSTUK 25

## DIE GELOOFSBELYDENIS VAN ATHANASIUS

### *1. Herkoms onseker.*

Die belydenis dra die naam van Athanasius, maar dit is glad nie seker wie dit opgestel het nie. Ons hoor die eerste keer in die geskiedenis daarvan van 'n sekere Cesarius van Arles wat gelewe het vanaf 503—543. Toe het dit dus reeds bestaan en dit is moontlik dat dit in die tyd van Athanasius opgestel is. Dit bevat in elk geval die gedagtes van Athanasius. Dit het ook ontstaan as gevolg van die stryd oor die Drie-eenheid waaruit die Geloofsbelydenis van Nicéa gebore is.

### *2. Die stryd teen patriarg Nestorius.*

Die Sinode van Konstantinopel in 381 het die leer oor die Drie-eenheid in die Belydenis van Nicéa vasgelê. Nestorius, die patriarg van Konstantinopel, het hierna 'n opvatting oor die Goddelike en menslike nature van Christus geleer wat weer 'n groot stryd in die kerk laat ontbrand het. Die Bybel leer naamlik dat Christus een persoon is met twee nature. Hy is die Seun van God en terselfdertyd is Hy ook die Seun van Maria. Ons lees dit bv. duidelik in Luk. 1:35 waar die geboorte van die Here Jesus deur die engel Gabriël aangekondig word. Op Maria se vraag hoe sy 'n kind kan hê aangesien sy geen man het nie, antwoord die engel: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word". Nestorius en geleerdes van sy tyd wil nou graag uitmaak hoe die goddelike en menslike nature in Jesus bestaan het. Nestorius het die twee nature geskeie van mekaar voorgestel, sodat Christus vir hom eintlik twee persone was — 'n God en 'n mens. Dit het weer groot beroering in die kerk veroorsaak. Op die Sinode van Efese in 431 is die leer van Nestorius en sy volgelinge verwerp en hulle is uit die kerk verban. Hulle opvatting het egter voortbestaan in die kerk in Persië, wat hom afgeskei het van die res van die kerk.

### *3. 'n Nuwe stryd teen Eutyches.*

Dit was nou duidelik wat die kerk se standpunt was oor die twee nature van Christus se eenheid, maar hoe ons die eenheid moet verstaan was nog nie duidelik nie. Eutyches was die hoof van 'n klooster in KonstantinopeL Hy leer dat Jesus na sy menswording net een natuur gehad het. Dit beteken dat sy twee nature saam-gesmelt het tot 'n gemengde God-mens natuur. Op die Sinode van Chalcedon in 451 stel Leo die Grote, biskop van Rome voor om dit soos volg te stel: "Ná sy menswording bestaan die eenheid van die persoon (van Christus) in twee nature, wat onvermengd en onveranderd, maar ook ongedeeld en ongeskeie verenig is". Sy voorstel is aanvaar en Eutyches se leer verwerp. So het die kerk ook in sy belydenis sy geloof oor die twee nature van Christus vasgelê.

### *4. Die Belydenis van Athanasius.*

In hierdie tyd het die Belydenis van Athanasius ontstaan. Dit is duidelik dat dit gegroei het uit die stryd om die Drie-eenheid en die twee nature van Christus.

Daar is in die stryd veel gesondig, maar 'n mens sien duidelik in die Belydenis van Athanasius weer die leiding van die Heilige Gees. Die kerk het in die belydenis die suiwere spoor behou. Dit is ook goed dat Athanasius se naam hieraan verbind is, want in die belydenis vind ons die neerslag van wat hy met soveel besieling verkondig het en waarvoor hy ook vervolg is. Hy is 'n paar keer uit die amp as biskop afgesit en selfs verban. Die hele belydenis handel oor die Drie-eenheid. Die eerste deel is gewy aan die Vader, Seun en Heilige Gees en die tweede deel aan die twee nature van die Seun.

### *5. Die Drie-eenheid.*

Dit is opmerklik dat al drie die ou belydenisse: Die Apostoliese Geloofsbelydenis; die

Belydenis van Nicéa en die Belydenis van Athanasius so sterk saamgetrek is om die belydenis van God Drie-enig. Dit is immers die hart van ons algemene geloof. Daarom kan die Geloofsbelydenis van Athanasius begin met die woorde: "Elk-een wat wil salig word, vir hom is voor alle dinge nodig dat hy die algemene geloof moet hou; en die een wat dit nie geheel-en-al en ongeskonde bewaar nie, hy sal onge-twyfeld ewiglik verlore gaan . . . "

### *6. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

i. Wie was Athanasius en wat was sy aandeel in die totstandkoming van die belydenis van Nicéa? (Sien vorige hoofstuk),

ii. Wie het die sg. belydenis van Athanasius opgestel?

iii. Waaroor het die stryd voortgeduur na die sinode van Konstantinopel in 381?

iv. Wat was Nestorius se dwaling?

v. Wat leer ons uit die Bybel oor die Vader en moeder van Jesus? (Lukas 1 vanaf vers 35).

vi. Hoe het Nestorius die Goddelike en menslike nature in Christus verklaar?

vii. Wat was die standpunt van Eutyches oor die twee nature van Christus?

viii. Wat het die Sinode van Chalcedon in 451 hieroor besluit?

ix. Kan jy verklaar waarom hierdie belydenis die "belydenis van Athanasius" genoem word?

# HOOFSTUK 26

## DIE HERVORMING

### *1. Ontrou aan die Woord.*

Ons het nou reeds gehandel oor die drie oudste belydenisskrifte van die Christelike kerk. Voordat daar weer belydenisskrifte tot stand kom, het eeue verloop. Daar het ook groot veranderings in die kerk plaas-gevind. Ons gaan nie op al die veranderings in nie. Dit vind ons in kerkgeskiedenisboeke. Vir ons is dit net nodig om te weet dat die kerk wegbeweeg het van die grondslag van die Woord van die Here. Baie veranderinge op elke gebied het ingetree, sodat die kerk byna nie meer as kerk van Christus herken kon word nie. Dit het nie meer in die eerste plek die evangelie verkondig nie, maar 'n instelling geword wat sogenaamd genade uitdeel, veral deur middel van die sakramente. Van die kerk het die pous van Rome die volstrekte hoof geword en sy verklarings is van net soveel waarde as die uit-sprake van die Bybel beskou. Dit het uiteindelik daar-toe gelei dat mense wat die Bybel alleen as reël vir leer en lewe beskou, teen die kerk in opstand gekom het. So kom ons dan by die Hervorming van die 16de eeu.

### *2. Protestantse Kerke ontstaan.*

Die aanvangsdatum van die Hervorming stel ons gewoonlik op 31 Oktober 1517. Op die besondere dag het Maarten Luther sy 95 stellinge teen die "aflaat" op die kerkdeur van Wittenberg gespyker. Die daad van Luther kan met reg genoem word 'n "Belydenisdaad". Hy het die waarhede van die Bybel bely teenoor die dwalinge van die Roomse Kerk. Die Hervorming het soos 'n veldbrand oor Europa versprei en duisende lid-mate het hulle afgeskei van die Roomse Kerk. Baie mense is ter wille van hulle belydenis vervolg en doodgemaak. Daar het selfs godsdiensoorloë ontstaan. Dit het egter nie die ywer geblus nie, maar eerder aangewakker. So het nuwe kerke ontstaan, wat "Protestantse Kerke" genoem is, omdat hulle teen die dwalinge van Rome geprotesteer het. Hierdie Protestantse Kerke het oor een saak saamgestem, naamlik dat die Woord van God vir die Christen die enigste reël vir leer en lewe is. Maar daar was, helaas, ook groot verskille tussen hulle onderling. Daar was hoofsaaklik twee hoofgroepe onder hulle: Luther se en Calvinistiese Kerke. Die Lutherse Kerke het hoofsaaklik in Duitsland bly voortbestaan en die Calvinistiese Kerke het ontstaan in Frankryk, Switserland (waar Calvyn self gewoon en gewerk het), die Nederlande, Engeland en Skotland.

### *3. Nuwe Belydenisskrifte ontstaan.*

Ons het alreeds gesien dat belydenisskrifte hoofsaaklik om twee redes nodig is: Dit is die band van eenheid tussen die gelowiges en dit is 'n middel om die kerk se standpunt teenoor dwalinge uit te druk. Ons kan dus begryp dat al die nuwe kerke moes uitmaak waar elkeen staan. Tot dusver was daar net die *algemene* belydenisskrifte naamlik: Die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicéa en die Belydenis van Athanasius. Al die nuwe kerke het hierdie belydenisskrifte van harte onderskrywe. Daar is egter nou veel meer sake van groot belang waaroor die kerke hulle opvattings in belydenisse moes uitdruk. In die tyd van die Hervorming was belydenisskrifte ook nodig om die geloof van die Protestante te verdedig teen die aanvalle van die Roomse Kerk en die laster teen hulle by konings en keisers en ander regeerders. Hulle is naamlik van allerlei vreeslike dwalinge beskuldig en hulle moes hulleself daarteen verdedig (dit was bv. een rede waar-om Guido de Brès die Nederlandse Geloofsbelydenis saamgestel het. Hy het dit gerig tot koning Philips II van Spanje wat die Protestante in Nederland bloedig beveg het... Hieroor later meer).

### *4. Algemene en besondere belydenisskrifte.*

Ons onderskei nou tussen *algemene* en *besondere* belydenisskrifte. Ons weet nou al wat die algemene belydenisskrifte is. Dit is die belydenisse van alle kerke —Roomse en Protestantse oor die hele wêreld. Dit is die Apostoliese Geloofsbelydenis, die belydenisse

van Nicéa en Athanasius. In die tyd van die Hervorming kom nou by die "besondere" belydenisskrifte. Al die kerke in die verskillende lande het hulle eie belydenisskrifte opgestel. Ons voorouers kom hoofsaaklik van Nederland. Daarom kom ook die belydenisskrifte van die drie Afrikaanse Kerke (wat oorspronklik maar één Gereformeerde Kerk was) van die Gereformeerde Kerke uit Nederland. Hulle is die "Drie Formuliere van Eenheid" waarby ons nou verder wil stilstaan. Hulle is ons kerk se *besondere* belydenisskrifte.

### *5. Iets meer oor Roomse dwalinge.*

In par. 1 hierbo het ons enkele Roomse afwykinge genoem, wat tot die groot kerkhervorming in die 16de eeu gelei het. Ons wil graag iets meer daaroor sê, veral om aan te toon waarom nuwe belydenisskrifte nodig was teenoor al die dwalinge.

a. *Sakramente:* Die Bybel ken alleen 2 sakramente: die doop en nagmaal, maar Rome het sewe: Die doop, nagmaal of "heilige mis" soos hulle dit noem, vormsel ('n soort inseëning van jong lidmate), priesterwyding, huwelik, bieg en laaste oliesel (die priester salf 'n sterwende vir laas met olie om hom te help op weg na die hemel). Al die sakramente beskou die Roomse kerk as middele waardeur die kerk genade aan sy lidmate uitdeel. Afgesien van die aantal, het Rome ook geheel afwykende opvattinge oor die doop en die nagmaal. Volgens hulle was die doop self die sonde af en met die nagmaal offer die priester Christus elke dag opnuut — en daarsonder het ons geen deel aan Christus nie.

b. *Die prediking van die Bybel* het heeltemal op die agtergrond geraak. Die kerktaal was Latyn en kennis van die Bybel was nie noodsaaklik nie, want die kerk deel die genade uit deur die sakramente.

c. *Verering van heiliges en beeldediens:* Christus self word op die agtergrond geskuif ten gunste van Maria en 'n menigte heiliges, wat as tussengangers tussen Christus en die gemeente optree. Van die heiliges is ook beelde gemaak, waarvoor mense neerkniel.

d. *Allerlei dwalinge en bygelowe* het in die kerk posgevat.

e. *Die Pous van Rome* is beskou as die plaasvervanger van Christus op aarde. Hy is die opvolger van Petrus, wat hulle beskou as die eerste biskop van Rome. As die Pous 'n amptelike verklaring doen — uit die stoel van Petrus — dan is dit net so bindend as 'n uitspraak in die Bybel.

f. *Die Roomse Kerk is die alleensaligmakende kerk.* Buite die Roomse kerk is jy los van die Pous en die sakramente en kan jy geen genade kry nie . . .

g. *Die Vagevuur:* Die Roomse kerk het die wonderlike leer ontwikkel dat 'n mens na jou dood in 'n soort louteringsvuur kan beland, voordat jy in die hemel kom.

h. *Die Aflaat:* Die aflaat staan i.v.m. die feit dat Rome sê dat sy priesters *mense* se sondes kan vergewe — wat God alleen kan doen. Hierby leer hulle dan dat die kerk aan iemand 'n brief kan gee, waarin hulle verklaar dat sy sonde vergewe is. Dit noem hulle aflaatbriewe. (Die verkoop van aflaatbriewe het juis vir Maarten Luther daartoe gebring om tot die hervormingsdaad oor te gaan op 31 Oktober 1517).

### *6. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

i. Beskryf kortliks die dwalinge in die Roomse kerk wat gelei het tot die Hervorming?

ii. Wanneer het die eintlike Hervorming begin en deur wie?

iii. Wat is fondament waarop die Protestantse kerke gebou is?

iv. Watter hervormer is die eintlike stigter van die Gereformeerde kerke?

v. Watter boek het hierdie hervormer geskrywe wat ons feitlik kan beskou as die

voorloper van die Gereformeerde belydenisskrifte?

vi. In watter lande het die Gereformeerde kerke die meeste ontstaan.

vii. Waarom het daar nou weer nuwe belydenisskrifte ontstaan?

viii. Wat is die besondere belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke?

# HOOFSTUK 27

## DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

### *1. Die grondlegger Johannes Calvyn*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is deur en deur 'n "Calvinistiese" belydenis. Daarom moet ons ook iets weet van Calvyn. Naas Maarten Luther was Calvyn die grootste kerkhervormer. Hierdie geleerde Fransman het reeds vroeg in sy lewe met die geskrifte van Luther kennis gemaak en 'n Protestant geword. In 1533 moes hy uit Parys vlug — hy was toe 24 jaar oud — en vestig hom in 1536 in Genève in Switserland, waar hy sy lewenswerk verrig het. Hy is in 1564 in Genève oorlede. Calvyn was 'n begaafde en geleerde man wat baie hard gewerk het. By sy gewone predikantswerk het hy ook opgetree as "professor" en talle predikante van oor die hele Europa opgelei. Hy het ook baie geskrywe. Hy is egter veral bekend as die skrywer van een boek: "Onderwysing in die Christelike Godsdiens" of sy bekende "Institusie".

### *2. Institusie die eerste "Geref. Belydenisskrif'.*

Koning Frans I van Frankryk het die Protestante in Frankryk vervolg en voorgegee dat hy dit doen omdat hulle anabaptiste en oproermakers is. Calvyn skryf daarop die Institusie op 27-jarige ouderdom om te pro-testeer teen die voorwendsels van Frans I. Hierin werk hy in breë trekke die belydenis van die Hervorming uit soos hy dit sien. Hierdie boekie was aan die begin maar klein, maar vir die Protestante van baie groot waarde. Hoewel dit later by herdrukke altyd groter geword het, omdat Calvyn dit altyd bygewerk het, bly dit die grond-slag van alle Gereformeerde belydenisskrifte. (Die Protestante wat Calvyn se standpunte onderskryf het, word "Gereformeerdes" genoem om hulle te onderskei van die Lutherane),

### *3. Die Hervorming in Nederland.*

Tussen 1540 en 1550 groei die aanhangers van Calvyn vinnig aan in Nederland. Omdat die Roomse owerheid elke teken van die Protestantse geloof egter swaar gestraf het, het die eerste Gereformeerde Kerke buite Nederland as Nederlandse vlugtelingkerke ontstaan. In Londen was daar so 'n gemeente met Johannes á Lasco, 'n leerling van Calvyn, as predikant. In die Palz in Duitsland was Petrus Datheen, ook 'n Calvinis, die predikant van die Nederlandse vlugtelingkerk. Maar tussen 1550 en 1566 word ook in Nederland self, veral in die Suide, sg. kerke "onder die kruis" gestig. Daar het o.a. as predikant gewerk Guido de Brès, 'n leerling van á Lasco en Calvyn. Hierdie man, wat gedurig onder vervolging moes lewe en werk, het vir ons die kosbare Nederlandse Geloofsbelydenis nagelaat. Hy het dit met goedkeuring van Calvyn in 1561 uitgegee.

### *4. Die Nederlandse Geloofsbelydenis in bloed gedoop.*

Guido de Brès (sy naam word ook geskryf: "Du Bray") was predikant by verskillende gemeentes "onder die kruis". Nadat hy die geloofsbelydenis uitgegee het, is 'n eksemplaar daarvan in die nag van 1 November 1561 oor die muur van die kasteel van Doornik gegooi, sodat die goewerneur dit aan koning Philips II kon stuur, wat die Gereformeerdes so bloedig vervolg het. Voor in die Belydenis was ook 'n brief wat gerig is aan koning Philips. Die bedoeling was om aan die koning te toon dat die Gereformeerdes geen anabaptiste of oproermakers is nie, maar eenvoudig Skrifgelowiges. Helaas het die smeekbrief geen uitwerking gehad op die vervolgingsug van die koning en die Roomse Kerk nie. De Brès is in 1567 gevange geneem en het die marteldood gesterf in die geloof wat ons belydenis geword het. Op die groot Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618— 1619 is finaal bevestig dat die werk van Guido de Brès, die Nederlandse Geloofsbelydenis, ook bekend as die "Sewe-en-dertig Artikels" een van ons belydenisskrifte moet wees.

### *5. Inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis.*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is die mees om-vangryke geloofsbelydenis wat ons besit. Daarin is ons hele geloofsleer saamgevat. In Art. 1 word bely dat daar 'n enige God is. Art. 2-7 handel oor die Heilige Skrif as die Woord van God. Hoe treffend staan dit in Art. 5: "En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is . . ." Geloof in die Woord van God wat die laaste woord spreek op elke lewensterrein, is die fondament van die leer van die Gereformeerde Kerke. Art. 8-11 handel oor God Drie-enig — dit was nodig om, ondanks die belydenis van Nicéa en Athanasius, weer hierdie waarhede uiteen te sit, omdat intussen nuwe dwalinge verskyn het, maar om ook te toon dat die Gereformeerdes vashou aan die suiwer Bybelse leer oor die geheimenis van die Drie-eenheid.

In art. 12, 13 word gehandel oor die skepping en voorsienigheid van God. Art. 14-17 bely die Bybelse opvatting oor sondeval, erfsonde, uitverkiesing en verlossing. Art. 18-23 handel oor Christus en sy verlossingswerk. In art. 24 hoor ons van die heiligmaking en die goeie werke en in art. 25 oor die afskaffing van die Ou Testamentiese seremoniële wette, terwyl art. 26 spreek oor die enige voorbidding van Christus. Vanaf art. 27-32 gaan dit om die belydenis van die kerk, sy ampsdraers en tug. By art. 33 begin ons belydenis oor die sakramente (die Doop en Nagmaal), Art. 36 bespreek die roeping van owerheid en art. 37 die laaste oordeel.

### *6. Slotopmerkinge,*

Ons bedoeling is nie om die belydenis in besonderhede te bespreek nie. Ons wil maar net op 'n paar groot beginsels die aandag vestig waarop ons belydenis staan of val:

a. Die Bybel is die onfeilbare Woord van God.

b. God is soewerein en het volle heerskappy op elke terrein van die lewe; ook wat die verlossing van die mens aanbetref hang dit geheel van sy vrymagtige genade af,

### *7. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

i. Waarom noem ons die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n "Calvinistiese" belydenis-skrif?

ii. Uit hoeveel artikels bestaan die Nederlandse Geloofsbelydenis ?

iii. Beskryf kortliks wat jy weet van die opsteller van die belydenis. (Meer inligting kan verkry word uit die kerkgeskiedenisboeke van proff. S. du Toit en B. Spoelstra).

iv. Hoe weet jy dat daar 'n God is? (Art. 2).

v. Hoe weet jy dat die Bybel die Woord van God is? (Art. 5).

vi. Hoe weet jy dat God enig is in Wese en tog onderskeie is in drie Persone? (Art. 8, 9).

vii. Wat sê ons belydenis van die heiligmaking en goeie werke? (Art. 24).

viii. Noem die merktekens van die ware kerk? (Art 29).

ix. Wat leer ons belydenis oor die amp van die owerheid? (Art. 36).

# HOOFSTUK 28

## DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

### *1. Frederik III van Heidelberg.*

Die meeste Protestante in Duitsland het aan die Lutherse Kerk behoort. Veral in die beginjare van die Hervorming was daar baie stryd en onenigheid omdat sommige Luther se opvattings oor die Nagmaal gesteun het en andere weer Calvyn se standpunt aanvaar het. Met die vrede van Augsburg in 1648 is ooreengekom dat die staatshoof in elke staat in Duitsland moet bepaal watter godsdiens in sy staat beoefen moet word. Die staatshoof in die Palz, Frederik III was 'n Calvinis. Hy het alreeds op jeugdige ouderdom vervolgings moes verduur vir sy geloofsoortuiging, maar hy kon nie afsien van sy Calvinistiese opvatting te midde van die Lutherse nie. Sommige Lutherane het hom ter wille van sy geloof gehaat, hom in sy werk gehinder en sy lewe moeilik gemaak. Eindelik het Frederik besluit om ook sy mag as staatshoof te gebruik in diens van die koninkryk van die hemele, waartoe hy as staatshoof die reg gehad het.

### *2. 'n Leerboek nodig.*

Frederik se oproepe om verdraagsaamheid het nie gehelp nie. Hy besluit toe om deur 'n ingrypende hervormingsdaad sy volk op die regte spoor te bring en op te bou "in die allerheiligste geloof". Een van die middele wat daartoe moes dien was 'n leerboek. Dit moes dan in die skole vir die kinders gebruik word en ook vir die gemeente om aan hulle die noodsaaklike kennis by te bring,

### *3. Ursinus en Olevianus.*

Dr. B. Wielenga sê van die twee manne, Ursinus en Olevianus, wat deur Frederik aangewys is om die leerboek op te stel: "God het die twee mense as sy werk» tuie beskik, met 'n besondere verskeidenheid en oor-eenstemming van gawes, waarvan in die kerkgeskiedenis nie nog só 'n voorbeeld is nie". Hulle was twee jong manne (Ursinus 28 en Olevianus 26 jaar oud), maar hulle was ryp van gees deur studie en lewenservaring. Altwee was Calviniste — Olevianus het sy opleiding van Calvyn self in Genève ontvang. Hierdie twee manne stel die leerboek op wat ons ken as die "Heidelbergse Kategismus". Heidelberg was naamlik die hoofstad van die Palz waar Frederik gewoon het. Ook ander geleerdes is ingespan om te help. Die teologiese professore van die Universiteit van Heidelberg was behulpsaam en predikante is om raad gevra. Eindelik het die Sinode van die kerk van die Palz die boek onder oë gehad. Die leerboek het algemene goedkeuring en byval gevind by die hele kerk.

### *4. Hoofinhoud van die Kategismus.*

By die opstelling van die Kategismus het Ursinus en Olevianus gebruik gemaak van ander leerboeke wat reeds bestaan het. Ursinus self het vroeër alreeds twee ander leerboeke opgestel. Ook die Kategismus van Calvyn is deur hulle gebruik. Hulle het ook die Kategismus van á Lasco, predikant van die Nederlandse vlugteling-kerk in Londen geraadpleeg. So was daar nog ander Calvinistiese leerboeke wat gebruik is. Ons weet dat die Kategismus uit drie dele bestaan:

1. Die mens se sonde en ellende.
2. Die verlossing van die mens.
3. Die dankbaarheid wat ons aan God vir die verlossing verskuldig is.

In die behandeling van die leerstof is aangesluit by die verklaring van:

a. Die Apostoliese Geloofsbelydenis.
b. Die Sakramente.
c. Die Tien Gebooie.
d. Die Onse Vader.

So is in die boek die hele belydenis van die kerk verklaar.

### *5. Die Kategismus 'n belydenisskrif.*

Dit verbaas ons nie dat hierdie uitnemende leer-boekie een van die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke geword het nie. In Nederland is die leerboek spoedig naas die Nederlandse Geloofsbelydenis as belydenisskrif aanvaar. Reeds die Sinodes van Emden (1571), Dordrecht (1574), Middelburg (1581) en 's-Gravenhage eis dat die Kategismus ook onderteken moet word deur die ampsdraers en dat dit as leerboek in die skole en die kerk gebruik moet word. Die Sinode van Dordrecht 1618-19 het besluit dat dit amptelik een van die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke moet wees.

Hoe belangrik ons kerk hierdie leerboek beskou blyk uit die bepaling van ons kerkorde in Art. 68: "Die dienaars moet op Sondag, gewoonlik in die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer wat in die Heidelbergse Kategismus vervat is, kortliks uitlê, sodat die soveel moontlik jaarliks, volgens die afdelings in die Kategismus self daarvoor gemaak, beëindig kan word".

### *6. Die groot betekenis van die Heidelbergse Kategismus.*

Ons is bevoorreg om 'n leerboek vir ons kinders en gemeentelede te hê wat deur die kerk as só suiwer Bybels beskou word, dat dit ook tot 'n belydenisskrif verklaar is. Dit is vir ons die waarborg dat ons onderrig ontvang in die suiwer Bybelse leer. Dit is jammer dat die Kategismuspreke soms deur ons lidmate as droog en vervelig uitgemaak word. Dit hoef nie so te wees nie. Dit is gewis die een groot rede waarom mense wat gereeld die Kategismusprediking hoor, só goed onderlê is in die Bybelse waarhede. Hulle weet wat dit beteken om Gereformeerd te wees. "Kategismuspreke" is in werklikheid ook maar preke uit die Bybel. Predikers word alleen maar verplig om die hele leer sistematies met die gemeente te behandel.

### *7. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

i. In watter staat (provinsie) van watter land is die stad Heidelberg geleë?
ii. Wie was die staatshoof en hoe het dit gekom dat hy 'n leerboek laat opstel het?
iii. Wie was die opstellers van die Heidelbergse Kategismus?
iv. Watter ander leerboeke is geraadpleeg by die opstel van die Kategismus?
v. Toon aan hoe die hele belydenis van ons kerk in die Kategismus behandel word?
vi. Hoe het dit gekom dat die Kategismus een van ons belydenisskrifte geword het?
vii. Wat verstaan jy onder "kategismusprediking"?
viii. Stel ons die Kategismus dan nie gelyk aan of bokant die Bybel, deur daaruit te preek nie?

# HOOFSTUK 29

## DIE DORDTSE LEERREËLS

### *1. Ons jongste belydenisskrif.*

Die Dordtse Leerreëls is die laaste van die Drie Formuliere van Eenheid. Dit is opgestel deur die Sinode van Dordrecht 1618—19. Dit was weer as gevolg van stryd en beroeringe oor die leer van die Bybel dat hierdie Sinode byeengeroep is en die leerreëls opgestel is as antwoord van die Sinode aan die dwaalleraars. By die belydenis van Nicéa en Athanasius het die stryd gegaan om die Drie-eenheid, maar by Dordrecht was dit oor die leer van die uitverkiesing.

### *2. Die uitverkiesing 'n ou strydpunt.*

Alreeds in die ou Christelike Kerk was die leer van die uitverkiesing 'n strydpunt. In die kerkgeskiedenis maak ons die eerste keer kennis met 'n kragtige kamp-vegter vir die uitverkiesing in Aurelius Augustinus. Hy is gebore in 354 en het eers uitspattig en sondig gelewe. Nadat hy tot bekering gekom het, word hy biskop van Hippo Regius in Noord-Afrika. 'n Sekere Pelagius, 'n monnik uit Brittanje, leer die gedagte dat 'n mens eintlik alleen sy eie verlosser kan wees. Hy meen dat slegs die voorbeeld van jou medemens jou tot sonde verlei. Teenoor hom bely Augustinus die waarheid van die uitverkiesing. Op die Sinode van Efese in 431 is Pelagius se dwaalleer verwerp. Sy opvatting word voort-aan genoem die Pelagianisme. Ongelukkig het later in die Roomse Kerk 'n soort Pelagianisme voortgelewe bv. in die leer van die Roomse Kerk dat 'n mens se goeie werke verdienstelik is.

### *3. Calvyn en die uitverkiesing.*

Calvyn het in sy leer oor die verlossing van die mens by Augustinus aangesluit. Die mense is dood in sonde en misdade en kan alleen daaruit verlos word deur die uitverkiesing in die Here Jesus Christus. God is vrymagtig en die hele verlossing van die mens hang alleen af van sy genade in Jesus. As volgeling van Calvyn bely Guido de Brès hierdie waarheid ook in Art. 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. So gaan ook die Kategismus uit van die gedagte dat 'n mens alleen ver-los word uit genade, sonder enige verdienste van jou kant. Dit was die algemene opvatting van die Gereformeerde Kerke in die tyd van die Hervorming.

### *4. Arminius en Gomarus.*

Onder die Gereformeerdes in Nederland ontstaan teen die einde van die 16de eeu 'n moeilike stryd oor die leer van die uitverkiesing. Arminius was 'n predikant van Amsterdam vanaf 1538 en vanaf 1662 professor te Leiden. Hy leer sy studente dat die uitverkiesing wel bestaan, maar dat dit gebeur op grond daarvan dat God vooruit sien wie sal glo en dat die geloof nie 'n volstrekte gawe van God alleen is nie. Die mens kan die genade van God aanvaar of weerstaan. Hierdie soort opvatting noem ons die Arminianisme. Toe sy onder-steuners 'n petisie tot die owerheid rig wat hulle 'n "remonstransie" noem word hulle bekend as die "Remonstrante".

Gomarus was ook 'n professor te Leiden en hy was die groot bestryder van Arminius se leer. Hy het die suiwere leer van Calvyn en Augustinus oor die uitverkiesing verdedig. Die ondersteuners van die uitverkiesing het. 'n "kontra-remonstransie" by die owerheid ingedien. Daarom word hulle Kontra-Remonstrante genoem.

### *5. Die Sinode van Dordrecht 1618—19.*

Die kerklike leiers wat Arminius en sy leer weerstaan het, het lank gepoog om 'n nasionale sinode te laat saamroep. Ongelukkig het die owerheid seggenskap gehad in die saamroeping van 'n sinode en die owerheid was aan die begin die Remonstrante goedgesind. Eindelik het die owerheid van sienswyse verander en die Nasionale Sinode kon vergader in Dordrecht in 1618. Daarop was al die kerke in Nederland en selfs

buitelandse kerke bv. uit Engeland, verteenwoordig. Op hierdie Sinode is die leer van die Arminiane of Remonstrante verwerp.

### *6. Die Dordtse Leerreëls.*

Die Remonstrante het in hulle "remonstransie" vyf leerstellinge verdedig. Daarop antwoord die Sinode van Dordrecht in vyf hoofstukke. Daarom lui die opskrif van die Dordtse Leerreëls: "Die beslissing van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat gehou is in Dordrecht in die jare 1618 en 1619 oor die bekende vyf leerstellinge waaroor in die Gereformeerde Kerke van hierdie Verenigde Nederlande verskil ontstaan het".

### *7. Waarom is die leer van die uitverkiesing só belangrik?*

Ek wil op hierdie vraag antwoord deur net 'n paar bewysplekke uit die Bybel te noem. Verwerp ons die uitverkiesing, dan verwerp ons die genade van God in die Here Jesus Christus. Dan gaan dit daarom dat die mens sy eie verlosser moet wees. Dan is ons vir ewig verlore. Luister hierna: "Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Hulle het almal gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Rom. 3:19, 23). Lees nou hierteenoor: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom *uitverkies* het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in lief-de te wees, deurdat Hy ons *voorbeskik* het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, *na die welbehae van sy wil* . . . " (Ef. 1:3-5). En as ons sou sê dat die Bybel ons só herhaaldelik toeroep: "Glo en jy sal gered word ..." is Paulus se antwoord in Ef. 2:8: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: *dit is die gawe van*

*God."* Selfs die geloof is 'n gawe van God. Dit is maar die hand wat die Here ons gee om sy gawes in ontvangs te neem.

### *8. Uitverkiesing ons enigste troos,*

Hoewel ons die uitverkiesing nie kan begryp nie, is dit duidelik die leer van die Bybel. Ons is geroepe om dit te verkondig tot 'n troos vir die gemeente. Daar-sonder het ons geen troos nie, want dan sou ons saligheid van onsself afhang en dan is ons verlore.

### *9. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

i. Watter stryd in die kerk in Nederland het gelei tot die totstandkoming van die Dordtse Leerreëls?

ii. Wat weet jy van die stryd tussen Pelagius en Augustinus?

iii. Wat het Calvyn geleer oor die verlossing van die mens?

iv. Wat leer die Arminiane of Remonstrante i.v.m. die verlossing van die mens?

v. Watter professor het die Bybelse leer van die uitverkiesing verdedig teenoor die Remonstrante?

vi. Op watter Sinode is die dwaalleer van die Remonstrante verwerp?

vii. Waarom is die leer van die uitverkiesing so belangrik?

viii. Maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie? (Kategismus Vraag 64).

ix. Wanneer het die Dordtse Sinode plaasgevind en wanneer het Jan van Riebeeck na die Kaap gekom? Watter godsdienstige opvatting, sou jy dink, het met Jan van Riebeeck aan die Kaap gevestig?

# DEEL III: KERKREGERING

## HOOFSTUK 30

## KERKREGERING

### *1. Wie regeer oor die kerk?*

Hierop het ons alleen een antwoord: Die Here Jesus Christus regeer oor sy kerk. Hy regeer deur sy Woord en Gees. Soos die landsregering wette maak waarvolgens 'n volk regeer word, het Christus ook sy wet, naamlik die Bybel. Daarvolgens regeer Hy oor sy volk. Sy kerk moet lewe volgens sy Woord — ook die kerk as instelling met sy ampte: ouderlinge, diakens en predikante.

### *2. Wie gebruik Christus as ampsdraers op aarde?*

Ouderlinge, diakens en predikante is nie regeerders nie, maar in werklikheid maar staatsamptenare van Koning Jesus. Hy roep hulle tot, of stel hulle aan, in sy diens. Daar is drie ampte in die kerk omdat Jesus self die ampte uitgeoefen het en nog uitoefen. Ons noem dit die profetiese, priesterlike en koninklike amp. In die Kategismus leer ons in Sondag 12 wat die drie ampte is. Kortliks kom dit hierop neer: 'n Koning regeer; 'n priester werk met die offers en 'n profeet ver-kondig die Woord van die Here. In die kerk vervul die ouderlinge die regeer-amp; die diakens die priester amp, want hulle werk met die offers, en die predikante die profetiese amp, omdat hulle die Woord moet verkondig. (Die predikante was oorspronklik in die Bybel ook maar ouderlinge wat, soos Paulus sê, gearbei het in die Woord en leer. Daarom is hulle nog steeds saam met die ouderlinge ook betrek in die regeeramp.)

### *3. Waarom het ons 'n Kerkorde?*

Die kerkorde wil die orde en reël vir die kerklike lewe bepaal. Dit is nie 'n "kerkwet" nie, want Christus het aan die kerk sy wet gegee in sy Woord. Die kerkorde gee nou aan ons reëls en riglyne hoe die kerk, op grond van die Bybel, regeer moet word. Kerke wat die-selfde belydenis besit, moet tog volgens dieselfde orde optree en dit word in die kerkorde aan ons gegee. Die kerkorde wil uitvoering gee aan die bevel in 1 Kor. 14:40; "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan".

Nou begryp ons waarom ons in die Gereformeerde Kerk praat van 'n kerkorde en nie van 'n kerkwet, soos sommige ander kerke nie.

### *4. Die plaaslike kerk ons uitgangspunt.*

Die Gereformeerde Kerk is nie een groot landswye organisasie met 'n hoof, soos die pous nie, of met 'n hoofbestuur, soos 'n moderatuur nie. Ons sinodes of klassisse noem ons meerdere vergaderings, omdat dit byeenkomste is van meer as een kerkraad om oor sake te besluit wat ons gemeenskaplike belange raak. Wanneer die klassis of sinode verdaag, bly alleen die plaaslike kerkrade oor om namens hulle kerk te praat. Eintlik glo ons dat die Woord van die Here in die wêreld moet praat en dan is dit nie nodig dat 'n kerkbestuur namens een of ander kerk verklarings uitreik nie. Ons kerk het geen permanente aardse hoof nie, want Christus is alleen ons Hoof. Wanneer ons die hele kerk in Suid-Afrika wil aandui, praat ons liefs van die Gereformeerde Kerkverband of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

### *5. Jy is lidmaat van die plaaslike kerk.*

Hieroor bestaan baie misverstande by lidmate. Hulle meen dat hulle lede is van die Gereformeerde Kerk en dat hulle dit bly, al trek hulle ook al weg na die gebied van 'n ander gemeente. 'n Lidmaat se attestasie kan nie in een of ander gemeente bly, indien hyself nie meer daar is nie. Hy moet hom voeg by die kerk waar hy woon, anders behoort hy aan geen kerk nie. 'n Attestasie is nie 'n lidmaatskapkaart nie, maar bloot 'n getuienis van een kerkraad aan 'n ander, waarin verklaar word dat 'n persoon 'n lidmaat

van die bepaalde kerk was en hom voorbeeldig gedra het in leer en lewenswandel. Verder word hy opgedra aan die sorg van die kerkraad van die nuwe gemeente. Dit is te begrype dat 'n kerkraad nie só 'n attestasie of getuigskrif kan gee aan iemand wat hulle nie ken nie. As 'n persoon reeds lankal vertrek het en nie attestasie aangevra het nie, kan die kerkraad alleen verklaar dat hy wel aan die gemeente behoort het, maar dat hulle geen getuienis oor sy leer en lewe kan gee nie. Sorg dat jy jou attestasie saamneem indien jy vertrek na 'n ander gemeente.

### *6. Die plaaslike kerke vorm 'n kerkverband.*

Waar gelowiges is, is die kerk. Hulle vergader en kies ampsdraers. Daarmee roep die Here mense tot die amp van die regering deur middel van sy gemeente. Die kerkraad regeer dan in die Naam van die Here. Maar nou bestaan daar ook ander kerkrade op ander plekke. Die kerkrade kom dan saam om saam die regering van die kerkverband te behartig. In Hand. 15 lees ons alreeds hoe die kerke van Jerusalem en Antiochië deur middel van afgevaardigdes saam beraadslaag het en besluite geneem het. Die klassis en sinode is dan 'n vergadering van meerdere kerkrade en daar om nie 'n hoëre vergadering nie, maar meerdere vergaderings. Daar is ook nie 'n voortdurende sinode of klassis nie. Sodra hulle sitting verby is, hou hulle op om te bestaan. Alleen die kerkrade bly altyd bestaan. Besluite van die meerdere vergaderings is bindend en kerkrade is verplig om dit te gehoorsaam, tensy hulle kan bewys dat dit in stryd is met die Bybel, die Belydenisskrifte of die Kerkorde. Dan is die aangewese weg om by die meerdere vergaderings beswaar (gravamen) in te dien teen die besluite, waarteen 'n kerkraad of selfs 'n lidmaat beswaar het. Word só 'n besluit dan nie verander nie, moet die kerkraad of lidmaat daarin berus of dan maar uit die kerkverband tree, indien hulle meen dat dit sô ernstig is dat hulle nie kan berus nie.

### *7. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

N.B.: Om die vrae te kan beantwoord het jy 'n "Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in S.A." nodig. Indien jou Pa nie self in die kerkraad is nie, leen dan asseblief een by 'n kerkraadslid.

i. Wat is in hoofsaak die Roomse opvatting van die kerkregering? (Raadpleeg "Inleiding" v.d. K.O.). Toon ook aan wat ons Geref. standpunt teenoor Rome is.

ii. In die inleiding word ook gehandel oor die Duitse opvatting van "landskerke". Bespreek ook dit.

iii. Is jy 'n lid van die plaaslike kerk, die kerkverband of albei? iv. Wat is 'n lidmaat-attestasie?

# HOOFSTUK 31

## MEER OOR DIE KERKREGERING

### *1. Iets oor die kerklike tug.*

Ons kerkorde handel vanaf artikel 71 tot 81 oor die kerklike tug. Die ouderlinge is die wagters oor die gemeente. Die kerklike tug begin egter nie by hulle nie, maar by die lidmate self. Ons moet mekaar as lidmate vriendelik vermaan oor sondes. Luister die lidmaat nie na 'n medegelowige nie, dan moet hy dit aan die kerkraad sê. As hy na die vermaning van die ouderlinge ook nie wil luister nie, word gewoonlik 'n tweede ouderling as getuie meegebring. Wil hy nog nie luister nie, roep die ouderling die hulp van die volle kerkraad in, wat gewoonlik 'n kerkraadkommissie na só 'n lidmaat stuur. As hy volhard in sy sonde, besluit die kerkraad dat hy nie die sakramente, die doop en Nagmaal, mag gebruik nie. Daarna volg die eerste trap van sensuur wat aan die gemeente afgekondig word, sonder dat die naam van só 'n lidmaat vermeld word. Eindelik kom die tweede trap van sensuur, nadat die klassis eers geraadpleeg is. Wanneer die derde trap afgekondig is, volg die afsny-ding van so 'n lidmaat wat volhard in sy sonde. So 'n persoon kan weer opgeneem word as hy bewys dat hy berou het oor sy sonde en nie meer daarin volhard nie.

### *2. Die kerklike tug is 'n liefdesmiddel.*

Ons moet onthou dat kerklike tug nie straf is soos die owerheid 'n misdadiger straf nie. Dit is soos 'n vader wat sy stout kind tugtig om sy stoutigheid te laat staan. Die vader doen dit omdat hy sy kind liefhet en hom wil reghelp. Daarom tree 'n kerkraad nooit haastig op nie, maar bly lankmoedig en geduldig. 'n Lidmaat kom ook nie vir 'n bepaalde tydperk onder tug om sy straf uit te dien nie, maar die tug hou aan totdat hy berou het en tot bekering kom. Die tug gaan ook nie oor geheime sondes nie, want 'n kerkraad kan tog nie in 'n mens se hart sien nie. Dit handel oor openbare sondes waarin volhard word. Sommige mense het die verkeerde opvatting dat 'n persoon wat onder tug is, nie kerk-toe mag kom nie. Die teendeel is juis waar: die kerkraad wil baie graag hê dat só 'n persoon die kerk moet besoek. Die verkondiging van die evangelie kan hom immers help om sy sonde in te sien en tot bekering te kom.

### *3. Iets oor ons kerklike bydraes.*

Kerklike bydraes is dankoffers van die lidmate aan die Here. Ons lewe immers uit sy hand en ons moet ons dank daarvoor aan Hom bewys. Elkeen moet gee namate hy deur die Here geseën word. Ons mag ook nie eiewillig gee, soos ons wil nie, maar soos die Here vra. In die Ou Testament het die Here tiendes vir sy volk gevra. Ons is nou verplig om te gee soos die kerkraad in die Naam van die Here vra. Gewoonlik vra die kerk *nie 'n* tiende van ons inkomste nie. Die kerk kan egter, wanneer dit nodig is vir die onderhoud van die evangelie 'n tiende vra.

Kerklike bydraes is offers aan die Here, daarom is ons geroepe om dit aan Hom te bring. Ons moet dit derhalwe na die kerk bring en nie wag totdat dit opgehaal word nie. Indien die kerkraad egter 'n reëling het, ter wille van die goeie orde, om dit op te haal, moet ons die kerkraadslid nie as 'n bedelaar beskou nie, maar sorg dat ons offers byderhand en gereed is. Daarom moet ons vooraf die gawe vir die Here afsonder en opsy-sit, voordat ons begin om te spandeer. 'n Mens mag nie die gawes van die Here vir jouself hou nie.

### *4. Belydenis van die geloof.*

Ons hoor so dikwels van "aanneme" en "voorstelle". Daar bestaan egter nie so iets in die Gereformeerde Kerk nie. 'n Kind is lankal reeds deur die Here "aangeneem". Daarom het hy die doop, as verbonds-teken ontvang. Dit is die bewys dat die Here hom "aan-geneem" het as sy kind. In die katkisasie word die kinders van die kerk voorberei om voor die gemeente belydenis van geloof af te lê. Dit beteken kortliks maar net die

volgende: Jy, as gedoopte kind, het nou groot geword en jouself rekenskap gegee van die geloof van jou ouers. Daarom kom jy nou na vore en verklaar voor God en sy gemeente: "Ek glo Here". Jy lê só belydenis van geloof af, voor die gemeente. Lees tog maar noukeurig wat daar staan in die vrae waarop jy voor die gemeente "ja" sal antwoord, voordat jy dit waag om voor God en sy gemeente belydenis af te lê.

### *5. Behoort jy aan 'n goeie kerk?*

Mense vra dikwels: wat beteken die kerk vir my en wat doen die kerk vir my? Behoort ek aan 'n goeie kerk? Dit is goed om dit te vra. Ons moet aan 'n goeie kerk behoort, want die Here verwag ook dat die kerk in sy ampte getrou moet wees. Vra maar gerus na die merktekens van die ware kerk, soos die Nederlandse Geloofsbelydenis dit in artikel 29 vereis. Die drie kentekens van die ware kerk is:

a. Die Evangelie van Jesus Christus moet suiwer verkondig word.
b. Die Sakramente, die Doop en Nagmaal, moet bedien word soos die Here dit ingestel het.
c. Die kerklike tug moet getrou en reg toegepas word.

Toets u kerk gerus daaraan en vermaan u kerkraad indien daar afgewyk word van die waarheid. Dank die Here egter ook dat u nog aan 'n kerk behoort wat erns maak met God, sy Woord en die eise daarvan. 'n Mens mag nie sommer net foutvind nie, maar ook as lidmaat met begrip en liefde jou kerk benader.

### *6. Is jy 'n goeie lidmaat van die kerk?*

Die goeie lidmaat van die kerk, ken sy kerk as 'n moeder. Die kerk is immers 'n moeder wat sorg en voed en opvoed. Daarom moet jy jou laat versorg en voed en opvoed. Jy moet gehoorsaam wees aan die Woord wat verkondig word, getrou wees in kerkbywoning en jou offergawes nie terughou nie.

### *7. Vrae.*

(Beantwoord skriftelik).

i. In die inleiding tot die K.O. word ook die "Kollegialistiese; Independentistiese en Presbiteriale" kerkregeringstelsels behandel. Bespreek elkeen kortliks.
ii. Waarom moet die kerk die tug toepas?
iii. Waarom gee ons aan die kerk bydraes?
iv. Wat is die merktekens van die ware kerk?

# LESROOSTER

## KLAS 6A (15 Jaar)

***Handhoeke:*** "Laat My Lammers Wei", ds. M. J. Booyens.
"Ken en Vertrou", dr. G. C. P. van der Vyver en ds. J. J. van der Walt.
"Beknopte Kerkgeskiedenis", dr. B. Spoelstra.
"Vir die Kerkjeug", ds. M. J. Booyens.

N.B. Gebruik vir die Kategismus die "Vereenvoudiging met kort toeligting" (Laat My Lammers Wei — Hfst. 91).

| **Openbaringsgesk. (Vir die Kerkjeug)** | **Inleiding Bybelboeke (Ken en Vertrou)** | **Kategismus (Lammers, hrst. 91)** |
|---|---|---|
| 1. Hoofstuk 1 | Genesis | Sondag 1 |
| 2. Hoofstuk 2 | Levitikus | Sondag 2 |
| 3. Hoofstuk 3 | Exodus | Sondag 3 |
| 4. Hoofstuk 4 | Numeri | Sondag 4 |
| 5. Hoofstuk 5 | Deuternomium | Sondag 5 |
| 6. Hoofstuk 6 | Josua | Sondag 6 |
| 7. Hoofstuk 7 | Rigters | Sondag 7 |
| 8. Hoofstuk 8 | Rut | Sondag 8 |
| 9. Hoofstuk 9 | 1 en 2 Samuel | Sondag 9 |
| 10. Hoofstuk 10 | 1 en 2 Kon. | Sondag 10 |
| 11. Hoofstuk 11 | 1 en 2 Kron. | Sondag 11 |
| 12. Hoofstuk 12 | Esra | Sondag 12 Vraag 31: a, b, c, d |
| 13. Hoofstuk 13 | Nehemia | Sondag 12 |
| 14. Hoofstuk 14 | Ester | Sondag 13 |
| 15. Hoofstuk 15 | Job | Sondag 14 |
| 16. Hoofstuk 16 | Psalms | Sondag 15, Vraag 37: a, b,c. |
| 17. Hoofstuk 17 | Spreuke | Sondag 15, Vraag 38, 39 |
| 18. Hoofstuk 18 | Prediker | Sondag 16, Vraag 40, 41, 42 |
| 19. Hoofstuk 19 | Hooglied | Sondag 16, Vraag 43, 44 a, b. |
| 20. Hoofstuk 20 | Jesaja | Sondag 18, Vraag 46, 47 |

**"Beknopte Kerkgeskiedenis", dr. B. Spoelstra.**

| | | |
|---|---|---|
| 21. Hoofstuk 1 | Jeremia | Sondag 18, Vraag 48, 49 |
| 22. Hoofstuk 2 | Klaagliedere | Sondag 19 |
| 23. Hoofstuk 3 | Esegiël | Sondag 20 |
| 24. Hoofstuk 4 | Daniël | Sondag 21 |
| 25. Hoofstuk 5 | Hosea | Sondag 22 |
| 26. Hoofstuk 6 | Joël | Sondag 23, Vraag 59, 60 a, b. |
| 27. Hoofstuk 7 | Amos | Sondag 23, Vraag 60 c, 61 |
| 28. Hoofstuk 8 | Obadja | Sondag 24 |
| 29. Hoofstuk 9 | Jona | Sondag 25, Vraag 65: a, b. |
| 30. Hoofstuk 10 | Miga | Sondag 25, Vraag 66-68 |

| | | |
|---|---|---|
| 31. Hoofstuk 11 | Nahum | Sondag 26, Vraag 69: a, b. |
| 32. Hoofstuk 12 | Habakuk | Sondag 26, Vraag 70 a, b. |
| 33. Hoofstuk 13 | Sefanja | Sondag 26, Vraag 71 |
| 34. Hoofstuk 14 | Haggai | Sondag 27 Vraag 72, 73 |
| 35. Hoofstuk 15 | Sagaria | Sondag 27 |
| 36. Hoofstuk 16 | Maleagi | Hersiening Sondag 23, 24 |
| 37. Hoofstuk 17 | | Hersiening Sondag 25, 26 |
| 38. Hoofstuk 18 | | Hersiening Sondag 27 |

## KLAS 6B (16 Jaar)

| **Openbaringsgesk. (Vir die kerkjeug en Lammers Wei)** | **Inleiding Bybelboeke (Ken en Vertrou)** | **Kategismus (Lammers, hrst. 91)** |
|---|---|---|
| 1. Lammers wei - 1, 2<br>NGB Art. 2-5 | Mattheüs | Sondag 28, Vr. 75a,b |
| 2. Kerkjeug - 1 | Markus | Sondag 28, Vr. 76, 77 |
| 3. Lammers wei - 3<br>Kerkjeug - 2 | Lukas | Sondag 29 |
| 4. Lammers wei - 5<br>Kerkjeug - 3 | Johannes | Sondag 30, Vr. 80 a, b, c |
| 5. Lammers wei - 6, 7<br>Kerkjeug - 4 | Handelinge | Sondag 30, Vr. 81. 82 |
| 6. Lammers wei - 7, 8<br>Kerkjeug - 5 | Romeine | Sondag 31, Vr. 83, 84 a, b |
| 7. Lammers wei - 9, 11<br>Kerkjeug - 6 | 1, 2 Korinthiërs | Sondag 31, Vr. 85 a, b |
| 8. Lammers wei - 14, 17<br>Kerkjeug - 7 | Galasiërs | Sondag 32 |
| 9. Lammers wei - 24<br>Kerkjeug - 8 | Efesiërs | Sondag 33, Vr. 88, 89 |
| 10. Lammers wei - 30, 38<br>Kerkjeug - 9 | Filippense | Sondag 33, Vr. 90, 91 |
| 11. Lammers wei - 43, 44<br>Kerkjeug - 10 | Kolossense | Sondag 34, Vr. 92, 93 |
| 12. Lammers wei - 17, 45, 46<br>Kerkjeug - 11 | 1, 2 Thessalonicense | Sondag 34, Vr. 94, 95 |
| 13. Lammers wei - 47, 51<br>Kerkjeug - 12 | 1, 2 Timotheüs | Sondag 35 |

| | | |
|---|---|---|
| 14. Lammers wei - 52, 54<br>Kerkjeug - 13 | Titus | Sondag 36 |
| 15. Lammers wei - 70, 73<br>Kerkjeug - 14<br>Jesaja 53 | Filemon | Sondag 37 |
| 16. Lammers wei - 74, 75, 76<br>Kerkjeug - 15 | Hebreërs | Sondag 38 |
| 17. Lammers wei - 77, 78<br>Kerkjeug - 16 | Jacobus | Sondag 39 |
| 18. Lammers wei - 79, 80<br>Kerkjeug - 17 | 1, 2 Petrus | Sondag 40 |
| 19. Lammers wei - 82, 85<br>Kerkjeug - 18 | 1, 2, 3 Johannes | Sondag 41 |
| 20. Lammers wei - 81, 89<br>Kerkjeug - 19 | Judas | Sondag 42 |
| 21. Lammers wei - 90<br>Kerkjeug - 20 | Openbaring | Sondag 43 |

**Dordtse Leerreëls**

**Dr. G.C.P. van der Vyver**

| **Kerkgesk. B. Spoelstra** | **Ken en Vertrou** | **Kategismus** |
|---|---|---|
| 22. Hoofstuk 12 | Les 7 | Sondag 44 |
| 23. Hoofstuk 13 | Les 8 | Sondag 45 |
| 24. Hoofstuk 14 | Les 9 | Sondag 46 |
| 25. Hoofstuk 15 | Les 10 | Sondag 47 |
| 26. Hoofstuk 16 | Les 11 | Sondag 48 |
| 27. Hoofstuk 17 | Les 12 | Sondag 49 |
| 28. Hoofstuk 18 | Les 13 | Sondag 50 |
| 29. Hoofstuk 19 | Les 14 | Sondag 51 |
| 30. Hoofstuk 20 | *Ons belydenisskrifte*<br>(Ken en Vertrou) | Sondag 52 |